

DIE BETEKENISSFEER VAN DIE LEKSIKALE MORFEEM

/-y-r-'-/

IN DIE PROFETIESE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT.

--- <sup>ordina-
tion</sup> F.E. DEIST ---

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Lettere aan die *(D. Litt)*
Universiteit van Stellenbosch. Promotor: Prof. F.C. Fensham.



Stellenbosch,
Maart 1971.

Eksterne Eksaminator: Prof. J.B. van Zijl.

Interne Eksaminator: Dr. P.J. van Zijl.

Bin ich am Ende so beginne ich.

- H. Gunkel.

DANKBETUIGINGS

ברוך אדני יום יום יעמס-לי:

My opregte dank gaan aan die volgende persone vir hulle ohmisbare aandeel in die voltooiing van hierdie studie:

Prof. F.C. Fensham wat as promotor opgetree het en by wie ek Hebreeus van 'āleḥ af aan geleer het.

Prof. J.B. van Zijl van die Universiteit van Port Elizabeth wat as eksterne eksaminator opgetree het, vir sy gedurige belangstelling.

Dr. P.J. van Zijl wat as interne eksaminator opgetree het.

Mnr. W.K. Winckler van die Vakkomitee Algemene Taalwetenskap aan die Universiteit van Port Elizabeth vir sy baie ure van voorligting in die Algemene Taalwetenskap.

Die Universiteit van Port Elizabeth in wie se diens ek hierdie studie voltooi het, veral aan mej. C.J. Malan van die afdeling vir interbiblioteeklenings.

Mev. T.M. Wroth wat onder baie moeilike omstandighede die tikwerk netjies afgehandel het.

My ouers vir hulle gedurige belangstelling en voorbidding.

Veral ook wil ek my dank rig aan my vrou vir haar belangstelling, voorbidding en haar onvermydelike eensaamheid in die tyd waarin die studie afgehandel is.

=====

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	1
Hoofstuk 1: <u>Linguïstiese Uitgangspunte Rondom die Woord en Betekenis</u>	6
1. <u>Taal</u>	6
1.1 Taal en Taaltekens	6
1.1.1 Die Woord as Taalteken	7
1.1.2 Die Morfeem as Taalteken	10
1.1.2.1 Suprasegmentele Morfeme	11
1.1.2.2 Segmentele Morfeme	11
1.1.2.2.1 Diskontinue Segmentele Morfeme	11
1.1.2.2.1.1 Opeenvolgende Diskontinue Segmentele Morfeme	12
1.1.2.2.1.2 Gebroke Diskontinue Segmentele Morfeme .	12
1.1.2.2.2 Kontinue Segmentele Morfeme	12
1.1.2.3 Portmanteau Morfeme	13
1.1.2.4 Wortelmorfeme	13
1.1.2.5 Leksikale Morfeme	13
1.1.2.5.1 Leksikale Morfeme as Homofone	14
2. <u>Betekenis en Betekenisbepaling</u>	15
2.1 Die Teorie van die "Semantiese Veld"	15
2.1.1 Mahr en die SVT	17
2.1.2 Donald en die SVT	20
2.1.3 Samevatting: SVT	21
2.2 Die Bemiddelings- en Semantiese Differensiaal Hipotese	22
2.2.1 Osgood en die Bemiddelings- en Semantiese Differensiaal Hipotese	22
2.3 Linguïstiese Betekenisbepaling	25
2.3.1 Linguïstiese Betekenis en Oppervlaktestrukture	26
2.3.2 Linguïstiese Betekenis en Dieptestrukture	26
2.4 Woordbetekenis en Etimologie	31
2.5 Betekenis en Semantiese Polarisasie	33
2.6 Die Kartering van die Betekenis van Leksikale Morfeme	33
2.6.1 Betekenisbome	33
2.6.2 Komponensiële Analise	34
2.6.3 Ontleding na Subjek - Objek volgens Kontekste .	34
3. <u>Kommunikasie</u>	35

3.1 Geruise uit die Ortografie	36
3.2 Geruise uit die Taalsfeer, Styl en Sintaksis ...	36
3.3 Geruise uit die kultuurgeskiedenis	36
4. <u>Vertaling</u>	37
Hoofstuk 2 <u>$\sqrt{-y-r-!-}$: "Bekommerd/Bang wees."</u>	48
1. <u>Algemeen</u>	48
2. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Verbale Funksie</u>	48
2.1 Die Periode 760 - 725 v.C.	48
2.1.1 Jesaja	48
2.1.2 Samevatting	50
2.2 Die Periode 630 - 605 v.C.	50
2.2.1 Sefanja	50
2.2.2 Jeremia	51
2.2.3 Samevatting	53
2.3 Die Periode 593 - 520 v.C.	53
2.3.1 Esegïel	53
2.3.2 Jesaja II	54
2.3.3 Haggai	59
2.3.4 Sagarja I	59
2.3.5 Samevatting	60
2.4 Die Periode 400 v.C.+	60
3. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Verbale Funksie (vervolg)</u>	61
3.1 Die Periode 760 - 725 v.C.	61
3.1.1 Amos	61
3.2 Die Periode 630 - 605 v.C.	61
3.2.1 Sefanja	61
3.2.2 Jeremia	61
3.2.3 Habakkuk	62
3.2.4 Samevatting	63
3.3 Die Periode 593 - 520 v.C.	63
3.3.1 Esegïel	63
3.3.2 Jesaja II	64
3.3.3 Jesaja III	64
3.3.4 Samevatting	65
3.4 Die Periode 465 v.C.+	65
3.4.1 Sagarja II	65
3.5 Die Periode 400 v.C.+	65

3.5.1 Jona	65
4. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Adjektiewe Funksie</u>	65
4.1 Die Periode 760 - 725 v.C.	66
4.1.1 Jesaja	66
4.2 Die Periode 630 - 605 v.C.	66
4.2.1 Habakkuk	66
4.3 Samevatting	66
5. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Nominale Funksie</u>	66
5.1 Die Periode 760 - 725 v.C.	66
5.1.1 Jesaja	66
5.2 Die Periode 630 - 605 v.C.	67
5.2.1 Esegïel	67
5.2.2 Jeremia	67
5.3 Samevatting	67
6. <u>Algemene Samevatting van Hoofstuk 2</u>	68
6.2 Kultuur-historiese Evaluering	68
<u>Hoofstuk 3: $\sqrt{-y-r-!-}$: "ontsag/ontsien"; "eer/eer bewys"</u>	84
1. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Verbale Funksie</u>	84
1.1 Die Periode 760 - 725 v.C.	84
1.1.1 Hosea	84
1.1.2 Jesaja	84
1.1.3 Miga	85
1.1.4 Samevatting	86
1.2 Die Periode 630 - 605	86
1.2.1 Sefanja	86
1.2.2 Jeremia	87
1.2.3 Samevatting	91
1.3 Die Periode 593 - 520 v.C.	91
1.3.1 Haggai	91
1.4 Die Periode 465 v.C.+	92
1.4.1 Maleagi	92
1.5 Die Periode 400 v.C.+	92
1.5.1 Jona	92
1.6 Samevatting	92
2. <u>$\sqrt{-y-r-!-}$ in Nominale Funksie ($\overline{\text{ןן}7'}$)</u>	93
2.1 Die periode 760 - 725 v.C.	93

2.1.1	Jesaja	93
2.1.2	Samevatting	98
2.2	Die Periode 630 - 605 v.C.	98
2.2.1	Jeremia	98
2.3	Die Periode 593 - 520 v.C.	99
2.3.1	Jesaja III	99
2.4	Samevatting	100
3.	<u>$\sqrt{-y-r-}$ in Nominale funksie (N77)</u>	101
3.1	Die Periode 593 - 520 v.C.	101
3.1.1	Jesaja II	101
3.2	Die Periode 465 v.C.+	101
3.2.1	Maleagi	101
3.3	Samevatting	103
4.	<u>$\sqrt{-y-r-}$ in Nominale funksie (N710)</u>	103
4.1	Die Periode 760 - 725 v.C.	103
4.1.1	Jesaja	103
4.2	Die Periode 465 v.C.+	104
4.2.1	Maleagi	104
4.3	Samevatting	105
5.	<u>$\sqrt{-y-r-}$ in Adjektiewe funksie</u>	105
5.1	Die Periode 760 - 725 v.C.	105
5.1.1	Jesaja	105
5.2	Die Periode 630 - 605	105
5.2.1	Sefanja	105
5.3	Die Periode 593 - 520 v.C.	105
5.3.1	Esegiël	105
5.3.2	Jesaja III	106
5.4	Die Periode 465 v.C.	106
5.4.1	Maleagi	106
5.5	Die Periode 400 v.C.+	106
5.5.1	Joël	106
5.6	Samevatting	107
6.	<u>Algemene Samevatting van Hoofstuk 3</u>	107
6.1	Die Strukturering van $\sqrt{-y-r-}$ tot woorde	107
6.2	Kultuur-historiese Evaluering	107

Hoofstuk 4: Gevolgtrekking	118
1. <u>Leksikale Inskrywing</u>	118
1.1 Onsekere Tekste	118
1.2 $\sqrt{-y-r-!}$ I en II	119
1.3 Kartering van die Betekenis van $\sqrt{-y-r-!}$	120
1.3.1 Kartering volgens Betekenisbome	120
1.3.1.1 $\sqrt{-y-r-!}$ I "Bekommerd wees, bang wees."	120
1.3.1.2 $\sqrt{-y-r-!}$ II "Gehoorzaam wees, respekteer"	120
1.3.2 Ontleding volgens Subjek - Objek in Kontekste	121
1.3.2.1 $\sqrt{-y-r-!}$ I	121
1.3.2.2 $\sqrt{-y-r-!}$ II	121
1.4 Samevatting	121
1.4.1 $\sqrt{-y-r-!}$ I	121
1.4.2 $\sqrt{-y-r-!}$ II	121
2. <u>Kultuur-historiese Evaluering</u>	122
2.1 $\sqrt{-y-r-!}$ I	122
2.2 $\sqrt{-y-r-!}$ II	123
Byvoegsel	129
Afkortings	135
Bibliografie	137

=====

I N L E I D I N G

1. Met die ontwikkeling van die strukturalisme het sommige pleit-besorgers van hierdie taalteorie só opgegaan in die (formele) beskrywing van taalstrukture, dat betekenisleer by hulle nie meer as 'n stiefkind van die taalkunde was nie.¹⁾

Vandag, veral onder die vaandel van die transformasionele generatiewe grammatika, geniet die betekenisleer weer volle aandag as een van die belangrikste aspekte van die taalkunde.

So gebeur dit heel dikwels dat sekere taalteoretiese uitgangspunte en metodes op 'n bepaalde tydstip in die ontwikkeling van die taalwetenskap nie meer geskik is om taalanalise verder te raffineer nie. Sonder dat die bevindings van die ouer teorieë noodwendig daarmee verval, word nuwe metodes ontwikkel om die oueres aan te vul.²⁾ As Brockelmann byvoorbeeld die grammatika van Bauer en Leander³⁾ beskryf as redelik finaal in terme van die tradisionele benadering,⁴⁾ het hy reeds riglyne neergelê vir meer bevredigende metodes.⁵⁾ Terselfdertyd begin Bergsträsser sy bydraes tot die Semitiese taalwetenskap in nuwe vorme giet.⁶⁾ Kort hierna ontwikkel Harris 'n strukturalistiese metode van taalbeskrywing vir klassieke Hebreeus,⁷⁾ en vervang hiermee feitlik die ouer metodes. Hoewel nie met een van genoemde nuwere uitgangspunte opspraakwekkende ontdekkings gemaak is nie, is tog 'n groot bydrae gelewer om reeds bekende feite meer adekwaat te formuleer en deur sekere suggesties van die ouere metodes uit te werk.⁸⁾

Dat daar nog steeds behoefte is aan 'n raffinering van die Semitiese taalwetenskap, is algemeen bekend,⁹⁾ aangesien die metodes van genoemde persone vandag nie meer in alle opsigte aanvaar word nie. So byvoorbeeld is die strukturalisme, soos uitgewerk deur Harris, weer as ontoereikend bestempel deur Bar-Hillel as hy beweer:

"Distributional procedures may be sufficient to establish the rules by which all longer expressions can be constructed out of the elements, but they are inadequate for the establishment of certain other rules that would mirror the so-called logical properties and relations of sentences and other expressions." 10)

Selfs Harris se student Chomsky het afgewyk van die strukturalisme en 'n nuwe taalteorie begin ontwerp. Die vernaamste beswaar teen die strukturalisme is, soos reeds aangestip, dat hierdie metode by eksponente soos Harris betekenis as taalverskynsel links laat.

Teenswoordig word daar in die Algemene Taalwetenskap al hoe meer klem gelê op die sin en sinskonstruksie.¹¹⁾ Dit is daarom nodig om ten opsigte van die Semitistiek weer te let op die betekenisleer na aanleiding van die taalteorië van die moderne taalwetenskap, hoewel teorië van die Algemene Taalwetenskap, terwyl dit gemunt word uit ondersoeke in Westerse tale, nie altyd sondermeer op Semitiese tale toegepas kan word nie. In laasgenoemde geval is dit dan nodig om so 'n taalteorie aan te pas of te ontwikkel vir die Semitistiek.

2. Van die mees sentrale terme van die Israelitiese godsdiens word in ou Testamentiese Hebreeus uitgebou rondom die "stam"¹²⁾ yr' terwyl dieselfde "stam" ook veelvuldig in algemene spreektaal gebruik is.

Daar is al veel geskryf en gepraat oor die sogenaamde "vrees van die Here" in die Ou Testament sonder dat hierdie uitdrukking enige sin uitmaak in enige Westerse taal.¹³⁾ Dit is daarom nodig om weer aandag te gee aan terme soos hierdie in terme van moderne taalteoretiese beginsels.

3. Doelstellings van hierdie studie:

Daar word vir hierdie studie die volgende ten doel gestel:

1. Om geskikte terminologie te vind vir die beskrywing van Hebreeuse taalsktrukture rondom die woord en om hiervandaan te soek na 'n geskikte taalteorie met betrekking tot die betekenisleer vir die Hebreeuse taal van die Ou Testament met die doel.
2. Om met behulp van bostaande te bepaal wat die betekenis-sfeer van die leksikale morfeem /-y-r-'-/ in die profetiese boeke¹⁴⁾ van die Ou Testament is. Dit word gedoen met die oog op 'n leksikoninskrywing sowel as die vorming van 'n beter begrip van die kultuurhistoriese waarde van dié "begrip" binne die raamwerk van die Israelitiese godsdiens.

4. Begrensiings by die ondersoek:

In die loop van die studie sal telkens gewys word op beperkings wat op die ondersoek betrekking het. Hier word alleen enkele prinsipiële begrensiinge aangestip.

Voorwaarde vir enige sinvolle ondersoek na betekenis is dat die studie sover moontlik sinchronies van aard moet wees. Hierdie beginsel is reeds deur De Saussure¹⁵⁾ onderskei en is verder beklemtoon deur

Trier¹⁶⁾ en Von Soden.¹⁷⁾

Wanneer daar egter met die Ou Testament gewerk word, blyk dit dat die eis van sinchronie feitlik 'n onmoontlike opgawe is. In die Tetra-teug is die datering en selfs die vasstelling van die omvang en aard van sy samestellende dele só 'n vloeibare en debatteerbare aangeleentheid¹⁸⁾ dat dit haas onmoontlik is om enige uitspraak te maak oor die chronologie van die op-skrif-stel van die teks. Die ondersoeker sal dus onwillekeurig vasgevang word in allerlei Inleidingsvraagstukke.

Dieselfde verskynsel, hoewel ietwat minder gekompliseerd, doen hom voor by die sogenaamde "vroëre profete".¹⁹⁾ Die Psalms en die Wysheids-literatuur is ewe-eens van diverse herkoms en uiters moeilik om chronologies vas te pen. Sommige ander boeke, soos byvoorbeeld Kronieke en gedeeltes van Daniël, is postexiliese kompilasies van só 'n laat tydperk dat taalinvloede van buite hulle heel dikwels diskwalifiseer by 'n ondersoek in klassieke Hebreeus.²⁰⁾

Die enigste deel van die Ou Testament waar relatief-seker uitsprake omtrent datums en outeurs gemaak kan word, is die sogenaamde "latere" profete. Hoewel hier ook moeilik-dateerbare gedeeltes in voorkom, is hierdie deel van die Ou Testament gekies as die studierrein van hierdie projek juis omdat sinchronie hier op die suiwerste moontlike wyse beoefen kan word.²¹⁾

So 'n afbakening bied 'n verdere voordeel naamlik dat hier in hoofsaak een taalgebruiker per keer aan die woord is of ten minste taalgebruikers uit ongeveer dieselfde taalsfeer en dieselfde tyd.²²⁾

Tog kan die profete ook nie atomisties benader word nie. Onder hulle is daar ook sekere tradisies bewaar wat alleen verstaan kan word indien die betrokke profeet teen die breër agtergrond van daardie spesifieke tradisie bestudeer word. Daarom sal algaande ook aandag gegee word aan tekste uit ander boeke van die Ou Testament wat lig kan werp op die profete (byvoorbeeld uit Deuteronomium en die Psalms).²³⁾

=====

VERWYSINGS

1. Hierdie tendens is egter sorgvuldig vermy deur ander byvoorbeeld Reichling in sy magistratiese studie Het Woord, 1967, aanvanklik uitgegee in 1935.

2. Vergelyk C.F. Hockett, Which Approach in Linguistics is 'Scientific'? Studies in Linguistics 8/3 (1950) 54 (53 - 57).
3. H. Bauer & P. Leander, Historische Grammatik der hebräische Sprache des Alten Testaments, 1918 - 1922.
4. C. Brockelmann, Stand und Aufgabe der Semitistik, Beiträge zur Arabistik, Semitistik und Islamwissenschaft, (ed. R. Hartmann & H. Scheel) 1944, 3 - 4, 30.
5. C. Brockelmann, Grundriss der vergleichende Grammatik der semitischen Sprachen, 1908 - 1913.
6. G. Bergsträsser, Dem arabischen Dialekt von Damaskus, 1924.
7. Z.S. Harris, The Linguistic Structure of Hebrew, JAOS 61 (1941) 143v.
8. H. Birkeland, Some Reflections on Semitic and Structural Linguistics, For Roman Jakobson, 1956 44 - 51; Vgl. bv. J.C.L. Gibson, Hebrew Writing as a Subject of Linguistic Investigation, Glasgow University Oriental Society Transactions, 20 (1965) 49 - 62; dies. Stress and vocalic Change in Hebrew, a diachronic study, Journal of Linguistics, 2/1 (1966) 35 - 56; dies. On the Linguistic Analysis of Hebrew Writing, Archivum Linguisticum, 17/2 (1965) 131 - 159.
9. Birkeland, t.a.p.
10. Y. Bar-Hillel, Logical Syntax and Semantics, Language, 30 (1954) 230 - 237.
11. Vgl. R.W. Langacker, Language and its Structure, 1968, 69 - 140.
12. Dié term word voorlopig gebruik in plek van "leksikale morfeem".
13. Bedoel word Indo-Germaanse en Anglo-Saksiese tale.
14. Sien paragraaf 4 hieronder vir die motivering van dié begrening.
15. F. de Saussure, Cours de Linguistique générale, 1916, in 1959 in Engels vertaal deur W. Basking.
16. J. Trier, Der deutsche Wortschatz im Sinnbezirk des Verstandes, 1931, 11.
17. W. von Soden, Zur Methode der semitisch-hamitischen Sprachvergleichung, JSS 10/2 (1965) 159 - 177.
18. Standpunte in dié verband wissel van 'n reductio ad absurdum deur sommige soos Baentsch (1900) wat vir Levitikus nie minder nie as 7 P-redaksies aanvaar waarvan sommige tot vier maal toe oorgewerk is tot by standpunte soos dié van G. Ch. Aalders (Oud-Testamentische Kanoniek, 1952) wat hoofsaaklik een outeur vir die hele Pentateug aanvaar.
19. Vgl. die standpunte van O. Eissfeldt, The Old Testament. An Introduction, 1966 (vert. P. Ackroyd) en M. Noth, Ueberlieferungsgeschichtliche Studien I, 1943, in die verband.

20. Z.S. Harris, JAOS (1941) 143 - 147 gee 'n lys van veranderinge wat in die fonologiese struktuur van Hebreeus plaasgevind het ná die ballingskap.
 21. Dit beteken nie dat betekenis nie in ander dele van die Ou Testament vasgestel kan word nie. Feit is net dat feitlik geen algemeen-geldende uitspraak oor sinchronie elders gemaak kan word nie.
 22. Vgl. Hoofstuk 1 § 3.2. hieronder.
 23. Vir die verband van die O.T. profete met ander tradisies vgl. die volgende : H.J. Kraus, Die Entstehungsgeschichte der priesterlichen Schöpfungslehre in Gen. 1, Fuldaer Hefte 13 (1960) 76 - 84; R.E. Clements, Deuteronomy and the Jerusalem Cult Tradition, VT 15 (1965) 300 - 312; W. Brueggemann, Amos iv, 4 - 13 and Israel's Covenant Worship, VT 15 (1965) 1 - 15; J.J. Jackson, David's Throne; Patterns in the Succession Story, Can.JT 11/3 (1965) 183 - 195; J. Blenkinsop, Absicht und Sinn der Exodustradition in Deuterjesaja (Is. 40 - 55), Conc. 2/10 (1966) 762 - 767; R. Koch, Die Theologie des Deutero-Isaias, Theologie der Gegenwart 9/1 (1966) 20 - 30; sien verdere literatuur by die betrokke profete.
-

HOOFSTUK 1LINGUISTIESE UITGANGSPUNTE RONDOM DIE WOORD EN BETEKENIS.1. Taal

In die algemeen gesproke is taal 'n kommunikasie-instrument.¹⁾ In 'n kommunikasieproses waar A sy gedagte-inhoude aan B wil oordra, word klankreekse deur die spraakorgane van A gevorm deur middel waarvan sy "boodskap" in klankreekse gekodifiseer word. B ontvang hierdie gekodifiseerde boodskap en dekodifiseer (interpreteer) dit tot nagenoeg eenderse gedagte-inhoude as wat A aan hom wou oordra. Die feit dat B hiertoe in staat is en die feit dat A suksesvol is in die oordra van sy gedagte-inhoude, is te danke aan 'n gemeenskaplike taal. C kon ook teenwoordig wees tydens die proses van kommunikasie, maar geen boodskap ontvang nie: juis omdat hy nie dieselfde taal as A en B gebruik ("praat") nie.

Taal is dus 'n stelsel van reëls waarvolgens gedagte-inhoude in klankreekse gekodifiseer en weer gedekodifiseer kan word: Taal lê prinsiepe neer waarvolgens reekse van spraakklanke as abstraksies van sekere gedagte-inhoude geïdentifiseer kan word. Anders gestel: Taal lê beginsels neer waarvolgens 'n groep klanke tot 'n spraakklankeenheid/-hede gevorm kan word en waarvolgens reekse van spraakklankeenhede saamgestel kan word tot 'n boodskap. E.g. funksie van taal word sy fonologiese en morfologiese en lg. as sy sintaktiese funksie genoem.

Die rede vir A se sukses in kommunikasie met B en B se vermoë om A te verstaan, kan soos volg opgesom word: A besit 'n taal (stelsel van reëls) wat hom in staat stel om sy gedagte-inhoude in 'n vir-B-verstaanbare reeks klanke weer te gee. A ver-taal dus sy gedagtes en B besit die masjinerie om dit te ont-taal.

Uit bostaande is dit duidelik dat taal nie die klankreekse self is nie en ook nie die gedagte-inhoude nie, maar dat taal 'n stelsel is vir die vorming van klank-betekenis-korrelasies²⁾ of klank-betekenis-eenhede en die samestelling van hierdie eenhede tot 'n boodskap.

1.1 Taal en taaltekens

Taal is dus verantwoordelik vir die samestelling van beskikbare klanke (klankwaardes) tot taaltekens met betekeniswaardes.³⁾

Verreweg die meeste gedagte-inhoude word oorgedra d.m.v. die vol sin (Onderwerp-Gesegde-Voorwerp). Hoewel dit ook moontlik is dat 'n enkele woord of 'n frase binne 'n bepaalde konteks (situasie) betekenisvol gebruik kan word, moet die woord in die meeste gevalle beskou word as 'n konstituerende element in die vol sin. Hieruit volg dit logies dat woorde, as konstituerende elemente van sinne, geïsoleer en geïdentifiseer kan word en dat hulle funksie in die sin bestudeer kan word: in hoe 'n mate hulle bydra tot die betekenis-volheid van die sin. D.w.s. woorde word betekenisfunksioneel aangewend in die sin, ongeag of elke woord in die sin 'n selfstandige betekenis het.

1.1.1 Die Woord as Taalteken

Hoewel die isolering van woorde volgens sekere taalwetenskaplikes 'n debatteerbare aangeleentheid is, kan die bestaan van woorde nie ontken word nie⁴⁾ en kan as werkhipotese aanvaar word, soos reeds genoem, dat alle sinne deur woorde gekonstitueer word en dat hierdie woorde geïdentifiseer en geïsoleer kan word.

Ten eerste moet die inhoud van die taalteoretiese term "woord" so presies moontlik vasgestel word.

Die definisie wat Van Wyk aanvanklik voorgestaan het nl. "'n Woord is die kleinste taalteken wat selfstandig be-teken,"⁵⁾ kombineer die beskouinge van F. de Saussure en A. Reichling. De Saussure het die woord as taalteken nl. gesien as gekonstitueer deur twee komponente: 'n klankvormlike, die signifiant, en 'n inhoudelike of begripsmatige, die signifié. Die signifiant is, as waarneembare klankvorm, die "aanduider" of "betekenaar" van die signifié. die "aangeduidene" of "betekende," d.w.s. die begrip met behulp waarvan die taalgebruiker se aandag op iets ekstra-linguïsties gerig kan word.

Reichling verkies vir signifiant en signifié onderskeidelik die terme "aanskoulike moment" en "onaanskoulike moment" van die taalteken. hierdie twee momente is dan die gesamentlike konstituente van die taalteken en is^{as} sodanig onafskeibaar aan/met mekaar verbonde.

Maar, soos reeds aangestip, is daar ook sg. "woorde" wat nie met behulp van aangehaalde definisie geïdentifiseer of beskryf kan word nie: bv. "to" in: "I want to go to Istanbul."⁶⁾ Daarom het Reichling en Van Wyk hulle definisie uitgebrei met "woordkenmerke" soos verplaasbaarheid, skeibaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid.⁷⁾

Volgens hierdie taalwetenskaplikes kan woorde vervolgens in twee groepe verdeel word nl. dié wat morfematies gestruktureer is en dié wat morfematies ongestruktureer is. Op hierdie aspek van bostaande teorie sal later ingegaan word.

'n Groot deel van die Amerikaanse taalwetenskaplikes beskou die woord as 'n morfematies gestruktureerde taalteken (dus altyd meerledig). Morfematies ongestruktureerde taaltekens (eenledige taaltekens) word as morfeme beskou.⁸⁾

'n Voorbeeld sal die verskil tussen bg. twee standpunte illustreer. Gegee: die taalteken /man/. Vir *Reichling⁹⁾ is dit 'n ongestruktureerde (eenledige) maksimaal outonome¹⁰⁾ woord. Vir *Nida⁹⁾ is dit 'n vol morfeem.¹¹⁾ Die verskil word nog duideliker by taaltekens soos /bāman/; /mans/ ens. Vir *Reichling bestaan hierdie morfematies gestruktureerde woorde uit twee morfeme t.w. /bā-/ + /-man/ en /man-/ + /-lək/. Daar sou dus naas die ongestruktureerde woord "man" ook 'n morfeem /-man-/ bestaan, toevallig met dieselfde fonetiese karakter. Vir *Nida sou "man" 'n vol morfeem wees en /mans/ gestruktureer uit die vol morfeem /man/ + die leë morfeem /-s/ ens.

Dit is dus by *Reichling nodig om naas die eenledige ongestruktureerde woord "man" ook 'n morfeem /-man-/ te aanvaar en dié²⁵⁾ twee taaltekens te identifiseer.¹²⁾ *Nida onderskep wel hierdie probleem deur albei as morfeme op te neem, maar hier word weer onvoldoende onderskeid gemaak tussen die woord "man" en die morfeem /-man-/.¹³⁾

Daar sou, veral met die oog op Bybelse Hebreeus, 'n ander oplossing aangedien kon word. Vir só 'n standpunt word alle geïdentifiseerde woorde in twee groepe verdeel: Dié wat morfematies gestruktureer is en die wat morfematies onstruktureerbaar is. 'n Woord soos "want" sou 'n voorbeeld wees van 'n onstruktureerbare woord. In 'n lewende taal soos Afrikaans is dit egter moontlik dat so 'n woord onder bepaalde gekondisio-
neerde omstandighede tog morfematies uitgebrei kan word.¹⁴⁾ In Hebreeus kom egter baie onstruktureerbare woorde voor bv. lô, kî, šer, 'im 'is ens. Alle ander woorde is gestruktureer. Gestruktureerde woorde bestaan uit 'n leksikale morfeem¹⁵⁾ + 'n kategoriale morfeem/e. Die onderskeid tussen 'n leksikale morfeem en 'n kategoriale morfeem lê in hulle onderskeie funksies.¹⁶⁾ Leksikale morfeme is leksikaal funksioneel en/of soos kategoriale morfeme grammaties funksioneel. Die meeste onstruktureerbare woorde is alleen grammaties funksioneel, maar onderskei

hulleself van kategoriale morfeme juis in hulle onstruktureerbaarheid.

Leksikale funksionaliteit beteken dat so 'n morfeem 'n betekenisfeer "het" of, anders gestel, 'n verskeidenheid van betekenismoontlikhede inhou wat een-een of groepsgeewyse gereleveer word deur die aanvoeging van morfeme en/of deur die funksie van die só-gevormde woord in die sin.

Ter illustrasie kan /-man-/ gebruik word:

1. /-man-/ = leksikale morfeem:

+ konkreet
± lewend
± menslik
± volwasse
± manlik
± getroud

2. "man" = /-man-/ (leksikale morfeem) + /φ-/ + /-φ/.¹⁷⁾ /φ-/ + /-φ/ is hier grammatikaal funksioneel en releveer alle leksikale moontlikhede vir /-man-/ en voeg die kategorieë "enkeltvoud" en "s.nw." by.

In die sin gebruik, lê die relevering van leksikale waardes anders bv.

3. "Hy is daardie vrou se man."

+ konkreet
+ lewend
+ menslik
+ volwasse
+ manlik
+ getroud

+ kategoriale morfeme /φ-/ + /-φ/.

4. "Die boot word deur vier persone beman"

+ konkreet
+ lewend
+ menslik

+ kategoriale morfeem /bæ-/ met 'n verbaliserende funksie.

'n Woord sou derhalwe gedefinieer kon word as 'n morfologies gestruktureerde of onstruktureerbare klankvormlike taalteken wat deur die taal leksikaal en/of grammaties funksioneel aangewend word vir die struktuurering van sinne.

Opsommend kan die volgende uit die definisie aangedui word:

1. Dit is nie nodig om naas 'n sg. ongestruktureerde woord "man" ook nog 'n toevallige foneties eenders gestruktureerde morfeem /-man-/ te aanvaar nie. Die morfeem /-man-/ en die woord "man" word in 'n generatiewe verband geplaas. Net so is dit onnodig om onderskeid te maak tussen sg. vol en leë, gebonde en vrye morfeme.



2. Morfologies onstruktureerbare woorde is meesal grammatikaal funksioneel bv. negasie, koppeling van sinsdele ens. (veral in Hebreeus). Morfologies gestruktureerde woorde is altyd leksikaal funksioneel en a.g.v. aangevoegde kategoriale morfeme meesal ook grammaties funksioneel in die sin.
3. Hieruit blyk dit dus dat die woord funksioneel is in die sin/as sin.¹⁸⁾

Daar is reeds aangestip dat hierdie opvatting van funksionaliteit nie geïdentifiseer moet word met die funksionaliteitsbegrip soos wat Pike dit uitgewerk het nie.¹⁹⁾ Pike soek na 'n werkmethode wat taal sowel as alle vorme van menslike gedrag, verbaal of nie-verbaal, kan analiseer. Taal is vir hom 'n tipe gedrag, soos alle ander vorme van menslike handeling gedrag is (Behavior). En daarom moet 'n werklik adekwate metode vir die analise van linguïstiese strukture (die produk van taalgedrag) ook voldoende wees vir die analisering van groter strukture (d.i. kulture) wat ook die produk is van menslike gedrag.²⁰⁾

Vir dié doel ontwerp Pike 'n "eme"-terminologie. Die kleinste taal-moment is die sg. uttereme wat funksioneel is t.o.v. die sg. behavioreme, wat funksioneel is t.o.v. kultuur ens.

Hoewel in hierdie studie aangesluit word by Pike se idee nl. dat taal 'n struktureel-semantiese eenheid is²¹⁾ - dus nie net strukture nie, maar ook semanties gekwalifiseerd - word funksionaliteit alleen as linguïstiese funksionaliteit opgeneem. D.w.s. dit handel oor die funksionaliteit van onderdele van die taalstruktuur t.o.v. die vorming van die groter taalgeheel.²²⁾

1.1.2 Die Morfeem as Taalteken

'n Morfeem kan gedefinieer word as 'n klankvormlike taalteken wat leksikaal en/of grammaties funksioneel is t.o.v. woordvorming.

'n Voorbeeld kan bostaande definisie illustreer: Wanneer 'n taalgebruiker 'n sekere saak wil benoem/be-teken, verbind hy 'n leksikale morfeem (bv. /-man/ met een of meer grammaties-funksionele kategoriale morfeme (bv. /bæ-/ + /-iŋ/ en vorm so 'n woord "bemanning" waarvan die signifié die ekstra-linguïstiese saak beteken, en die signifiant deur klankvormlike taaltekens (morfeme) gekonstitueer word.

Daar sou in die Semitiese tale die volgende tipes morfeme onderskei kon word:

1. Suprasegmentele morfeme en
2. Segmentele morfeme.

Segmentele morfeme kan weer onderskei word deur :

1. Diskontinue segmentele morfeme
2. Kontinue segmentele morfeme en
3. Portmanteau morfeme.

Diskontinue morfeme kan weer onderverdeel word in: 1. Opeenvolgende en
2. Gebroke diskontinue morfeme.

Dit is nodig om kortliks op elkeen van hierdie onderskeidings te let.

1.1.2.1 Suprasegmentele morfeme

Hierdie tipe morfeem is vir die onderhawige studie nie van groot belang nie en word daarom volledigheidshalwe net genoem. Verder is suprasegmentele morfeme soos intonasie en klemtoon moeilik te bepaal in geskrewe tekste en veral by sg. "dooie" tale.²³⁾

Tog bestaan daar basiese morfeme van dié tipe wat vasgestel kan word. So bv. dat by morfologies "eenledige" woorde (d.w.s. bestaande uit minstens Cv en Zero-morfologies uitgebrei of in die geval van onstruktureerbare woorde minstens Cv) 'n primêre klem-morfeem voorkom.²⁴⁾ By morfologies meerledige woorde kom ook 'n primêre klem-morfeem voor en in sommige gevalle voorafgegaan deur 'n sekondêre klem bv. הַכֶּסֶם en הַכֶּסֶם. In hierdie voorbeeld word die "vokalisasie" gekondisioneer d.m.v. 'n suprasegmentele klem-morfeem wat tegelyk ook 'n betekenisverandering teweeg bring: "wysheid" en "sy is wys." Dié morfeem is dus grammaties funksioneel deurdat dit onderskeid maak tussen 'n s.nw. en 'n verbale woord.

1.1.2.2 Segmentele morfeme

1.1.2.2.1 Diskontinue segmentele morfeme

In hierdie geval word die foneme van die een morfeem van mekaar geskei deur die foneme van een of meer ander morfeme. Hierdie tipe morfeem is uniek aan die Semitiese tale²⁵⁾ en kan tweërlei van aard wees:

1. Opeenvolgend
2. Gebroke.

1.1.2.2.1.1 Opeenvolgende diskontinue segmentele morfeme

Hierdie tipe morfeem kan konsonantaal of vokalties van aard wees, bv.

/sāfar/²⁶ = √-s-p-r- + /p-/ + /-ā-ā-/ + /-p/

/sōfēr/ = √-s-p-r- + /p-/ + /-ō-ē-/ + /-p/

/sēfer/ = √-s-p-r- + /p-/ + /-ē-e-/ + /-p/

1.1.2.2.1.2 Gebroke diskontinue segmentele morfeme

Hierdie tipe morfeem is diskontinu in 'n ander opsig as die voorafgaande. Daar is bv. in die spreektaal van Egiptiese Arabie 'n negasiepartikel /miš-/ wat in verbinding met sekere woorde in twee dele opgebreek word.²⁷⁾ as ^a/ vir allomorf staan kan /miš-/ + /katab/ só voorgestel word: ^a/ma-/ + √-k-t-b- + /-a-a-/ + /-š/.

Daar kon egter in Hebreeus geen voorbeeld van die tipe morfeem gevind word nie, en dit word volledigheidshalwe net genoem.

1.1.2.2.2 Kontinue Segmentele Morfeme

Hierdie tipe morfeem vorm meesal die sg. affikse by "verbuiging" of "vervoeging" en word ook soms flekseme genoem.²⁸⁾ Die meeste kategoriale (resp. paradigmatische kategoriale) morfeme hoort, wat Hebreeus betref, onder hierdie hoof tuis.

Voorbeelde hiervan sou die volgende kon wees:

/-tî/ "handeling uitgevoer deur die 1ste pers. ekv. en die handeling is perfekties van aard." (Hoewel die opeenvolgende diskontinue vokaltiese segmentele morfeem veel meer die perfektiese handeling aandui.)

Vgl. תָּיַטַקְ

/-ēk/ "die voorafgaande is die besitting van 'n vroulike (2de pers. ekv.) wese.

Vgl. אִבְּיָה

Sommige van hierdie morfeme is homofone.²⁹⁾

Vgl. bv. /ha-/ "Wat hierop volg is 'n vraag."

/ha-/ "'n Gedetermineerde s.nw. volg."³⁰⁾

/-āh/ "die voorafgaande is die besitting van 'n vroulike (3de pers. ekv.) wese.

/-āh/ "wat vooraf gaan is 'n s.nw."³⁰⁾ + lokaliteit of rigting. Vgl. אֵינִי

In sulke gevalle kan die waarde van die morfeem egter uit die sinsverband bepaal word. Paradigmatiese kategoriale morfeme is meesal per se duidelik in hulle semantiese funksie.³¹⁾

1.1.2.3 Portmanteau morfeme³²⁾

Hierdie benaming word gebruik vir morfeme wat terselfdertyd twee of meer kategoriale waardes verteenwoordig. Vgl. bv. die Hebreeuse /-ôt/ wat die volgende kategorieë aandui: meervoud, vroulik, status constructus en status absolutus.³³⁾

1.1.2.4 Wortelmorfeme

h Wortelmorfeem kan gedefinieer word as h opeenvolgende diskontinue konsonantale segmentele morfeem wat normaalweg³⁴⁾ h bekende leksikale waarde het.

Die wortelmorfeem word geïdentifiseer deur analisering van die gestruktureerde woord.³⁵⁾ So sou in die Hebreeuse woord yahš³ beha (Gen. 15:6) die wortelmorfeem $\sqrt{-h-š-b-}$ geïdentifiseer kon word.

Die benaming "wortelmorfeem" is egter enigszins onvoldoende i.t.v. sin- en diachronie. Dit sou bv. moontlik wees om vir die volgende "wortelmorfeme" (geheel uit sinchroniese gegewens) h gemeenskaplike etimologiese (dus diachroniese) oorsprong te vind: \sqrt{pr} "verdeel" $\sqrt{-p-r-d-}$ "afskel"; $\sqrt{-p-r-m-}$ "skeur"; $\sqrt{-p-r-s-}$ "verdeel"; $\sqrt{-p-r-š-}$ "afbreek" ens.³⁶⁾ So sou dit moontlik wees om vir $\sqrt{-z-r-h-}$ en $\sqrt{-š-h-r-}$ h etimologiese oorsprong \sqrt{drh} vas te stel.

Dit sou dus beter wees om in die sinchronie te werk met die term leksikale morfeme³⁷⁾ (vorme soos $\sqrt{-p-r-d-}$; $\sqrt{-z-r-h-}$ ens.) en wanneer diachronies gewerk word met etimologiese oorspronge, gebruik te maak van die term "wortelmorfeme." Wortelmorfeme en leksikale morfeme kan onderskeidelik aangedui word met $\sqrt{\quad}$ en $\sqrt{\quad}$.

1.1.2.5 Leksikale Morfeme

N.a.v. die opmerkinge gemaak in §s 1.1.1 en 1.1.2.4 kan h leksikale morfeem gedefinieer word as h opeenvolgende diskontinue konsonantale segmentele morfeem wat as konstituerende element dien vir die vorming van woorde met h leksikale en/of grammatika funksionaliteit in die sin. Die leksikale morfeem só verstaan, is reeds bespreek in §s 1.1.1. Hier word alleen h toevoeging gemaak vir die Semitiese tale nl. dat hierdie morfeem diskontinu en konsonantaal van aard is.

1.1.2.5.1 Leksikale Morfeme as Homofone

In hierdie studie word onderskeid gemaak tussen homofonie en homonimie.

Homofone leksikale morfeme is leksikale morfeme wat in fonetiese (resp. fonologiese) opsig gelykluidend³⁸⁾ is, maar van mekaar verskil in betekenis.

Homonimie word gereserveer vir leksikale morfeme wat in fonetiese/fonologiese opsig gelykluidend is, maar t.o.v. wortelmorfeme verskil in oorsprong en/of betekenis.

Die onderskeid bestaan dus o.a. daarin dat homofonie te make het met 'n sinchroniese gegewe, terwyl homonimie saamhang met diachronie, resp. etimologie. In die geval van homonimie kan selfs die betekenis van die twee identiese klankvorme oorvleuel³⁹⁾ op 'n gegewe moment (dus sinchronies gesien). Alleen 'n diachroniese studie kan hier uitsluitel gee of dit werklik twee taaltokens is.

Voorbeelde van Hebreeuse homofone kan die volgende wees: $\sqrt{-d-h-}$ "verbygaan" en $\sqrt{-d-h-}$ "versier"; $\sqrt{-h-l-l-}$ "helder wees" en $\sqrt{-h-l-l-}$ "loof" ens. Hebreeuse homonieme⁴⁰⁾ kan wees: $\sqrt{-h-b-l-}$ "vasmaak" en $\sqrt{-h-b-l-}$ "boos handel"; $\sqrt{-h-r-\dot{s}-}$ "ploeg" en $\sqrt{-h-r-\dot{s}-}$ "stil/stom wees."

In die geval van die homonieme sou etimologies teruggegaan kon word na twee wortelmorfeme per leksikale (homonieme) morfeem: $\sqrt{-h-b-l-}$ $\sqrt{-h-b-l-}$ en $\sqrt{-h-b-l-}$; $\sqrt{-h-r-\dot{s}-}$ < $\sqrt{-h-r-t-}$ en $\sqrt{-h-r-\dot{s}-}$.

So 'n etimologiese "oorsprong" is egter nie altyd met sekerheid te aanvaar as die werklike "oorsprong" van 'n sinchroniese gegewe nie. Vir sinchroniese studie is dit veel veiliger om met homofone⁴¹⁾ te werk. Daar is verskeie redes wat hiervoor aangevoer kan word:

1. Die etimologie van Hebreeuse woorde kan heel dikwels met sekerheid vasgestel word, maar in baie gevalle lewer dit onseker resultate.⁴²⁾
2. Etimologiese rekonstruksies berus op vergelykende taalstudie wat op sigself reeds problematies is, aangesien daar heel dikwels nie genoegsaam gelet word op die tyd-ruimtelike (en kultuur-historiese) verskille tussen die tale waarmee gewerk word nie.⁴³⁾
3. Dit mag wees dat die Hebreeuse ortografie⁴⁴⁾ nie voldoende was om die fynere fonetiese of fonologiese verskille tussen foneme weer te gee nie bv. tussen \dot{h} en \dot{h} ⁴⁵⁾; \dot{s} en \dot{s} ; \dot{c} en \dot{g} ⁴⁶⁾ ens. Indien dit so is, kan diachroniese studie veel lig werp op sulke homografeme.

Dit kan egter ook waar wees dat die onderskeidings inderdaad nie (meer) in Hebreeus gemaak is nie. Dan sou so 'n diachroniese (etimologiese) verklaring gewild aandoen aan 'n sinchroniese gegewe. M.a.w. dit kan wees dat in die omgangstaal nie foneties onderskeid gemaak is tussen h/h ; g/g en $š/t$ nie, sodat חכר "grawe" (vgl. Arabies: حَفَرَ) en חכר (vgl. Arabies خَفِرَ) "skaam wees," nie blote homografeme is nie, maar op 'n gegewe moment in die Hebreeuse taalontwikkeling wel homofone was. As Arabies die onderskeid maak bv. حَبِل / خَبِل vir Hebreeuse חבל en حَرَس / حَرَتْ vir Hebreeuse חרש (vgl. Ugaritiese ḥrt) is dit in geen opsig dwingend t.o.v. die Hebreeuse fonologie nie.

4. Intendeel, daar bestaan juis in die volksmond 'n tendens om homofone foneties te differensiër⁴⁷⁾ sodat wat in 'n sinchroniese gegewe as homofoon aangetref word, heel dikwels as werklike homofone aanvaar moet word.

5. Vir hierdie studie wat die leksikale morfeem $l/\text{-y-r-}'$ ondersoek binne 'n gegewe tydvak, is dit meer raadsaam om homonimie te vermy en te werk met homofonie.

2. Betekenis en Betekenisbepaling

In die vorige paragraaf is beklemtoon dat taal, en daarmee woorde en morfeme, 'n linguïstiese verskynsel is. Daarom moet vir hierdie paragraaf nie uit die oog verloor word nie dat woordbetekenis (hier dus die onaanskoulike moment van die woord) 'n linguïstiese verskynsel is. Die betekenis van die woord is nie die saak waarna verwys word of die gedagte-inhoud self nie, maar 'n linguïstiese abstraksie. Verder moet by voorbaat daarop gewys word dat, as konsekwensie van die voorafgaande, geen fonologiese, morfologiese of sintaktiese studie gedoen kan word sonder verwysing na betekenisleer nie.⁴⁸⁾

2.1 Die teorie van die "semantiese veld"

Hierdie teorie, wat ontleen is aan die "veldbegrip" van die Fisika, is al so lank gelede as die tyd van Wilhelm von Humbolt op die taalkunde van toepassing gemaak. Heel gou het dit geblyk dat hierdie teorie te staan sou kom teenoor die beginsel van woordbetekenis.⁴⁹⁾ Die aanhangers van hierdie teorie (SVT) het taal beskou as 'n sisteem van supra-individuele sinchroniese⁵⁰⁾ simbole wat hulle betekenis en beduidendheid ontleen aan 'n netwerk van verskille en teenstellings wat die sisteem onderverdeel.⁵¹⁾

Die bestudering van die betekenis van enkele woorde is as onvrugbaar en as onwetenskaplik atomisme verwerp.

Saam met Weisgerber was dit veral Jost Trier wat die advokaat van hierdie teorie geword het. Trier, op voetspoor van sekere beginsels deur De Saussure uitgewerk, beklemtoon dat hierdie teorie veral van nut is vir sinchroniese studie,⁵²⁾ hoewel hy probeer om 'n brug te slaan tussen sin- en diachronie. Hoofdeel van hierdie teorie is om uit te vind hoedat die taalskeppende mens taal konstrueer: hoedat hy die aanskoulike wêreld "indeel" in begrippe. Woorde as alleenstaande taalttekens het nie 'n bepaalbare betekenis nie. 'n Enkele woord kry sy betekenis uit die geheelveld waarin hy staan. 'n Woord kan dus alleen bestaan in 'n veld waarin dit as teenstelling vir sommige en aanvulling vir ander woorde dien; dus kan 'n woord alleen bestaan in soverre as wat ander woorde bestaan. Dit is 'n afleiding uit die volgende stelling en definisie van Trier:

"Es (=Das Wort) «bedeutet» nur in diesem Ganzen und kraft dieses Ganzen⁵³⁾.....Nur als Teil der Ganzen hat es Sinn, denn nur im Feld gibt es Bedeuten."⁵⁴⁾

"Felder sind die zwischen den Einzelworten und dem Wortganzen lebendigen sprachlichen Wirklichkeiten, die als Teilganze mit dem Wort das Merkmal gemeinsam haben, dass sie sich ergliedern, mit dem Wortschatz hingegen, dass sie sich ausgliedern"

of ook uit die beskrywing van taal deur Weisgerber:

"(Taal) steht im Dienste einer geistigen Gestaltungskraft, die ihm eine eigene Wirksamkeit in der «gedanklichen zwischenewelt» sichert, die uns damit zunehmend als die eigentliche Ebene des Sprachlichen erkennbar wird."

Dit gaan dus vir hulle in die semantiek om mensgevormde (=geesgevormde) gedagte-inhoude of begrippe deur middel waarvan die aanskoulike wêreld uitgebeeld word.

Verskillende tale deel hierdie gedagte-inhoude anders in⁵⁷⁾ elkeen n.a.v. hoe hy die wêreld rondom hom waarneem.

Die uitgewerkte teorie van Trier en Weisgerber is sonder veel kritiek ontvang en toegepas oor 'n wye front bv. Ohman,⁵⁸⁾ Ullmann,⁵⁹⁾ Mahr⁶⁰⁾ en ook in die Semitiese tale deur Donald.⁶¹⁾

Trier en Weisgerber se standpunt is deur die prinsipiële kritiek van Van Heerden⁶²⁾ reeds in 'n groot mate as onhoudbaar bewys. Hier hoef dus alleen nader ingegaan te word op enkele van die ander eksponente van die teorie nl. Mahr en Donald.

2.1.1 Mahr en die SVT

Vir Mahr is 'n gegewe groep mense se deel-wees van 'n sekere etniese groep beslissend vir die linguïstiese semantiek, aangesien die wêreld-beskouing van daardie etniese groep die semantiek "kleur" met daardie beskouing.

Hy formuleer die verhouding van die semantiek en wêreldbeskouing soos volg:

$$S_n = w_n^{63)}$$

waar S = linguïsties-semantiese evaluasie en w = die wêreldbeeld van die volk (n = enige volk met n = enige wêreldbeskouing.) Die wêreldbeeld word gekenmerk deur óf 'n funksionaliteitsbeskouing (f) óf 'n deskriptiewe beskouing (d) óf altwee tesame. Funksionaliteit word gekwalifiseer deur : dinamies-funksioneel en deskriptief met : staties-deskriptief.⁶⁴⁾

Hierdie formulering - nie die formule nie - is veral van belang omdat dit ook deur T. Boman op Hebreeus toegepas is in 'n vergelyking tussen Griekse en Hebreeuse denke soos dit in die taal weerspieël word.

Vir Mahr kan die denke van die "ou-wêreld" (d.i. Griekeland en Rome/Romeinse Ryk) beskryf word met:

$$S_{gr/rom} = w (d > f)$$

en die tale wat hy hiermee vergelyk nl. Delawar, Shawnee en die Indiaanse dialek van Miami as

$$S_{del/shawn/miam} = w (f > d).$$

Volgens hierdie selfde formule sou Boman⁶⁵⁾ se standpunt soos volg opgesom kon word:

$$S_{heb} = w (f > d) \text{ of selfs } S_{heb} = w(f).$$

Hierdie formule word dan a priori gebruik by betekenisbepaling. Hoewel Mahr 'n ongedefinieerde wiskundige "groter as" - teken gebruik, wat op sigself niksseggend is voordat elke faset van die betrokke taal eers nagevors is, kom sy standpunt daarop neer dat f en d mekaar byna kategories uitsluit. Dit blyk bv. uit sy beskouing van wat moderne taalkunde is:

"Today the study of language culminates in the philosophy of linguistic semantics the deep-rooted contrast between Old World staticism and New World dynamicism"⁶⁶⁾
 [Ek onderstreep]

Enkele voorbeelde sal die metode illustreer:

1. Die Grieke noem "bos, woud" ὕλη; die Delawar-Indiane noem dit tékene *'ta/wiik/'een/e

= at (ta)- : negasiepartikel.

-wiik- : stam wat "struktuur" beteken.

-heen- : "maak"

-e : suffiks van plek of tyd

= "no building of houses here"

2. "man-made shelter" bestaan uit

leni- = "oorspronklik, reël"

-wiik- = "bou"

-yakawan- = "hut"

en hierdie -wiik- kom weer voor in

len'/'iik/pi Delawar vir 'n "lindeboom"

-wiik- in die woord dui aan dat die boom gebruik word vir die bou van hutte. Dit teenoor die Griekse boomname soos φίλυρα, πτελέα, ens.

3. *ἄνωγος* (adj) en die "stam" βε - word beskryf as:

"without exception they statically denote the situation of being alive (d)."

Vir die Shawnee-dialek egter is om te lewe gelyk aan "om asem te haal"

Die volgende opmerkings kan as enkele punte van prinsipiële kritiek teen so 'n standpunt ingebring word.

- Hier word etno-psigologiese strukture (rekonstruksies?) wat ekstra-linguïsties funksioneer, voorrang gegê, en heel dikwels a priori, bo linguïstiese beskrypinge. So 'n metode is vir die linguïstiek dus onbruikbaar.⁶⁷⁾
- Daar word van 'n verkeerde veronderstelling uitgegaan nl. dat denke ekwivalent is aan taal.⁶⁸⁾ Vgl. in die verband 'n opmerking van E. Koschmieder:⁶⁹⁾

"Sprechen ist freilich Denken, aber Denken ist noch lange nicht Sprechen! Das ist eine unzulässige Umkehrung eines Satzes."

3. 'n Verdere veronderstelling wat ongeldig is, is dat eksponente van die Griekse filosofie soos Plato, Aristoteles e.a. verteenwoordigend is van die Griekse denke. Ook hierteen het Koschmieder hom verset,⁷⁰⁾ en tereg. Die omgangstaal verskil grootliks van die gesofistikeerde literêre taalgebruik.
4. Daar moet sekere ander toetse ook aangelê word voordat so 'n kategorieë uitspraak soos $S = w$ en $d > f$ gemaak kan word bv. Kan alle verskynsels in die betrokke taal so verklaar word? Kan die wat wel so verklaar is, op geen ander/beter manier verklaar word nie? ens.
5. Die bybring van etimologiese perspektief bewys geensins dat daardie "idee" nog bewustelik in 'n sinchroniese gegewe voortleef nie. Vgl. Afrikaanse woorde soos "snymasjien" "kuilvoerkerfmasjien" ens. Dit het bloot "benoemingswoorde" geword.
6. Voordat begrippe soos "funksionaliteit" en "deskriptiewe karakter" op linguïstiese terrein ingedra kan word, moet dit eers gedefinieer word. Die stelling dat 'n boom se naam "kanoo-maakbare-boom" is, sou met ongedefinieerde terminologie ewe goed as deskriptief bestempel kon word.
7. Dit is veral insiggewend dat Hoÿer⁷¹⁾ 'n ewe-eens Indiaanse dialek ondersoek en aan die woord cïn "boom" 'n omvattende betekenis van "materiaal" toeken.⁷²⁾ Hy doen hierdie studie om die stelling van Sapir te bewys nl. "(Meanings are) not so much discovered in experience as imposed on it, because of the tyrannical hold that linguistic form has upon our orientation in the world."⁷³⁾ Wanneer dieselfde gegewens twee sulke uiteenlopende resultate lewer, is daar fout te vind met die metode wat sulke resultate lewer.⁷⁴⁾
8. (a) 'n Vergelyking met ander tale sou, etimologisties benader, dieselfde resultate kon oplewer. Vgl. Latyn: captus "idee" < capto "gryp, verlang, soek"; Frans: circuit "(stroom)-baan" < Latyn circúitus < circum + itum (ire): "in die rondte gaan"; Engels: infant < Latyn: in- "nie" + fari "praat": "(die een wat nog) nie praat nie"; Nederlands: vlym < Griekse φλέψ (-βος) "aar" + τέμνω "sny": "dit wat 'n aar oopsny." So sou 'n oneindige, maar tegelyk sinlose lys gemaak kon word om te bewys dat $S_{lat/fr/ned/eng} = w(f > d)$.

(b) M.b.t. Mahr se gedagte dat die Indiaanse "idee" van lewe "dinamies" is omdat hulle dit sien as "asemhaal" en dood as "sonder asem," kan die bevinding van Hoÿer uit sy ondersoek van Indiaanse dialekte aangehaal word:⁷⁵⁾

"It should be noted that Navaha, in common with many other peoples, avoid discussion of death and in particular avoid these verbs. They substitute various euphemisms, comparable to our 'pass away'. The most commonly used of these is the verb - dīh "disappear, become not." (Ek onderstreep)

9. Ter samevatting en staving van bostaande kritiek kan 'n stelling van Serrus gekwoteer word:⁷⁶⁾

"Daar word verkeerdlik geglo dat daar in die morfologie en sintaksis van 'n taal fundamentele gevoelswaardes en logiese kategorieë van die denkende wese geregistreer word. Om 'n ooreenkoms tussen grammatika en denkvorme te verwag, is, sedert die ontwikkeling van wetenskaplike metodes, 'n illusie"

Uit bostaande is dit dus duidelik dat Mahr se benadering, soos ook dié van Boman, vrugtelos is vir linguïstiese betekenisbepaling.

2.1.2 Donald en die SVT

In sy artikel oor die semantiese veld van "folly" in die Psalms, Job, Spreuke en Prediker, gaan hy geheel onkrities te werk met die bevindinge van Trier en Ullman. Uiteindelik trek hy 'n tabel op waarin al die woorde in die boeke van die O.T. 'n plek gegee word op só 'n wyse dat hulle mekaar aanvul tussen die twee grense: "mental and moral inculpability" en "mental and moral culpability." Hy is wel versigtig deur dit 'n "eksperimentele diagram" te noem, maar wat hier beoordeel moet word, is nie soseer sy resultate nie, maar sy metode. Hieroor kan die volgende opgemerk word:

1. Hier word n.a.v. 'n Europese filosofiese struktuur kategorië vir "gedagte-inhoude" a priori gegee. Aan dié bepaalde "begrip" word 'n Anglo-Saksiese omvattende eenheidsterm "folly" gegee wat uit die aard van die saak nie Semities is nie.
2. Om te praat van "the semantic field of folly" is verder om 'n enkele woord te stel teenoor 'n aantal woorde in 'n ander taal. Sou die omgekeerde ook gedoen kon word: "The semantic field of לֵצִי in English?"⁷⁷⁾ Dit gaan in hierdie studie hoofsaak-

lik om 'n miskenning van die outonomie van die woord en van die funksionaliteit van die woord in 'n gegewe konteks.⁷⁸⁾

3. Hier word 'n veralgemening gemaak t.o.v. die verskillende taalsfere waarin die onderskeie konstituerende elemente van die sg. "veld" voorkom bv. Wysheidsliteratuur en Psalmliteratuur met sy verskeidenheid "Gattungen." Die veronderstelling van Donald nl. dat alle taalgebruikers "(are) closely allied in language and vocabulary,"⁷⁹⁾ is nie geldig nie.⁸⁰⁾
4. Verder is hier ook nie 'n poging aangewend om die eis van die SVT nl. om sinchronies te werk, ten uitvoer te bring nie. Sy veronderstelling in dié verband gaan nie op nie:

"We must assume that the books we examine are, in some sense, a unity The study may be assumed to be diachronic ..."⁸¹⁾
(Ek onderstreep)

Daarvoor is die tydsverskil tussen sommige Psalms soos Ps. 68, 41 ens. en exiliese en selfs post-exiliese gedeeltes te groot. Met verloop van tyd ondergaan sekere woorde, kragtens die vryheid van taaltekens m.b.t. die saak wat hulle beteken, betekenisverandering.⁸²⁾ 'n Diachroniese "veldstudie" is juis om hierdie rede prinsipiëel onmoontlik.

5. Om 'n sg. veld te kan diagrammatiseer, veronderstel dat die betekenis van die "omliggende woorde" bekend is. Anders is dit onmoontlik om te weet of twee woorde kontrasterend of aanvullend t.o.v. mekaar is. Dus, al sou hierdie werkmetode bruikbaar wees, wat dit wel by bepaalde kontekste is, is woordbetekenis nog altyd primêr aan die veld. Leksikografie lê dus ten grondslag van enige moontlike "semantiese veld."

Hiermee word dus 'n skerper onderskeid gemaak tussen leksikografie en die SVT as wat Finngeir Hiorth tref, nl. dat dit in wese dieselfde metode is.⁸³⁾

2.1.3 Samevatting : SVT⁸⁴⁾

1. Aangesien die SVT heel dikwels met ekstra-linguïstiese voorveronderstellinge werk vir betekenisbepaling;
2. aangesien die SVT nie voorsiening maak vir diachroniese gegewens en literatuursoorte nie en
3. terwyl leksikografie ten grondslag van enige sodanige studie lê

kan prinsipiël nie van hierdie teorie uitgegaan word nie, hoewel daar veel bruikbaar in is.

2.2 Die Bemiddelings- en semantiese differensiaal-hipotese

In 'n sekere sin vloei hierdie hipotese in dieselfde bedding as die SVT, maar prakties staan hulle feitlik polêr. Die ooreenkomstige bestaan hoofsaaklik daarin dat albei betekenis as iets ekstra- of supralinguïsties sien.

Dat dit inderdaad die geval is by die psigolinguïstiek blyk uit die benaderingsmetode van Bloomfield⁸⁵⁾ nl. dat 'n taalteken ("sign") 'n "stimulus" is en die betekenis van die teken die "reaksie" van die organisme op die stimulus. In hierdie tipe behaviorisme grond ook Pike sy benadering terwyl dit Z.S. Harris⁸⁶⁾ tot die gevolgtrekking gebring het dat die betekenisleer by die taalondersoek - as suiwer linguïstiek - nie gebruik moet word nie. Chomsky het aanvanklik as leerling van Harris ook dié benadering voorgestaan, maar het gaandeweg ook van standpunt verander.⁸⁷⁾

Hoewel die psigolinguïstiese metode se dwaalweë t.o.v. betekenis deur Antal⁸⁸⁾ aangewys is, is daar tog nog steeds 'n tendens om betekenis so te wil benader.


2.2.1 Osgood en die Bemiddelings- en Semantiese differensiaal-hipotese

Die basiese werkmodes van die psigolinguïstiek kan soos volg opgesom word.⁸⁹⁾

1. \dot{S} , 'n stimulusobjek of -objekte, roep 'n komplekse patroon van reaksie op by die organisme. Reaksies wat in intensiteit en aard wissel na gelang van die teenwoordigheid al dan nie van \dot{S} . (Soms kom dieselfde patroon voor in afwesigheid van \dot{S}).
2. Stimuli anders as \dot{S} , maar voorheen geassosieer met \dot{S} , voorgestel deur \underline{S} , roep 'n gereduseerde deel van die totale reaksiepatroon wat die organisme in teenwoordigheid van \dot{S} sou vertoon, op, maar onderworpe aan sekere wetmatighede.
3. Die gedeelte van die reaksiepatroon wat deur \underline{S} opgeroep word, vertoon 'n minimum skakering a.g.v. die diskriminatoriese vermoë van die organisme. Hierdie vermoë van \underline{S} om 'n reaksiepatroon by die organisme op te roep in afwesigheid van \dot{S} , word genoem: Selfstimulasie.
4. Hierdie selfstimulasie wat voortgebring word deur bemiddeling van

die Simbool \boxed{S} (in afwesigheid van \dot{S}), word, in wisselende intensiteit, gekondisioneer deur die oorspronklike reaksies. Die bemiddelde selfstimulasie van die teken \boxed{S} , in afwesigheid van \dot{S} , is betekenis.


Hierdie patroon van betekenisvorming word soos volg voorgestel:



(R_T = komplekse reaksiepatroon; r_m = reaksie deur mediasie: die gereduseerde reaksiepatroon; s_m = selfstimulasie d.m.v. mediasie;

R_x : verskeidenheid van waarneembare reaksies).

Hoe meer dikwels die organisme met \boxed{S} gekonfronteer word, des te meer word die bemiddelde reaksiepatroon geselekteer en word die "betekenis" vasgelê. Iemand wat nog nooit 'n Zebra gesien het nie, behalwe op foto's, het S nooit waargeneem nie, maar eerstens met \boxed{S} kennis gemaak. Hierdie betekenisvorming word soos volg voorgestel:



Nou wil Osgood vir hierdie bemiddelde reaksiepatroon (= betekenis) 'n metingswyse ontwerp. Nadat hy verskillende moontlikhede van die hand wys, ontwerp hy die prosedure van die semantiese differensiaal, wat kortliks op die volgende neerkom:

By 'n gegewe groep mense is daar 'n gemeenskaplike "betekenis" vir 'n woordsimbool. Hierdie betekenis kan beskou word as 'n konsep van betekenisvariasies waarvan baie essensiël ekwivalente is en derhalwe op 'n een-dimensionele skaal voorgestel kan word tussen twee polêre terme. So word dan op 'n liniêre skaal 'n "semantiese ruimte" vir so 'n konsep geskep, bv.

Pasifis: Goed/ : : : : : /wreed.

Met 'n uitgebreide veelpuntskaal kan alle betekenisvariasiemoontlikhede onderskep word. So het Osgood se toetsgroep volgens hierdie metode die woord "polite" se "betekenis" vasgestel:

Groep 1 (N.20) "polite" _____
 Groep 2 (N.20) "polite" - - - -

vierkantig/	:	:	:	:	:	:	/gerond
swak	/	:	:	:	:	:	/sterk
grof	/	:	:	:	:	:	/glad
aktief	/	:	:	:	:	:	/passief
klein	/	:	:	:	:	:	/groot
koud	/	:	:	:	:	:	/warm
goed	/	:	:	:	:	:	/sleg
gespanne	/	:	:	:	:	:	/ontspanne
nat	/	:	:	:	:	:	/droog
vars	/	:	:	:	:	:	/oud.

Met die oog op die studie wat gedoen moet word, kan die volgende as kritiek aangebied word:

1. Vir Bybelse Hebreeus is so 'n metode (waar proefpersone nodig is) prakties uitgeslote.
2. Prinsipiël kan egter ook teen die metode beswaar ingebring word. Betekenis en taal word hier as 'n ekstra-linguïstiese fenomeen beskou. Hierdie standpunt is reeds in § 1 afgewys as onjuis. Betekenis is 'n suiwer linguïstiese verskynsel.
3. Hierdie aangepaste Pavloviaanse kondisioneringsteorie is onbruikbaar vir woorde soos "in", "op", "langs" ens., wat grammatikaal bydra tot betekenis. Uiteindelik verskil die metode nie veel van die van die Mentaliste nie, 'n rigting wat deur Osgood afgewys word.
4. Betekenis is 'n linguïstiese waarde wat per konteks alleen vasgestel kan word. In 'n sarkastiese gebruik sou "polite" presies die teenoorgestelde betekenis hê as in 'n normale gebruiksfase. Verder is daar kontekse soos "polite literature", wat weer 'n ander faset van die betekenis verteenwoordig.⁹⁰⁾ Waar die SVT dus alleen van woorde wil praat binne 'n sekere "begripkonteks", gaan hierdie teorie na die ander uiterste nl. om 'n woord in absolute isolasie te bestudeer.
5. Daar is nog 'n gemeenskaplike fout by hierdie teorie en die SVT.

Lg. kontrasteer a en b sonder om te wil vra (al is dit onvermydelik) na hulle afsonderlike betekenis. E.g. teorie gee sondermeer aan 'n woord 'n reeks betekenisemoontlikhede, sonder om die taal toe te laat om self kategorieë van betekenis te voorsien. Soms word kategorieë gegee wat linguïsties volkome irrelevant is bv. "vierkantig-gerond" t.o.v. "polite". Selfs al sou 'n toetspersoon in so 'n geval 'n 0-waarde kon weergee (punt 4 op die 7-puntskaal), beteken dit in linguïstiese terme dat daar wel so 'n waarde bestaan. Vgl. bv. nulmorfeme, nulgetalle⁹¹⁾ ens.

6. Laastens kan opgemerk word dat Osgood se betekenis-kategorieë eerder "gevoelwaardes" (afkeur of goedkeuring) is, as betekenis. En sulke gevoelwaardes is nie kommunikeerbaar nie. En wat nie kommunikeerbaar is nie, is nie taal nie of kan nie ver-taal word nie.⁹²⁾ Dit sou dus linguïsties beoordeel, uiteindelik kon blyk dat hierdie metode hoegenaamd nie met "betekenis" werk nie: en dit is wat hierdie metode in hierdie vorm vir die linguïstiek prinsipiëel onbruikbaar maak.

2.3 Linguïstiese betekenisbepaling

Soos dikwels opgemerk is, is woord en betekenis intrinsiek verbonden en is betekenis 'n linguïstiese verskynsel. Om dus 'n adekwate teorie van betekenis daar te stel, moet daar begin word met taalkundige konstruksies.⁹³⁾ Want afgesien van die feit dat 'n woord, synde gekonstitueer deur 'n leksikale morfeem (in sommige gevalle), selfstandige betekenis het en primêr is t.o.v. die sin, is dit ook so dat - soos ook reeds voorheen gesê is - die sin die basiese boodskapdraer in die kommunikasie-proses is. Daarom is dit nodig dat die funksie van 'n woord in die sin eers bepaal moet word en net so ook alle ander taalstrukture se funksie in hulle gebruiksfase. Betekenisbepaling is dus basies sintaktiese ontleding van die konteks (sin en wyer verband) waarin die woord voorkom.

Dit is opmerklik dat taal, om sekere gedagtes uit te druk, sekere vaste taalkonstruksies (sintaktiese reëls) gebruik. Enkele van hierdie reëls is woordorde (spreiding)/naamvalle (woordfunksie),⁹⁴⁾ groepering,⁹⁵⁾ ens. Vgl. die volgende "sinne":


* לאור קראו יהוה יום:
* מכרתי את-המוצאים המלך:
* גדלה האישי:

Nie een maak sin uit, nie omdat hulle taalkundig verkeerd gekonstrueer is. Die wyse van samestelling van sinne is dus van wesenlike belang vir betekenis.

2.3.1 Linguïstiese betekenis en oppervlaktestrukture

Soms is 'n sin se betekenis sondermeer duidelik, d.w.s. waar die betekenis opgemaak kan word uit die somtotaal van die betekenis van die samestellende woorde van die sin. Hierdie sinne wat so aan die oppervlaktestruktuur verstaan kan word, heet endosentriese sinne.

Vgl. die volgende sin:



Dit gebeur egter heel dikwels dat, volgens 'n bepaalde stel reëls van 'n taal, so 'n duidelike stelling só "kompak" gestel word, dat dit nie sondermeer duidelik is wat bedoel word nie. So 'n sin kan dan dubbelsinnig of selfs duister wees, en word 'n eksosentriese sin genoem. D.w.s. taalstrukture wat nie op die oppervlakte verskyn nie - sintaktiese reëls - moet gebruik word om die konstruksie te kan verstaan. By die inheemse taalgebruiker is so 'n "teruggryp" na sintaktiese reëls natuurlik 'n onderbewuste proses. Maar dit moet in linguïstiese beskryping aangetoon word hoedat 'n spesifieke oppervlaktestruktuur ontstaan voordat die betekenis van die sin verstaan kan word. Hiervoor word gebruik gemaak van sg. dieptestrukture⁹⁶⁾ of konseptuele strukture.⁹⁷⁾

2.3.2 Linguïstiese betekenis en dieptestrukture

Wat dieptestrukture behels, is in die vorige paragraaf aangestip. 'n Voorbeeld sal dié begrip illustreer: בני החתנה

Bloot oppervlaktestruktureel beskou, sou bostaande kon beteken óf die bruidspaar óf die stooijonkers óf die bruidsgaste. Dit beteken egter net die tweede: die stooijonkers. Tentatief sou עזרו הבנים בחתנה as generasiepunt van בני החתנה beskou kon word. Die proses van transformasie vanuit die dieptestrukturele generasiepunt tot die oppervlaktestruktuur kan dan soos volg uiteengesit word (waar die terme tussen hakies die sintaktiese reëls verbode aan die bepaalde transformasieproses benoem):

עזרו הבנים בחתנה

(Relativering) הבנים אשר עזרו בחתנה

(Werkwoordskrapping) הבנים אשר בחתנה

(Derelativering) בני החתנה

Dit sal dus in so 'n geval nodig wees om te vra na die dieptestruktuur. Gekwalifiseerd sou dié betekenis ook die bedoelde betekenis genoem kon word.

Dit kan ook gebeur dat dieselfde oppervlaktestruktuur kan resulteer uit verskillende prosesse van transformasie, d.w.s. dat dieselfde oppervlaktestruktuur nie altyd eenders t.o.v. betekenis funksioneer nie.⁹⁸⁾

Vgl. die volgende voorbeelde:


1.	(Jer. 7:4)	היכל יהוה
2.	(Jes. 22:2)	מתי מלחמה
3.	(1 Sam. 20:8)	ברית יהוה
4.	(Amos 4:11)	מהפכת אלהים
5.	(Gen. 42:30)	מדני הארץ
6.	(Amos 5:11)	כרמי יחמד
7.	(Gen. 2:15)	גן עדן
8.	(Amos 5:11)	משאת בר
9.	(Gen. 24:22)	נזם זהב
10.	(Deut. 26:5)	מתי מצט

In die tradisionele grammatika word hierdie tipe konstruksie soos volg aangedui:

- 1 - 4 : Genetivus Subjectivus.
- 5 - 6 : Genetivus Objectivus.
- 7 -10 : Genetivus Epexegeticus.

Vanuit die dieptestrukturele ontleding gesien, kan bostaande tiental voorbeelde soos volg voorgestel word:

1. היכל יהוה : Die betekenis hiervan kan tweërlei wees:



Vgl. bv. Ps. 144:12: waar בית המלך gebruik word as sinoniem van היכל המלך. Dit gaan dus duidelik om 'n woonplek. Die dieptestrukturele generasiepunt kan dus voorgestel word as:

← שכן המלך בהיכל ← ההיכל אשר שכן המלך בו ←
 ההיכל אשר המלך בו ← היכל אשר למלך ← היכל המלך :

M.a.w. in bg. voorbeeld (היכל יהוה) kan die Subjek van die handeling wees, 6f die Besitter van die tempel. In e.g. geval sal vereis word dat

"Jahwe" as nominatief opgeneem moet word. Formeel-opervlaktestruktureel staan יהוה as genitief⁹⁹⁾ gekonstrueer/gestruktureer. Dieptestruktureel is Jahwe óf datief ("behoort-aan" transformasie) óf Nominatief ("woon-in" transformasie.) T.o.v. lg. moontlikheid kom die tradisionele grammatika baie naby met: Genitivus Subjectivus. Maar die eerste moontlikheid word hiermee strenggesproke uitgeskakel. So sou ook geredeneer kon word t.o.v. no. 5, die sg. genitivus objectivus. יהארץ kan ook subjek wees en dus nominatief. Is יהוה die subjek, sal יהארץ datief wees. Dit sou dus beter kon wees om te praat van: genitivus-nominativus/-dativus/-accusativus ens. waar die eerste lid die sintakties-vormlike oppervlaktestruktuur aandui en die tweede die dieptestrukturele funksie.

2. יהוה אשר במלחמה < מתי מלחמה: "die manne wat in die oorlog doodgemaak is/gesneuwel het." In Afrikaans is daar nie h meer geskikte weergawe as dié van een van die transformasies nie: "manne wat in (die) oorlog gesneuwel het."

3. ברית יהוה (1 Sam. 20:8) Vgl. ברית יהוה (Deut. 4:23).

Hier is h duidelike voorbeeld van één oppervlaktestruktuur maar twee totaal verskillende dieptestrukture.

1 Sam. 20:8

היה יהוה עד בברית
ברית אשר היה יהוה עד בו
ברית אשר יהוה עד בו
ברית יהוה

6f

ברית יהוה הוא עד
ברית יהוה הוא
ברית יהוה


Deut. 4:23

כרת יהוה הברית (1)
היה הברית מיהוה (2)
ברית אשר מיהוה (3)
ברית יהוה (4*)

6f


הברית אשר כרת יהוה (2)
הברית אשר מיהוה (3)
ברית יהוה (4*)

Dit sou in h kort weergawe soos volg voorgestel kon word:




Sonder hierdie dieptestrukturele byvoorstellings waarmee die funksie van die samestellende dele van die konstruksie aangedui word, kan die oppervlaktestruktuur nie verstaan word nie.

4. מהפכת אלהים (Amos 4:11):








En gerekonstrueer n.a.v. die teksverband:



In hierdie geval sou die tradisionele genitivus subjectivus helderheid bring, maar selfs dié benaming is afhanklik van die dieptestruktuur. Vgl. no. 3 hierbo. Die voorbeeld van 1 Sam. 20:8 sou ewe goed pas onder genitivus epexegeticus, maar dié van Deut. 4:23 nie. Die terminologie laat dus 'n onduidelikheid ontstaan oor waar sekere konstruksies geplaas moet word. Selfs die reeds voorgestelde terminologie (genitivus-nominativus ens.) is nie voldoende nie. Die verskillende konstruksies sal benoem moet word n.a.v. die transformasie(s) wat nodig is om dit te verstaan. Bv. no. 3 sou genoem kon word: type אשר + omskrywing (1 Sam. 20:8); type אשר (Deut. 4:23); no. 4: type אשר + objek ens.

6,7,8,9,10: כרמי חמד ; משאת-בר ; נזם זהב ; מתי מעט ;
גן אדן



Epexegeticus is 'n beskrywende term, maar 'n baie onpresiese term en 'n swak aanduiding van die funksie van die konstituerende elemente van die konstruksie. Ook hier sou "transformasionele" terme hulp kon verleen.


Uit bostaande blyk dit dus ook dat die sg. genitivus objectivus logies ingepas het by die behandeling van die subjectivus en die epexegeticus nl. אָדנִי הָאֵרֶץ en כְּרַמֵּי חֶבֶד die een as 'n לִּישָׁר -transformasie, die ander as 'n אֲשֶׁר הָיָה -transformasie.

In Verdere aanvegbaarheid in die benaming van hierdie tipe konstruksie is die terme: status absolutus en status constructus. Tradisioneel word die twee lede van die konstruksie ook benoem as nomen regens en nomen rectum, waar die nomen rectum (st. abs.) "selfstandig" kan voorkom en die nomen regens (st. cstr.) nie. As die sg. st.abs. tegelykertyd ook genitief genoem word, is dit 'n contradictio in termini, want as genitief kan dit ewe min as die eerste lid in die konstruksie absoluut gebruik word. Dan verkeer albei in 'n gekonstrueerde staat.

Veel eerder vorm die twee lede tesame nou 'n nuwe (saamgestelde) woord/woordgroep. Dié woord of woordgroep is dan 'n "drastiese" transformasie van 'n veel langer konstruksie. Vgl. ... $\text{vir [כְּבִיוֹם אֲשֶׁר]} \text{] מֵהַפְּכַת אֱלֹהִים}$ in 1 Sam. 20:8 $\text{vir בְּרִית אֲשֶׁר הָיָה יְהוָה עִדְּבוּ}$ of הִפְךָ אֱלֹהִים . En by 'n vertaling van so 'n woord (-groep) moet uiteraard van een of ander stadium van die transformasieproses gebruik gemaak word.

Die voorafgaande opmerkings kan voldoende wees om aan te toon dat nuwe terminologie nodig is en dat die werkhipotese van die transformasionele-generatiewe grammatika veel kan bydra tot die opklar van moeilike konstruksies in Hebreeus.

Dieselfde geld vir die beskrywing van die funksionering van ander konstruksies as die "genitiefkonstruksie." Vgl. bv. שִׁמְרָתָם מִצוֹת $\text{יְהוָה אֱלֹהֵיכֶם לָלֶכֶת בְּדַרְכֵינוּ וְלִירְאָה אֶתנוּ}$. Die konseptuele/dieptestruktuur van hierdie sin kan soos volg uiteengesit word:



Die relativierende transformasie (אשר -transformasie) sou dan wees:

שמרתם מצות אשר צוה יהוה אשר היה אלהים לכם; הלכתם
בדרכים אשר צוה יהוה; יראתם (את) יהוה:

Wanneer hierdie "אשר -transformasie" in ooreenstemming met die konseptuele struktuur gebring word, blyk dit dat daar 'n modale verhouding bestaan tussen שמרתם en הלכתם / יראתם. Lg. twee gee die wyse weer waarop "bewaar" word. שמרתם (ה) מצות אשר M.a.w. die funksie van die inf. is hier modalisering: "Julle bewaar deur te wandel," ens.¹⁰⁰⁾

Betekenis en sintaktiese funksie is dus twee baie nou verbonde taalkundige verskynsels.

2.4 Woordbetekenis en etimologie


Soms word die betekenis van 'n wortelmorfeem en dié van 'n leksikale morfeem deur taalwetenskaplikes verwar, en soms ook die betekenis van wortelmorfeme en woorde. In e.g. geval word nie rekening gehou met die sin-en diachronie nie en in lg. geval, buiten voorgenoemde vergissing, ook nie met die funksie van woorde in konkrete sinne nie.

Volgens hierdie metode, wat etimologisme genoem kan word, word onderskeid gemaak tussen 'n woord se betekenis en sy sg. "eintlike" betekenis, of daar word beweer dat 'n woord se betekenis in 'n bepaalde geval x is, maar "agter" hierdie betekenis "lê" y, wat die "eintlike" betekenis is, waar y die waarskynlike betekenis van die wortelmorfeem is. Enkele voorbeelde sal bostaande illustreer.

Cremer¹⁰¹⁾ maak onderskeid tussen semasiologie en etimologie en verklaar die terme soos volg:

"De etymologiese is de formele of eigenlyke betekenis van een woord; de semasiologiese is de syntactische of feitelyke."¹⁰²⁾

En elders¹⁰³⁾ word die semasiologiese beskryf as 'n nuansering van die "eintlike" betekenis. Hoewel Cremer graag die term "wortel" of "stam" vermy¹⁰⁴⁾ is dit waarmee uiteindelik in so 'n benadering gewerk word. Daarom juis gebruik by 'n tipe voorstelling¹⁰⁵⁾ soos uitgebeeld:



Die verskillende toppe van die driehoek stel die semasiologiese nuanses voor en die gemeenskaplike basis die etimologiese of "eintlike" betekenis.

Snaith¹⁰⁶⁾ verklaar אֲשֶׁר in Ps. 1:1 "'blessed is' literally 'happiness of'" Hierdie sg. letterlike betekenis kan afgelei word van h Semitiese wortel wat "voetstap" beteken. Daarom beteken אֲשֶׁר eintlik "who goes straight ahead."¹⁰⁷⁾

So vra Kahn¹⁰⁸⁾ na die "primêre" betekenis van אֲשֶׁר: "What does Kadash really mean? What is its origin, its etymology?" En hoewel hy hom nie dikwels hieraan skuldig maak nie, stel Koole¹⁰⁹⁾ dit dat אֲשֶׁר letterlik beteken: "hard as a stone.Hier beteken dit den festen, zuversichtlichen Gemütszustand...." (Haggai 2:4). Vgl. egter die talle betekenismootlikhede wat deur Baumgartner genoteer word.¹¹⁰⁾ Daar bestaan geen enkele geval waar אֲשֶׁר (Impt.) enigiets met "hardheid" te make het nie. Wat Koole in gedagte moes hê, is $\sqrt{-h-z-g-} + /-ā-ā-/ + /-p/$ en dit is h ander woord.

Gewoonlik word "betekenisse" wat nie met die "grondbetekenis" verbind kan word nie, as toevallige of "uitgebreide" betekenisse bestempel.

Gesien teen die feit dat Barr¹¹¹⁾ reeds hierdie etimologisme as "root fallacy" afgewys het, kan hier met enkele opmerkinge volstaan word:

1. Wortelmorfeme se betekenis (indien nog bekend) hoef nie (meer) deur die leksikale morfeem se betekenis weergegee te word nie, veral nie in elke betekenisvariant van die leksikale morfeem nie.

2. Betekenis kan eers bepaal word wanneer die woord of leksikale morfeem as woord of leksikale morfeem funksioneer. h Leksikale morfeem mag h groot betekenisfeer hê, maar alle betekenisvariante word nie gelyktydig gereleveer nie. In sy gebruiksfase word één bedoelde/dieptestrukturale betekenis (betekenisvariant) gereleveer sonder h betekenis "daaragter." Om wel h betekenis "daaragter" te soek, is om die vryheid van taaltekens te ontken. Want kragtens hierdie vryheid kan die betekenis van h taalteken "uitsterf," "uitbrei," "herleef," ens.¹¹²⁾ Daarom is h bewering soos dié van Sutcliffse¹¹³⁾ nl. dat הָ en לָ nooit "from" beteken nie, maar dat sekere kontekste die gedagte van afstand laat ontstaan en so h "from" betekenis "afdwing," nie te aanvaar nie. As die konteks vereis dat dié twee woorde "from" moet beteken, dan beteken dit "from." Dan "dwing" die konteks nie die betekenis af nie, maar is הָ en לָ in daardie

kontekste gebruik omdat die betekenisfeer van die twee woorde "from" insluit.¹¹⁴⁾

2.5 Betekenis en semantiese polarisasie

Nöldeke het reeds aan die begin van die eeu gepraat van "Aqdād: Wörter mit Gegensinn."¹¹⁵⁾ En heel onlangs het Emerten¹¹⁶⁾ opgemerk dat $\sqrt{\text{כבוד}}$ "eer" of "oneer" kan beteken.¹¹⁷⁾ Hierdie verskynsel doen hom voor binne dieselfde taal (vgl. Hebr. ב = "in"/"uit"; ירד "opgaan"/"afkom"; ברך "seën"/"vloek" ens. en die klassieke Arabiese جود "wit" of "swart"¹¹⁸⁾) of oor taalgrense heen (bv. אבה "gewillig wees"; אבי "weier"; ישב "sit"; وتب "opspring" ens.).

Wanneer hierdie verskynsel beoordeel moet word, kan, veral met die oog op hierdie studie, die polarisasie oor taalgrense heen buite rekening gelaat word. Hoewel dit 'n uiters interessante verskynsel is, is dit 'n ontoelaatbare gelykstelling omdat die beginsels van sinchronie hier verwaarloos word.¹¹⁹⁾

Semantiese polarisasie is 'n moeilik hanteerbare term aangesien die "vertrekpunt" op so 'n polêre ontwikkelingslyn sondermeer 'n "neutrale" punt moet wees. Daarom moet ook hier met onderskeiding op sin- en diachronie gelet word: Bestaan die sg. polêre betekenis binne dieselfde sinchroniese geheel? So nie het 'n betekenisverskuiwing plaasgevind waar die een pool vergete geraak het.¹²⁰⁾ Indien die polêre betekenis wel binne 'n sinchroniese geheel bestaan, kan die verskynsel nie as homofonie verklaar word nie?¹²¹⁾ Verder moet noukeurig gelet word op die woordstruktuur: is die polêre betekenis se klankvormlikes eenders gestruktureer? Vgl. bv. Hebreeuse בוא (Qal) en בוא (Hif.).

Dit blyk dus dat woorde in hulleself sowel as in hulle sinsverband baie noukeurig ondersoek moet word alvorens twee betekenis wat aan 'n woord verbind is, as polêre betekenis opgeneem kan word.

2.6 Die kartering van die betekenis van leksikale morfeme

Met verwysing na relevante literatuur kan enkele metodes vir die kartering van betekenis aangestip word. Dit geld dan ander metodes as die leksikale notering waarvan reeds in § 1.1.1 gebruik gemaak is.

2.6.1 Betekenisbome:

D.m.v. 'n kombinasie van die metodes van voorstelling van die transformasionele generatiewe grammatici en die voorstanders van die SVT het

Katz en Fodor¹²²⁾ hierdie metode ontwerp. Verskillende kontrasterende kategorië (menslik - dierlik : + menslik; - menslik; - volwasse; + volwasse ens.) word d.m.v. h "boom" - soos gebruik deur die T.G.G. - voorgestel. Verder word grammatikale kategorië sowel as semantiese merkers aangedui (= kontrasterende kategorië).¹²³⁾

2.6.2 Komponensiese analise:

Hoewel hierdie metode gewoonlik aangewend word vir die voorstelling van reekse verwante woorde,¹²⁴⁾ kan dit ook gebruik word vir die voorstelling van die betekenisfeer van enkele woorde.¹²⁵⁾ h Verteenwoordigende verskeidenheid van kontekste waarin die woord voorkom, word opgestel en d.m.v. allerlei kontrasterende komponente op h kaart voorgestel. (Komponente bestaan ewe - eens uit bv. Persoonlik[±]; menslik[±]; lewend[±], ens.). In wese kom dit nou ooreen met die metode van Katz en Fodor.

2.6.3 Ontleding na subjek-objek volgens kontekste.


Hierdie metode is ontleen aan die wysbegeerte. Hier word by elke handeling waar die ondersoekte woord in voorkom, ontleed en vasgestel wie of wat die objek en die subjek van daardie handeling is en wat die verhouding tussen hulle is. Die resultaat word dan soos volg gestel:

die woord (x) stel h	$\left[\begin{array}{l} 1 \\ 2 \\ 3 \end{array} \right]$	verhouding tussen h
		en h [± Lewende (diepte)-subjek/
		objek/ voor.

So word die benaderde logiese verhouding tussen die subjek en die objek aangedui.

2.6.4 Kartering van gedeeltelike sinonieme.

Sinonieme het uit die aard van die saak nie identiese betekenis nie, maar wel h ooreenstemming in sommige betekenisvariante. So h ooreenstemming in betekenisvariante kan grafies voorgestel word. Vgl. bv. die woorde כלי en שולל wat elk h redelik groot verskeidenheid betekenisvariante het, maar ooreenstem daarin dat albei o.a. versiersels en bedekking kan voorstel:




3. Kommunikasie

Aanvanklik is opgemerk dat taal 'n kommunikasie-instrument is. In die voorafgaande paragrawe is ingegaan op taalttekens en hulle betekenis-funksie. In hierdie paragraaf word aandag gegee aan die proses van kommunikasie en die verskynsels wat bydra tot of afbreuk doen aan die verstaanbaarheid van die boodskap wat oorgedra word d.m.v. taal en taaltekens.

Vir dié doel sal kortliks aandag gegee word aan die kommunikasie- of informasieteorie en veral aan sekere "geruise" wat voorkom in die kanaal tussen die Oorsprong en die Reseptor van die "boodskap" van die teks van die Ou Testament.

Dit is vir dié doel nie nodig om 'n uitgebreide uiteensetting van die informasieteorie te gee nie.¹²⁶⁾ 'n Skets met 'n paar opmerkings daarby sal voldoende wees.



Die boodskap beweeg vanaf die Oorsprong (O) na die reseptor (R) deur 'n kanaal, d.i. tyd en ruimte. Die boodskap word deur die Oorsprong gekodifiseer in klankreekse d.m.v. 'n kodifiseerder (K) wat in die algemeen as "taal" benoem kan word. Die Reseptor besit 'n nagenoeg eenderse apparaat (ewe-eens taal) waarmee die gekodifiseerde boodskap gedekodifiseer kan word. Daar werk egter steurende invloede in op die kanaal sodat die gang van die boodskap versteur kan word en die duidelikheid verlore kan gaan. Juis om hierdie faktor te oorkom, word sekere elemente van die boodskap herhaal, sodat, indien sekere elemente nie die Reseptor bereik nie, die res voldoende sal wees om nog 'n verstaanbare boodskap te vorm: d.w.s. daar is 'n sekere "oortolligheid" in die taal. Vgl. bv. סכרת' אהגדולה : אתהטובה הטובה והגדולה. Hier word twee oortollige kontinue segmentele morfeme wat determinasie aandui en twee kontinue segmentele (paradigmatiese) morfeme wat geslag aandui, gebruik. Sodoende dien die konteks ter wedersydse aanvulling vir die konstituerende elemente van die sin, sodat die boodskap so ondubbelsinnig moontlik ontvang kan word.

Wanneer die kanaal oor 'n lang en uitgestrekte tyd-ruimtelike verband

beweeg, is dit vanselfsprekend dat al hoe meer steurende elemente, geruise genoem, op die kanaal sal inwerk en die gang en ontvangs van die boodskap sal versteur. Daar sal nou aandag gegee word aan enkele van hierdie geruise wat van belang is wanneer met Hebreuse tekste gewerk word.

3.1 Geruise uit die ortografie.

Onder hierdie hoof word nie alleen die probleme rondom die skrif ¹²⁷⁾ verstaan nie, maar alles wat te doene het met die oorgelewerde teks.

Die teks waarmee gebruiklik gewerk word t.o.v. Ou-Testamentiese Hebreus, en waarmee ook in hierdie studie gewerk word, ¹²⁸⁾ is, veral wat die konsonante betref ¹²⁹⁾ in 'n groot mate betroubaar. Tog is daar talle variante lesings ¹³⁰⁾ waarmee rekening gehou moet word. Verder is daar sekere gedeeltes wat, met die huidige kennis van Hebreus, onverstaanbaar bly. Vir sulke gedeeltes moet aandag gegee word aan teksemendrasie. ¹³¹⁾ As daar nie genoegsaam aandag gegee word aan hierdie tipe geruise nie, ¹³²⁾ sal die boodskap alreeds in kodevorm swak ontvang word.

3.2 Geruise uit die Taalsfeer, Styl en Sintaksis.

By elke gespesialiseerde of redelik uniforme groep taalgebruikers ontstaan sg. semantiese neologismes ¹³³⁾ waar daar aan sekere woorde van die omgangstaal 'n nuwe betekenis-kategorie gevoeg word. Om dan die betekenis van 'n woord (veral waar dit as 'n term gebruik word) vas te stel, is dit nodig om die taalsfeer waarin dit gebruik is/word, vas te stel.

Vir hierdie doel lewer die sg. literêre kritiek van die Ou Testament 'n groot bydrae: dit kom neer op 'n ontleding van die verskillende genres wat in die Ou Testament gebruik word. ¹³⁴⁾ Nou met genres verbonde is styl en styl op sy beurt is weer gemoeid met sintaksis, ¹³⁵⁾ hoewel sintaksis nie noodwendig kriterium vir styltipes hoef te wees nie.

Om dus reg te laat geskied aan die oorgelewerde boodskap, is dit nodig om kennis te neem van die spesifieke taalsfeer, die bepaalde stylfigure - waardeur 'n woord se betekenis soms net vir die moment verander word - ¹³⁶⁾ en die sintaktiese verbindings waarin spesifieke woorde voorkom, veral as dit 'n sintaktiese konstruksie is wat eie is aan 'n bepaalde taalsfeer. ¹³⁷⁾

3.3 Geruise uit die kultuurgeskiedenis.

Hoewel kultuur nie dwingend is t.o.v. taal en taalkonstruksies nie ¹³⁸⁾ en taal nie dwingend is t.o.v. kulturele verskynsels nie, ¹³⁹⁾ is dié twee tog baie nou verbonde. ¹⁴⁰⁾ Elke taalgebruiker leef in sy kulturele milieu

en sal noodwendig eiesoortige dinge (sake) m.b.v. sy taal beskryf.¹⁴¹⁾

Dat kultuur-historiese gegewens dus as agtergrond vir bepaalde kontekste en selfs uitdrukkings¹⁴²⁾ bygewerk moet word, is onontbeerlik. Indien so 'n verwysingskema geïgnoreer word, word die persoon agter die teks vergeet en die teks atomisties benader.

Lg. het gebeur met die op-die-spits-gedrewe literêre kritiek.¹⁴³⁾ Eksterne gegewens m.b.t. die kultuur-historiese raamwerk waarin Israel geplaas moet word, is buite rekening gelaat. So 'n kultuur-historiese rekonstruksie kan op die beste gedoen word uit die argeologie van Siro-Palestina.¹⁴⁴⁾ So 'n kultuur-historiese rekonstruksie van die milieu waarin die Semiete geleef het, kan van onskatbare waarde wees om die geruise uit die oord tot 'n minimum te beperk. Vir dié doel kan gebruik gemaak word van buite-Bybelse geskrifte soos kontrakte, eposse ens. om te dien as voorbeelde van letterkundige genres, van die mense se relieuse opvattinge e.d.m.

4. Vertaling

Hoewel hierdie studie nie primêr die oog op vertaling het nie, is dit tog onvermydelik dat aan vertaling aandag gegee moet word, aangesien betekenis-kategorieë wat vasgestel word, uiteindelik 'n Afrikaanse "ekwivalent" nodig het om dit verstaanbaar te maak.

Dit sal egter as voldoende beskou word om te verwys na die uitgebreide werk van Nida in dié verband.¹⁴⁵⁾

Van belang is dat daar veral drie prinsiepe in gedagte gehou word:

1. Die konteks van elke woord moet in ag geneem word voordat 'n ekwivalent in die reseptortaal toegeken word.¹⁴⁶⁾
2. Die vertaalde gedeelte moet in die idioom van die reseptortaal wees.¹⁴⁷⁾
3. Wanneer 'n woord of uitdrukking van die taal van oorsprong nie met 'n sinvolle woord of uitdrukking in die reseptortaal gelykgestel kan word nie, kan parafrase die probleem oplos of verlig.¹⁴⁸⁾

Dit is inderdaad so dat sekere gedeeltes moeilik vertaalbaar is, maar dit moet onteenseglik afgewys word wanneer beweer word dat die Ou Testament in wese onvertaalbaar is.¹⁴⁹⁾ In dié mate waarin dit moontlik is om enige Semitiese taal in Afrikaans te vertaal, in dieselfde mate is dit moontlik om Hebreeus te vertaal.¹⁵⁰⁾ Die grootste probleem is in alle gevalle die verskil in sinskonstruksie, maar veral die kulturele verskille tussen die oorsprong (Oosters) en die reseptor (Westers).

VERWYSINGS

1. R.W. Langacker, a.w., 23v; Vgl. ook A.M.T. Meyer, Die konstitue rol rol van taal, Taalfasette, 9 (1969) 24 - 29.
2. Net so lê taal korrelasies vas tussen voorwerpe/belewenisse en taaltekens: Meyer, a.w., 29.
3. Vgl. M. de Villiers, Sintaksis en Semantiek, Taalfasette, 9 (1969) 44 - 59 m.b.t. die verhouding: taalteken, vorm, konstruksie en betekenis.
4. Vgl. o.a. A. Reichling, a.w.; E.B. van Wyk, Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe, 1958 (getikte dissertasie.); Langacker, a.w., 70v.
5. E.B. van Wyk, a.w., 183; Vgl. vir h latere definisie: A. Reichling, Verzamelde Studies, 1965, 35: "h Woord is h volstrek vormlik bepaalde taalbousel, wat t.o.v. die gelyksoortige bousels waarmee dit in onmiddellike verband voorkom, skeibaar is."
6. Vgl. P. Ziff, Semantic Analysis, 1964, 146v. Vir h resensie op dié werk J.J. Katz, Language, 38 (1962) 52 - 69.
7. E.B. van Wyk, a.w., 220-235; dies. Die probleem van Woordidentifikasie, Taalfasette, 6 (1968), 55-67 waar duidelik onderskeid gemaak word tussen woordkenmerke en woordtoetse; Vgl. ook A. Reichling, Verzamelde Studies, 29-36.
8. Vgl. E.A. Nida, Morphology, 1962, 1.
9. * Reichling en * Nida staan hier vir alle só-denkendes.
10. Vir hierdie term vgl. Van Wyk, Noord-Sotho en Zoeloe, 220 - 235.
11. Vgl. Langacker, a.w., 72 74 en vir h veel meer diepgaande beskrywing van morfeemtipes vgl. Nida, a.w., 62 - 77.
12. Vgl. E.B. van Wyk, Noord-Sotho en Zoeloe, 188.
13. Hiermee word *Nida se morfeembegrip dus verwerp.
14. Vgl. "Die sin bevat te veel 'wants' na my sin."
15. Vgl. vir h definisie van dié term § 1.1.2.5.
16. Funksionaliteit word hier slegs as linguïstiese funksionaliteit bedoel en moet onderskei word van funksionaliteit soos dit gebruik word deur Pike. Sien verder aan die einde van die paragraaf.
17. /p/ kan óf nul-/zerovariant óf nul-/zeromorfeem genoem word. Logies gesproke is h term soos zeromorfeem aanvegbaar, maar dat die afwesigheid van "uitbreidings" juis bydra tot duidelikheid, is seker. Vir die doeleindes van konsekwente terminologie is só h benaming dus te verkies. Vgl. hierteenoor: J.G.H. Combrink, Betekenis en Sintaksis, 1968, 7 - 8.

18. Die waardering van die sin as wesenlike element in die taalstruktuur is veral hoog by die transformasionele-generatiewe grammatici. Maar ook by die strukturaliste word dit soms só hoog aangeslaan dat die woord sy outonomie ontnem word. Vgl. bv. P.C. Paardekoper, Syntaxis, Spraakkunst en Taalkunde, 1955 en daarteenoor die resensie op dié werk deur J.W. Marchand in Language, 32/1 (1956) 479-484.
19. Vgl. K.L. Pike, Language in Relation to a Unified Theory of the Structure of Human Behavior, II, 1955.
20. H. Hoijer, Resensie op Pike, a.w., in Language, 32/1 (1956) 477.
21. K.L. Pike, a.w., 35 - 36.
22. Vgl. F.J. Labuschagne, Iets oor Aspek: Lingologies gesien, Taalfasette, 6 (1968) 17 - 26, waar 'n ander benadering t.o.v. funksie uitgewerk word nl. dié van die saak-in-funksie. In die onderhawige studie word funksie egter bedoel as linguïstiese betekenisfunksie, 'n gedagte wat aansluit by dié van Labuschagne.
23. Vir uitvoerige behandeling van hierdie verskynsels, vgl. o.a. S. Moscati, An Introduction to the Comparative Grammar of the Semitic Languages, 1969, 63 - 70; H. Bauer & P. Leander, Historische Grammatik, 175 - 178.
24. Vgl. H.M. Aboul-Fetouh, A Morphological Study of Egyptian Colloquial Arabic, 1969, 14.
25. Hiermee word Langacker se idee nl. dat alle Semitiese tale sillabies geskryf is, verwerp. (a.w., 65). Vgl. F.C. Fensham, Sekere Probleme i.v.m. die Klassifikasie van die Hamito-Semitiese Tale, Taalfasette, 6 (1968) 46 - 47 (46 - 54).
26. Voortaan sal die transkripsie gedoen word op die patroon van die algemeen-gangbare "Semitiese" transkripsie en nie volgens dié van die I.F.A. nie.
27. Hierdie voorbeeld word in gewysigde vorm aangehaal uit Aboul-Fetouh, a.w., 18.
28. So bv. C. van Heerden, Inleiding tot die Semantiek, 1965, 39v.
29. Vir 'n omskrywing van dié term, sien § 1.1.2.5.1
30. In die ortografie is □ (lidwoord) en □ ("vraagpartikel"); □ (3de pers. vroulik suffiks) en □ ("hē locale") egter nie te verwar nie.
31. Vgl. egter vorme van die Imperfectum 3 vr. ekv. en 1ml. ekv., ens.
32. Vgl. Aboul-Fetouh, a.w., 18.
33. Op hierdie kategorieë sal later ingegaan word.
34. Vgl. Nida, Morphology, 83 n. 10.
35. Vgl. Moscati, a.w., 73.
36. Moscati, t.a.p.

37. Terme soos semanteem, lekseem (Martinet), stam, ens. word vermy vanweë die taalteoretiese konotasies wat daaraan verbonde is. Vgl. A. Martinet, Elements of General Linguistics, 1964, 24 vv. Verder word met hierdie gekose benaming uitgedruk dat dit nie 'n aparte taalteken is nie, maar net 'n gevarieerde vorm van die morfeem.
38. Die rede vir die gelykluidendheid kan gesoek word by die verskynsel van sg. woordekonomie in taal asook by die verskynsel dat nie alle foneme in "Kontaktstellung" geplaas kan word nie. Akoesties-minimaal-distinktiewe foneme (Petráček) en soms ook artikulatories-minimaal-distinktiewe foneme (Cantineau) kom nie in aangrensende posisies voor nie. Vgl. K. Petráček, Die Inkompatabilität in der semitischen Wurzel in Sicht der Informationstheorie, Rocznik Orientalistyczny, 27/2 (1964) 133 - 139; J. Cantineau, vgl. S. Moscati, Comparative Grammar, 32.
39. Vgl. vir dié verskynsel, J. Orr, "On Homonymics" Archivum Linguisticum 17/2 (1965) 77 - 90.
40. Vgl. G.R. Driver, Hebrew Homonyms, Festschrift Baumgartner, VT Suppl. 16 (1967) 50 - 64.
41. Vgl. A.A. Hill, Laymen, Lexicographers and Linguists, Language, 46/2 (1970) 248 - 258 waar bv. twee leksikoninskrywings vir die Engelse "bachelor" bepleit word.
42. Vgl. M.H. Pope, The Word šht in Job 9, 31, JBL, 83/8 (1964) 269 - 278 waar onsekerheid oor die etimologie geïllustreer word d.m.v. die polifone aard van š en t; Vgl. ook: J. Barr, The Semantics of Biblical Language, 1967, 107 - 160.
43. Vgl. F.C. Fensham, Taalfasette 6 (1968), 49, 52 (46 - 54).
44. Soos wat die Sumeriese alfabet nie in staat was om Akkadies suiwer weer te gee nie: Vgl. Moscati, Comparative Grammar, 18; Fensham, t.a.p., veral p. 46.
45. Vgl. W. Wright, Comparative Grammar of the Semitic Languages, 1890, 47v; G.R. Driver, Hebrew Homonyms, 50.
46. Vgl. K. Petráček, Der doppelte phonologische Charakter des Ghain im klassischen Arabisch, Ar Or 21 (1953) 240 - 262; R. Růžička, La question de l'existence du ġ dans les langues sémitiques en général et dans la langue ugaritienne en particulier, Ar Or 22 (1954) 176 - 237.
47. So: W.A. Coates, Near-Homonymy as a Factor in Language Change, Language 44/3 (1968) 467 - 479.
48. Dit het Bar-Hillel in teenstelling met Z.S. Harris duidelik aangetoon, Language 30/2 (1954) 230 - 237.
49. Vgl. J.L. Weisgerber, Die Bedeutungslehre - ein Irrweg der Sprachwissenschaft? G.R.M. 25 (1927).

50. De Saussure het gebruik gemaak van die verskille, ooreenkomste en opposisies van uitdrukkingsmiddele onderling binne 'n sinchroniese taalnetwerk.
51. Vgl. S. Ullmann, The Principles of Semantics, 1959, 2; Vgl. Van Heerden, Semantiek, 1965, 72.
52. J. Trier, Wortschatz, 13: "Das Wesen der Sache ist durch Aufzeichnung ihrer Stellung und Wirkung innerhalb desjenigen Systems zu erforschen, dem sie jetzt angehört."
53. J. Trier, Wortschatz, 5.
54. J. Trier, Wortschatz, 6.
55. J. Trier, Das sprachliche Feld, Eine Auseinandersetzung, Neue Jahrbücher für Wissenschaft und Jugendbildung, 10 (1934) 430.
56. J.L. Weisgerber, Das Gesetz der Sprache, 1951, 27.
57. Vgl. S. Öhman, Wortinhalt und Weltbild, 1951, 73.
58. Öhman, a.w.
59. Ullmann, a.w.
60. A.C. Mahr, Semantic Evaluation, Anthropological Linguistics 3/5 (1961) 1 - 46.
61. T. Donald, The Semantic Field of "Folly" in Proverbs, Job, Psalms, and Ecclesiastes, VT 13 (1963) 285 - 292.
62. Van Heerden, a.w., 96 - 105.
63. Mahr, a.w., 1.
64. Mahr, a.w., 4.
65. T. Boman, Das hebräische Denken im Vergleich mit den griechischen,⁵ 1968. Vgl. ook: E.G. Clarke, The Hebraic Spirit, Can JT 12/3 (1966) 153 - 163; G. Gerleman, Struktur und Eigenart der hebräische Sprache, SEA 22/23 (1957/8) 252 - 264. Vir die jongste kritiek op "Boman se boek, vgl. D.G. van Vreumingen & A.S. van der Woude, "Hebreeuws" en "Grieks" denken, Kerk en Theologie, 20 (1969) 249 - 265.
66. Mahr, a.w., 5.
67. Vgl. J. Barr, The Semantics of Biblical Languages, 1967, 22.
68. Vgl. ook J. Schildenberger, Vom Geheimnis des Gotteswortes, 1950, 149: "Die Sprache und Redeweise des Hebräers ist konkret, ein Spiegelbild seines Denkens." Ook B.J. LeFrois, Semitic Totality Thinking, CBQ 17/2 (1955) 315.
69. E. Koschmieder, Das Problem der Übersetzung, Corolla Linguistica (Festschrift Ferdinand Sommer), 1955, 120 - 128. Hierdie aanhaling kom uit p. 123.

70. Koschmieder, t.a.p.; Vgl. ook W.F. Albright se artikel in History, Archaeology and Christian Humanism, (1964), 90.
71. H. Hoijar Lexicostatics: A Critique, Language 32/1 (1956) 59.
72. Vgl. hiermee die feit dat ἔλη reeds sedert Homerus "materiaal" beteken en veral by Aristoteles. Dan is daar geen verskil tussen f en d nie.
73. E. Sapir, Conceptual Categories in Primitive Languages, Science, 74 (1931) 578, aangehaal deur Hoijer, t.a.p.
74. Vgl. N.C.W. Spence, The Basic Problems of Ethnolinguistics, Archivum Linguisticum, 16/2 (1964) 145-156. M.b.t. die spesifieke probleem p. 154.
75. Hoijer, a.w., 55.
76. C. Serrus, Le Parallelisme Logico-Grammatical, (1933), 385.
77. Vgl. A. Kaplan, Definition and Specification of Meaning, Journal of Philosophy, 43 (1946) 287 (281-288).
78. Vgl. N.H. Richardson, Notes on ף and its Derivatives, VI 5 (1955) 163-179; 434-436.
79. T. Donald, a.w., 285.
80. Vgl. ss 3.3 hieronder.
81. T. Donald, a.w., 285. Vir h veel meer korrekte benadering wat dié probleme betref, vgl. H.J. Stoebe, Die Bedeutung des Wortes hāsād im Alten Testament, VI 2 (1952) 244-254.
82. Vir h goeie voorbeeld van so h betekenisverandering, vgl. H.W.F. Saggs, A Lexical Consideration for the Date of Deutero-Isaiah, JTS 10 (1959) 84-97.
83. F. Miorth, On the Relation between Field Research and Lexicography, Studia Linguistica, 10 (1956) 57-66.
84. Vir h meer uitgebreide kritiek, vgl. N.C.W. Spence, Archivum Linguisticum, 16/2 (1964) 145-156.
85. L. Bloomfield, Language, 1933, 139.
86. Z.S. Harris, Methods in Structural Linguistics, 1951, 8.
87. Vgl. J.D. McCawley, Review of Current Trends in Linguistics, vol. 3, Theoretical Foundations (ed. T.A. Sebeok) 1966, in Language 44/3 (1968) 556-579 (556-589).
88. L. Antal, Questions of Meaning, 1963. Vgl. pp. 25-27.
89. Uit: C.E. Osgood, The Nature and Measurement of Meaning, Psychological Bulletin 49/3 (1952) 197-237.

90. Vgl. B. Campbell, Metaphor, Metonymy, and Literalness, General Linguistics, 9/3 (1969) 149 - 166.
91. Vgl. vir nulgetalle J.G.H. Combrink, Betekenis, 7 - 10. Wel is daar sommige wat voorgee dat h woord op h bepaalde punt betekenisloos is. Dit is egter onmoontlik omdat dit dan geen taalteken meer kan wees nie, aangesien die onaanskoulike moment ontbreek. Vgl. J.J. Jenkins, Degree of Polarization and Scores on the Principal Factors for Concepts in the Semantic Atlas Study, American Journal of Psychology, 73 (1960) 274 - 279; p.274: "Degree of polirization is defined as the extent to which the profile for a given concept deviates from a completely neutral profile..... This is equivalent to measuring how far each 'concept point' is from the point of origin of the semantic space where the point of origin is considered to be the point which signifies 'meaninglessness'" (Ek onderstreep).
92. E.B. van Wyk, Noord-Sotho en Zoeloe, 200; sulke gevoelswaardes is "privaatbesit" en h privaattaal kan nie bestaan nie. Vgl. A.M.T. Meyer, Taalfasette 9 (1969) 24 - 29.
93. E. Nida, Toward a Science of Translating, 1964, 57. (57 - 69).
94. Vgl. M. de Villiers, Taalfasette 9 (1969), 44 - 59.
95. Vgl. F.A. Ponelis, Die Groep, Taalfasette, 6 (1968) 27 - 34; L. Bloomfield, Language, 1933, 184 v.; P.C. Paardekoper, Beknopte ABN-Syntaxis, 1966.
96. Vgl. N. Chomsky, Aspects of the Theory of Syntax, 1965.
97. Vgl. Langacker, a.w., 84 - 140.
98. Dit teenoor M. de Villiers, Taalfasette, 9 (1969) 53 (44 - 59) wat nie die gedagte van één oppervlaktestruktuur en twee of meer diepte-strukture wil onderskryf nie: "dit gaan om twee strukture wat toevallig eenders lyk." Hierdie voorbeelde wat volg verskil van gewone sg. sintaktiese homonimie. Die voorbeelde van "sametrekking" wat M. de V. op p. 54 gee, geld ewe goed as h proses van transformasie.
99. Hoewel Hebreëus nie hierdie "naamvalle" aandui nie, word dit hier bedoel in lyn met die tradisionele opvatting van h "genitiewe konstruksie." Om in terme van die dieptestruktuur die terme van naamvalle te gebruik, is egter geheel toelaatbaar.
100. Vir h grafiese voorstelling van hierdie transformasie Byvoegsel.
101. K.J. Cremer, Oudtestamentische Semasiologie, GThT 48 (1948) 193 - 209; 49 (1949) 1 - 15; 79 - 99; dies. Semasiologie en haar betekenis voor die Oudtestamentiese Exegese, Vox Theologica 20 (1949/50) 100-110.
102. GThT 48 (1948) 99.
103. GThT 49 (1949) 87.

104. Cremer, t.a.p.
105. GThT 49 (1949) 87 n.
106. N.H. Snaith, The Language of the Old Testament, The Interpreter's Bible, I, 1952, 224.
107. Billikheidshalwe kan die aanhaling volledig gegee word: "All this shows how apt is the use of the first word..... the happy man is the man who goes straight ahead, because, as the last verse says, 'The Lord knoweth the way of the righteous', while 'the ways of the wicked shall perish.'"
108. R.I. Kahn, Kodesh, Mishpat and Chesed, Religion in Life, 25 (1956) 574 - 581. Hierdie aanhaling kom uit p. 575.
109. J.L. Koole, Haggaï, Commentaar op het Oude Testament, 1967, 59.
110. W. Baumgartner, Hebräisches und aramäisches Lexicon, 1967, sub voce.
111. J. Barr, Semantics, 107 - 160. Vgl. veral 129 - 140.
112. Vgl. E.A. Nida, Translating, 49 - 50.
113. E.F. Sutcliffse, A Note on 'al, 1^e and "from," VT 5 (1955) 436 - 499.
114. Vgl. bv. לֵא as explicativum: J.P. Hayes en J. Hoftzyzer, Notae Hermopolitanae, VT 20/1 (1970) 98 - 106; לֵא as "vloek": A. Ehrman, A Note on Michah II, 7, VT 20/1 (1970); Vgl. ook: D.W. Thomas, Hebrew לֵא "Captivity" JTS 16/2 (1965) 444 - 445; M. Dahood, Vocative Lamedh in the Psalter, VT 16 (1966) 299 - 311; hoewel so iets soos לֵא "gekondisioneerde" betekenis wel voorkom, d.w.s. dat op 'n bepaalde moment vir 'n bepaalde doel 'n sekere woord gebruik word om net in daardie één situasie 'n spesifieke betekenis te dra. (Bv. in sarkasme). Vgl. M. Dahood, Comparative Philology Yesterday and Today, Biblica 50 (1969) 70 - 79 (veral 71 - 72); W. v.d. Weiden, Abstractum pro Concreto: Phaenomenon stilisticum, VD 44 (1966) 43 - 52.
115. T. Nöldeke, Wörter mit Gegensinn (Addād), Neue Beiträge zur semitischen Sprachwissenschaft, 1910, 67 - 108.
116. J.A. Emerton, JSS 14 (1969), 164.
117. Vgl. A.A. Macintosh, A Note on Proverbs xxv, 27, VT, 20/1 (1970) 113v., waar לֵא bespreek word n.a.v. die Arabiese لَا III en لَا
118. Vgl. E.W. Lane, Arabic-English Lexicon, 1955.
119. Vgl. bv. die verskil in betekenis tussen die Afrikaanse en Statevertaling by Rom. 16:19 en Hebr. 7:26 : Die Statevertaling gebruik "onnoozel" en die Afrikaanse vertaling "onskuldig." In Afrikaans beteken "onnosel" iets geheel anders.
120. Vgl. bv. C.G.N. de Vooy, Inleiding tot de Studie van de Woordbetekenis, 1943, 30 - 56 en veral die voorbeeld aangehaal uit die

Nederlandse skrywer Cats, waar "bedenckelyke" beteken: iets wat oordening verdien en "belachelijke" iets wat lagwekkend is. Hierdie "goeie" betekenis verdwyn en kom in latere Nederlands nie voor nie. Dit sou dus onvanpas wees om die vroeëre en latere betekenis van dié woorde as semantiese pole te beskryf.

121. M. de Villiers, Taalfasette 9 (1969) 53 meen dat daar talle voorbeelde is van homonieme (sy terminologie) wat daagliks onbewus gebruik word.
122. J. Katz & J. Fodor, What's Wrong with the Philosophy of Language? Inquiry, 5 (1962); dies. The Structure of a Semantic Theory, Language, 39 (1963) 170 - 210.
123. Vgl. E.A. Nida, Science of Translating, 38 met die literatuur daar aangehaal.
124. Vgl. W.H. Goodenough, Componential Analysis and the Study of Meaning, Language, 32/1 (1956) 195 - 216.
125. Goodenough, a.w., 215 - 216.
126. Vgl. vir 'n meer breedvoerige uiteensetting, E.A. Nida, Translating, 120 - 144.
127. Vgl. § 1.1.2.5.1 hierbo i.v.m. homofonie.
128. C B^{19A} van Leningrad wat waarskynlik 'n Ben-Asher-tek is, hoewel dit betwyfel word deur J.L. Teicher, The Ben Asher Bible Manuscripts, Journal of Jewish Studies, 2 (1950/1) 17 - 25; Vgl. H. Ginsberg, A New Edition of the Masoreto-Critical Bible, (oordruk 1966).
129. Vgl. W.F. Albright, The Old Testament and the Archaeology of Palestine, The Old Testament and Modern Study, (ed. H.H. Rowley) (OTMS), 1961, 25; D.W. Thomas, The Textual Criticism of the Old Testament, OTMS, 242 - 244.
130. Vgl. bv. die 115 handskrifte uit Babilonië wat deur P. Kahle gekatalogiseer is: Die hebräische Bibelhandschriften aus Babylonien, ZAW, 46 (1928) 242 - 244; die 34 Psalmfragmente wat deur J.A. Sanders gekatalogiseer is: Pre-Masoretic Psalter Texts, CBQ 27 (1965) 114 - 123; Vgl. ook L.M. Muntingh, Enige Variante by die Werkwoord in die Habakkukkommentaar, HTS 14 (1959) 79 - 82; ongelukkig is die variantelesings, soos dit in Kittel se derde uitgawe van Biblia Hebraica gegee word, nie baie betroubaar nie: vgl H.M. Orlinsky, The Textual Criticism of the Old Testament, The Bible and the Ancient Near East, (Albright - Feesgeskrif) 1961, 113 - 132, veral 114 - 116; vgl. ook voetnote 17 - 19 op p. 128 met die literatuur daar aangehaal.
131. Vgl. W.R. Hutton, Textual Emendation in the Old Testament, Bi Trans, 4 (1953) 13 - 14.
132. Vgl. G.Ch. Aalders, Some Aspects of Bible Translation Concerning the Old Testament, Bi Trans, 4/3 (1953) 97 - 102 met die reaksie van W.A. Irwin, Textual Criticism and Old Testament Translation, Bi Trans, 5/2 (1954) 54v; en Aalders se antwoord hierop, Translator or Textual Critic, Bi Trans 7 (1956) 15 - 16.

133. Vgl. J. Wils, Aspects of Sacral Language, Babel, 9 (1963) 37 (36 - 48); P. Ronai, The Trials of a Technical Translator, Babel 4/4 (1958) 210 -212; K. Thieme, Die Geschichtliche Haupt-Typen des Dolmetschens, Babel 1/2 (1955) 56 -57 (55 - 60); M. Shaw, Word for Word, Bi-Trans, 16/1 (1965) 33 - 35 m.b.t. h "Sondagwoordeskat"; W.J. Bradnock, Religious Translating into Non-Western Languages within the Protestant Tradition, Babel 9/1 - 2 (1963) 25 (22 - 35).
134. Vgl. O Eissfeldt, Introduction, 9 - 127; E. Sellin & G. Fohrer, Einleitung in das Alte Testament, 1965, 54 - 112; 331 - 345; 374 - 396; O. Kaiser, Einleitung in das Alte Testament, 1969, 49 - 54; 163 - 169; 247 - 262.
135. Vgl. A.R. Hulst, Opmerkingen over de KA'AŠER-zinnen in Deuteronomium, NTT 18(1963/4) 336 - 361.
136. Vgl. vn. 114 by: Dahood en Hoftýzer. Vgl. ook: N.H. Ridderbos, The Psalms: Style-figures and Structure, OTS 13 (1963) 43 - 76; E.F. Sutcliffe, Effect as Purpose: a Study in Hebrew Thought Patterns, Biblica 48 (1954) 320 - 327; J. Blau, Adverbia als Psychologische und grammatische Subjekte/Predikate im Bibelhebraeisch, VT 9 (1959) 130 - 137; M. Held, The Action-Result (Factitive - Passive) Sequence of Identical Verbs in Biblical Hebrew and Ugaritic, JBL 84/3 (1965) 272 - 282; W.A. v.d. Weiden, Abstractum pro Concreto etc., VD 44 (1966) 43 - 52; C. Rabin, Un phénomène d'alterance stylistique des constructions indéfinies GLECS 10 (1963 - 1966) 34 - 35.
137. Vgl. die artikel van Hulst aangehaal in vn. 135.
138. Vgl. § 2.1.1 hierbo.
139. Vgl. Langacker, Language and Structure, 17 - 18; 37 - 42.
140. Vgl. A. Gode, Language as Culture, Babel 10/1 (1964) 23 - 25; G.A. Reichard, Language and Cultural Pattern, American Anthropologist, 52 (1950) 194 - 204; C.F. Hockett, Language "and" Culture: A. Protest, American Anthropologist, 52 (1950) 113, R.W. Jumpelt, Language and Logic, Babel 3/1 (1957) 41 - 42.
141. Vgl. bv. die feit dat die Eskimos vier woorde het teenoor die een van Engels om "əneeu" te benoem.
142. Vgl. vir die uitdrukking הכה לפי חרב : T.J. Meek, Archaeology and a Point in Hebrew Syntax, BASOR, (April 1951) 31 - 33.
143. Vgl. vir h goeie uiteensetting van hierdie fout G.E. Wright, Archeology and Old Testament Studies, JBL 77/1 (1958) 39 - 51.
144. Vgl. D. Winton Thomas (ed), Archaeology and Old Testament Study, 1967; Vgl. ook, hoewel nou reeds enigermate verouderd: W.F. Albright, From the Stone Age to Christianity, 1957; dies. Archaeology and the Religion of Israel, 1956; J. Bright, A History of Israel, 1960; en andere wat Israel teen Siro-Palestynse agtergrond bestudeer. Dit teenoor J. Pedersen wat oorewegend Arabiese materiaal vir vergelyking aandien: Israel - It's Life and Culture, 194. Vgl. ook teenoor M. Noth se Sigm-rekonstruksie B.D. Rathjen, Philistine and Hebrew Amphictyonia, JNES 24/1-2 (1965) 100 - 104.

145. E.A. Nida, Translating, 1 - 264; Vgl. ook: W. Schwarz, The History of Principles of Bible Translation in the Western World, Babel 9/1 - 2 (1963) 5 - 22; B. Borko, Künstlerisches Schaffen des Übersetzers, Babel 9/1 - 2 (1963) 133; E. Pocar, Über die Möglichkeit der dichterischen Übersetzung Babel 6/2 (1960) 72 - 76; J. Ure Types of Translation and Translatability, Babel 9/1 - 2 (1963) 5 - 11; W.B. Key, "Cloze Procedure": a Technique for Evaluating the Quality of Language Translation, Journal of Communication 9 (1959) 14 - 18.
146. Vgl. G. Ch. Aalders, BiTrans 4/3 (1953) 101; A.E. Horton, The Translation of "Holy," BiTrans 2 (1951) 122 - 124; R.E. Longacre, Items in Context - their Bearing on Translation Theory, Language 34 (1958) 482 - 491; I. Pinchuck, Translating Conceived in Terms of Linguistic Levels, Taalfasette 9 (1969) 1 - 18.
147. Vgl. T.J. Meek, Old Testament Translation Principles, JBL 81/2 (1962) 143 - 154; veral 144 - 147; J. Lauriault, Some Problems in Translating Paragraphs Idiomatically, BiTrans, 8 (1957) 166 - 169; J.A. Loewen, Culture, Meaning and Translation, BiTrans, 15/4 (1965) 189 - 194.
148. Vgl. H.R. Moeller, Biblical Research and Old Testament Translation, BiTrans, 13 (1962) 16 - 22; (Anoniem), Principles of Bible Translation in the Year 1727, BiTrans 10 (1959) 22 - 27; J.W. Draper, The Theory of Translation in the Eighteenth Century, Neophilologus 6 (1921) 241 - 254.
149. Vir so h opvatting, vgl. M. Knepper, "Geist der Weisheit und des Verstandes....," Bibel und Kirche, 13/3 (1958) 66 (66 - 77).
150. Vgl. A.R. Hulst, Is het Oude Testament Vertaalbaar? NTI 18 (1963/4) 81 - 93; T.J. Meek, JBL 81/2 (1962) 143v.; E.A. Nida, Translating, 1 - 3.

=====

HOOFSTUK 2

¹/-y-r-'- : "bekommerd/bang wees."

1. Algemeen

Vanweë die eis van sinchronie word die profete in die volgende tabel in vyf groepe verdeel: groepe waarin elke profeet afsonderlik as 'n kleiner eenheid staan:¹⁾

Tydperk ²⁾	
760 - 725 (I)	Amos, ³⁾ Hosea, ⁴⁾ Jesaja, ⁵⁾ Miga. ⁶⁾
630 - 605 (II)	Sefanja, ⁷⁾ Jeremia, ⁸⁾ Habakkuk. ⁹⁾
593 - 520 (III)	Esegiël, ¹⁰⁾ Obadja, ¹¹⁾ Jesaja II, ¹²⁾ Jesaja III ¹³⁾ Haggai ¹⁴⁾ Sagaria I ¹⁵⁾
465 + (IV)	Sagaria II, ¹⁵⁾ Maleagi. ¹⁶⁾
400 + (?) (V)	Joël (?), ¹⁷⁾ Jona (?). ¹⁸⁾

Veral opvallend is dat die konstruksie nagenoeg 58% uitmaak van alle gevalle waarin /-y-r-'- in die profete¹⁹⁾ aangewend word in die betekenis van "bekommerd/bang wees," en wel soos volg gedistribueer:²⁰⁾

Tydperke →	I	II	III	IV	V	Totaal
אל-תירא/ו	3	8	14	0	2	27

Daarom is dit sinvol om by hierdie konstruksie te begin in die ontleding.

2. ¹/-y-r-'- in verbale funksie (אל-תירא)

2.1 Die periode 760 - 725 v.C.

Uit die vier profete uit hierdie tydperk, is dit alleen Jesaja wat dié term gebruik.

2.1.1 Jesaja

Die relevante tekste is 7:4; 10:24; 37:6.²¹⁾

In Jesaja 7:4²²⁾ staan die boodskap van die profeet aan koning Agas²³⁾ waar hy sy waterleidings inspekteer a.g.v. die dreigende oorlog teen Resin en Peka:

: השמר והשקט אל-תירא ולבובך אל ירדך :

IQIsa^a lees ואל-תירא^{23a)} wat as polisindeton beter opwerk na h klimaks: "Gee ag! En wees rustig en moenie bekommerd wees nie en word nie weekhartig nie."

Wanneer hierdie oproep geplaas word in die kader van die Heilige Oorlog, soos wat dit heel waarskynlik moet,²⁴⁾ dan kom dit tegelykertyd in die verbondsverband,²⁵⁾ sodat hierdie gerusstelling²⁶⁾ h Grootkoning se gerusstelling aan sy vasal is. Dit is dan h oproep tot geloof²⁷⁾ of h geloofskeuse: vir of teen Jahwe.²⁸⁾ Onder feitlik identiese omstandighede het dieselfde gerusstelling tot Josua gekom net voor die aanval op Ai²⁹⁾ (Jos. 8:1).

Teen die agtergrond van hierdie konteks kan Hebert³⁰⁾ en Torrance³¹⁾ se verklaring van ואל-תירא as teenpool van ואל-תירא gelyk gegee word. Maar tegelyk dui die verband³²⁾ ook duidelik aan dat "geloof" in dié sin h suiwer menslike en nie "veral" h goddelike kwaliteit is nie - soos hulle wil beweer.³³⁾

Jesaja kom dus as afgesant van die Grootkoning om aan die vasal te sê dat hy nie bekommerd hoef te wees nie, want Jahwe sal sy kant van die verdedigingsooreenkoms³⁴⁾ hou. Duidelik word die oorsaak van die vrees/bekommernis aangedui as die twee konings Resin en Peka (= ירא מן) en daar word aangetoon presies wat Jahwe in hierdie konkrete omstandighede gaan doen (vs. 7 - 9 a.) (+ כה אמר יהוה). Die samehang van die boodskap kan gestel word as: כה אמר יהוה + objek + מן + אל-תירא + konkrete daad wat sal lei tot verlossing.

In Jes. 37:6³⁵⁾ wat omstandighede identies aan Jes. 7:4 beskryf, word die gerusstelling van Jesaja aan Hiskia weergegee. Hiskia staan voor h moeilike besluit nl. of hy hom moet onderwerp aan die Assiriese koning van wie hy inderdaad h vasal is (36:4)³⁶⁾ en of hy moet weier. Self kan hy egter nie die oorlog aandurf nie (vgl. 36:8 - 9; 11 - 15; 37:8 - 13 ens.) en die gevaar bestaan dat hy deur sy skending van die verdrag met Assirië die wraak van Jahwe³⁷⁾ op hom kan haal (36:10) en dit terwyl vrede hom aangebied is (36:16 - 17).³⁸⁾ En onder hierdie presiese omstandighede kom Jesaja se boodskap aan Hiskia: כה + הנני + objek + מן + אל-תירא + אמר יהוה + presiese konkrete verlossingsplan.

In 10:24 kom dieselfde verbondsmatige gerusstelling na die volk t.o.v. dieselfde Assiriërs: כה אמר יהוה + כה אמר יהוה + objek + מן + אל-תירא + presiese konkrete verlossingsplan. Selfs is hier sprake van h tipe aanhaling uit die verdragsproloog,³⁹⁾ sodat die verlossing uit hierdie verdrukking h

ooreenkoms sal toon met die aanvanklike uittog uit Egipte.⁴⁰⁾

Al drie die voorafgaande tekste toon h ooreenkoms met h gedeelte uit die outobiografie van Hattušiliš III,⁴¹⁾ maar daar is ook h opmerklike verskil. Wanneer Ištār⁴²⁾ aan Hattušiliš in h droom verskyn, sê sy ook aan hom: "moenie vrees nie!" Dit is geen gerusstelling n.a.v. h teefanie nie, maar a.g.v. h konkrete en historiese gebeure, nl. die bedreiging deur die seun van sy broer Muwattalliš: "Moenie vrees nie! Sou ek jou aan h vyandige godheid prysgee? "

Die verskil lê egter dáárin dat die toesegging aan die Israelitiese konings eerder kom uit h juridiese sfeer o.g.v. die verbond as uit h reine religieuse sfeer.

2.1.2 Samevatting

אל-תירא word deur Jesaja aangewend in konkrete historiese omstandighede as synde h bemoediging van die Grootvers Jahwe aan sy onderdane die konings. Dit word verder omlyn deur h vaste "konstruksie" מן + אל-תירא + objek + redegewende כה אמר יהוה/הנני/כי + konkrete historiese verlossingsplan.

2.2 Die periode 630 - 605

Van die drie profete uit hierdie tydvak gebruik Sefanja een maal en Jeremia sewe maal die uitdrukking אל-תירא.

2.2.1 Sefanja.

Dit gaan in Sef. 3 om h dag waarop Jahwe weer sy volk sal vergader: h oorblyfsel wat sal wei en neerlê en niemand sal hulle verskrik nie⁴³⁾ (vs. 13). Dan volg vs. 15 - 16:

הסיר יהוה משפטִיך
 פנה איבך מלִךְ יִשְׂרָאֵל
 יהוה בקרבך לא־תיראי רע עוד:
 ביום ההוא יאמר לירושלים
 אל תיראי ציון אל ירפו ידיך:

"Jahwe wend jou oordele af,
 "Die Koning van Israel verdryf jou vyand!
 "Jahwe is by jou! Jy moet geen onheil meer vrees nie."
 "Op hierdie 44) dag sal aan Jerusalem gesê word:
 Moenie bekommerd wees nie, o Sion! Laat jou hande
 nie slap hang nie! "

Wat onmiddellik opval, is dat Sef. 3:16 h voorsegging is. Die vaste patroon van Jesaja word vervang met h meer vae "vyand" i.p.v. die presiese

historiese gevaar. Die historiese verlossingsplan met detail word vervang met: Jahwe is by jou.

Tog kom hier ook vae verwysings na h oorlogsituasie, of ten minste verwysings na h vyand en God word in vs. 17 h "held" genoem,⁴⁵⁾ sodat hier nog herinnering aan die Heilige-Oorlog-gerusstelling leef.

2.2.2 Jeremia

Tekste: 1:8; 30:10; 40:9; 42:11 (2 x); 46:27, 28.

h Duidelike aanwysing van die konteks waarin die אל-תירא -uitsprake kom, word aangetref by die verbond wat Gedalja namens die koning van Babel met die oorgeblewe Jode sluit: Jer. 40:9 : אל-תירא מעבוד הכשדים : "Moenie bang wees om die Chaldiërs te dien⁴⁶⁾ nie!" Gedalja het as goewerneur⁴⁷⁾ die mag om in naam van die Grootkoning te spreek.

Wanneer hy hulle oproep om die verdrag aan te gaan, gebruik hy twee tipiese verdragsterme: ויִיטַב לָכֶם en עֲבֹדוּ אֶת מֶלֶךְ בָּבֶל : "Word vasal⁴⁸⁾ van die koning van Babel!" "En dit sal met julle goed gaan."⁴⁹⁾ Daarna sweer Gedalja vir die volk soos wat Šupiluliuma ook sweer vir Kurtiwaza.⁵⁰⁾ In binne hierdie verband kom die אל-תירא van vs. 9. As hulle die bepalinge van die verdrag nakom, kan hulle maar die wapens neerlê en rustig met hulle boerdery aangaan.⁵¹⁾ Streng volgens die gebruike van gehoorsame onderdane word daar later aan Gedalja berig gebring dat daar h sameswering teen hom gesmee word (40:14)⁵²⁾

Die אל-תירא word verder nader gepresiseer deur מֶן + objek van die vrees, terwyl aan hulle gesê word dat, in geval van moeilikheid, Gedalja by hulle sal wees vs. 10 : וְאִנִּי הֵנְנִי יֹשֵׁב בְּמִצְפֵה לְעַסְדִּלְפְּנֵי הַכַּשְׁדִּים אֲשֶׁר יִבְאוּ : אלינו : "Kyk, ek woon in Mispa om voor die Chaldéërs te staan wat na ons toe kom!" M.a.w. hier word die patroon van: מֶן + אל-תירא + objek + הֵנְנִי + plan van optrede, gevolg, soos wat dit ook die geval was by die toesegginge van Jesaja.

By hierdie gebeure sluit 42:11 weer nou aan. Ná die moord op Gedalja⁵³⁾ is die mense weer bang vir die koning van Babel. Dan kom die gerusstelling van die kant van Jahwe:

אל-תיראו מפני מלך בבל אשר-אתם יראים מפניו

אל תיראו ממנו נאם יהוה כי אתכם אני להושיע אתכם

"Moenie bang wees vir die koning van Babel vir wie julle bang is nie! Moenie bang wees vir hom nie⁵⁴⁾ - spreek Jahwe⁵⁵⁾ - want Ek is met julle om julle te red!"

Ook hier is die vaste gerusstellingspatroon vir h konkrete nood-situasie. Die ooreenkoms met die gerusstellingsformule van Gedalja is opvallend. Die voorwaarde van hierdie toesegging is egter ook h toets vir hulle gehoorsaamheid aan die verbond van Jahwe. M.a.w. sy nakom van die verdedigingsklousule is voorwaardelik m.b.t. hulle nakom van h verbondstipulasie: vs. 10 : hulle moenie vlug nie.

30:10⁵⁶⁾ is wat die verband van die toesegginge betref, dieselfde as die voorafgaande; maar hier tree dieselfde verskil in as wat by Sefanja opgemerk is, en selfs meer as dit nl. dat hier geen aanduiding is van die oorsaak van die "vrees" nie. Wel gee die voorafgaande verse te kenne dat Jahwe met die onderdrukkers van sy volk sal afreken, Dan volg die toesegging:

אל-תִּירָא עַבְדֵי יְעֻקֵּב נֶאֱמַר יְהוָה כִּי הִנְנִי מוֹשִׁיעֶךָ;

Daar word gesê dat Jahwe hulle sal bymekaarmaak en dan word, soos by Sefanja, h metaforiese herderidee bygewerk: "hulle sal stil en gerus wees sonder dat iemand hulle skrikmaak." (vs. 10) Dieselfde geld vir 46: 27,28. Die metafoor word breër uitgewerk in 31: 8 - 10 waar Jahwe die "herder" en "Vader" (vs. 9)⁵⁷⁾ van die volk genoem word.⁵⁸⁾

Die idee van die godheid as h herder was ook bekend in Egipte. In die "Lofprysing aan Amon Re Har-akhti"⁵⁹⁾ word die god genoem:

"Dapper herder wat sy vee aanjaag, hulle toevlug en die een wat hulle lewensonderhoud gee."

Die metafore van Jeremia stem nou hiermee ooreen en kan in die breë hiermee geïdentifiseer word. So word h strenger religieuse begrip bygewerk by die motivering van die toesegging.

Die vorm van dié toesegginge kan dus saamgevat word deur die volgende:

אל-תִּירָא +/- [מן + objek] + נֶאֱמַר יְהוָה + כִּי + metaforiese/verteologiseerde motivering. Dit beteken nie sondermeer dat die verbondsgedagte hiermee losgelaat word nie,⁶⁰⁾ maar dat die "toeseggingsformule" h verandering ondergaan in die prediking.

Jer. 1:8 se formulering is dieselfde as wat tot dusver vasgestel is. Opmerklik is dit dat by dié אל-תִּירָא hoegenaamd nie sprake is van h teofanie, as sou die toesegging op grond daarvan wees nie. (En dit is ook interessant dat by die werklike teofanie van Jesaja daar geen אל-תִּירָא aan hom gegee word nie.)⁶¹⁾ Dié gerusstelling moet

eerder verstaan word teen dieselfde agtergrond as die "moenie bang wees nie" wat tot die volk kom (veral in die Deuteronomistiese literatuur)⁶²⁾:

Hy is reeds in die moederskoot gekies/geken,⁶³⁾ m.a.w. Jahwe staan teenoor die enkeling in dieselfde verhouding as wat Hy teenoor die volk staan. Hierdie roepingsgeskiedenis dra h verdragskarakter⁶⁴⁾ en word i.p.v. met h eed, soos by Sinaï met h teofanie bekragtig (vs. 9 v.)⁶⁵⁾

2.2.3 Samevatting

Dieselfde "formule" as wat by Jesaja aangetref is, word gebruik, maar die inhoud kan in twee duidelike groepe verdeel word:

1. Toesegginge vir h konkrete situasie bv. ná die moord op Gedalja.
2. Toesegginge uit die prediking wat meer vaag omlin is t.o.v. die motivering vir אל-תירא sowel as in die aanduiding van die objek van die vrees.

Dit het egter ook duidelik geword dat die presiese "formule" van gerusstelling ook op h heeltemal profane verdragsterrein gebruik is.

2.3 Die periode 593 - 520

Van die ses betrokke profete word אל-תירא gebruik deur Esegïël, Jesaja II,⁶⁶⁾ Haggai en Sagaria I.

2.3.1 Esegïël

Die אל-תירא - uitspraak van Esegïël is uitgespreek tydens die gebeure rondom sy roeping:⁶⁷⁾ Eseg. 2:6:

אל-תירא מהם ומדבריהם אל-תירא כי סרבים וסלונים
 אותך ואל עקרבים אתה ישב מדבריהם אל-תירא ומפניהם
 אל-תחת כי בית מרי המה :

Dit is moeilik om dié teks te begryp: As dit die gebruikelike formule is: אל-ת' + כן + objek + כי + verlossingsplan, moet dit soos volg vertaal word:

"(En jy, mens[ekind]), moenie bang wees vir hulle en hulle woorde nie! 68) Moenie bang wees nie, want dorings en distels is om jou 69) en jy woon by skerpioene. Moenie bang wees vir hulle woorde nie en vir hulle moet jy nie vrees nie, want hulle is h geslag wat rebelleer." 70)

In dié geval is die feit dat dorings en distels en skerpioene rondom hom is en die feit dat die volk rebelleer, vir Esegïël h bron van bemoediging. Dit lyk egter baie onwaarskynlik. Klaarblyklik moet hier rekening gehou word met die sintaktiese-omstellingstransformasie⁷¹⁾ waar sinsdele oor hulle logiese samehang heen verskuif is, sodat die vertaling moet lui:

"Moenie bang wees vir hulle en hulle woorde nie!
Omdat 72) dorings en distels 73) om jou is en jy by skerpioene woon, moet jy nie vrees nie. Al is hulle h geslag wat rebelleer, moet jy nie bang wees vir/bekommerd wees vanweë hulle woorde nie en vir hulle moet jy nie skrik nie!"

Só gesien, is daar vir Esegïël geen כִּי -klousule nie: Die אֱלֹהִים -toesegging dra die volle gewig en vereis volle gehoorsaamheid (vs. 8; vgl. Jer. 1:7). Tog bly die אֱלֹהִים תִּירָא voorop staan, al vereis dit dat sintaktiese omstelling nodig is.⁷⁴⁾

2.3.2 Jesaja II

Tekste: Jes. 35:4; 40:9; 41:10, 13, 14; 43:1, 5; 44:2; 51:7; 54:4.

Soos reeds voorheen opgemerk is, moet Jes. 35 gelees word teen dieselfde agtergrond as 40 - 55.⁷⁵⁾ Die אֱלֹהִים -formule word hier opgebou deur אֱלֹהִים תִּירָא + הִנֵּה + verlossingsplan. Soos in die geval van Jer. 30:10 opgemerk is, word hier ook gebruik gemaak van beeldspraak en metafore om deel uit te maak van die הִנֵּה/כִּי -klousule. Die הִנֵּה + objek - deel ontbreek geheel en al, terwyl die הִנֵּה -gedeelte heeltemal uitgebrei word.

Veral opvallend in die הִנֵּה -gedeelte is die kontraste wat geteken word: blindes sien, dowes hoor, kreupeles loop, die woestyn en die verlate plekke word weer vrugbare aarde. Dié kontraste is kennelik uitbeeldinge van seën en vloek:⁷⁶⁾ vloek wat in seën omskep word. Origenes is dit ook beelde van die verlossing uit die verdrukking,⁷⁷⁾ h nuwe uittog uit slawerny. In hierdie denkbeeld sluit Deuterojesaja aan by die Deuteronomis.⁷⁸⁾ Vir Deuterojesaja bestaan die verkondiging hoofsaaklik uit die bekendmaking van die nuwe exodus.⁷⁹⁾ En hiermee bring hy nuwe perspektief in die verbondsteologie van die Ou Testament.⁸⁰⁾ Dat hy aan dié uittog gedink het i.t.v. die uittog uit Egipte asook i.t.v. die Heilige Oorlog, sal in die loop van die bespreking duidelik word. Voorlopig kan net gewys word op die gedeelte van sy roepingsgeskiedenis in Jes. 40. Die hooftema van sy boodskap is dat Israel se diensplig (נִצְיָן) verby is⁸¹⁾ (40:2).

By bostaande uiteensetting sluit 44:2 nou aan:

כה אמר יהוה עשך
ויצרך מבטן יעזרך
אל-תירא עבדי יעקב
וישרון בחרתי בו :

En dan volg h כִּי -klousule met die beskrywing van strome in die dor land en water in uitgedorde streke. Die kontras staan duidelik as beeld van die vroeëre "verbanning" en "beskimping"⁸²⁾ van Israel teenoor die komende heil. Die כִּי + objek-klousule ontbreek in sy geheel en in die konteks sou אל-תירא alleen soveel wees as: "moenie bekommerd wees nie" (d.i. a.g.v. hulle ballingskap.) Die כִּי -klousule word nou ook voorafgegaan deur h aanspreekvorm "my kneg, Jakob, Jesurun wat Ek uitgekies het." Hier staan die boodskap meer sentraal as die historiese omstandighede. En die boodskap word ingeklee in terme wat ook aan die Deuteronomis bekend was:⁸³⁾

<u>Jes. 44</u>		<u>Deut. 33</u>
Vs. 1,2	: Kneg, Jakob :	Vs. 4.
2	: Jesurun ⁸⁴⁾ :	5.
3	: Water/dou :	13-16,28.
3	: Señn :	23-24.
3,4	: Nakomelinge :	6 - 25.
5	: Erenaam Israel :	29.

Interessant is ook die verwysing na sommige mense wat hulle op⁸⁵⁾ hulle hande laat tatoëer: ליהוה "slaaf van Jahwe"⁸⁶⁾ Hierdeur word iets anders as h reine religieuse verbondenheid uitgebeeld: dit gaan om eiendomsreg: h juridiese begrip. Hier word verkiesing, knegskap, onderdaanskap, ens. saam gebruik as aanduidings van die verhouding tussen Jahwe en Israel. Maar daarby kom ook h gedagte nl. dat Jahwe Skepper is: h gedagte wat in die ander אל-תירא -uitsprake verder uitgewerk word.

Sl:7v. is een van die duidelikste voorbeelde van die vereniging van die Deuteronomistiese uittoegeskiedenis as weldaad van Jahwe, en die skeppingsteologie van Deuterojesaja.

"Luister na My, julle wat geregtigheid ken,
 Volk in wie se hart my wet is!
 Moenie bekommerd wees oor die smaad van mense nie
 En vir hulle beskimpinge moet julle nie skrik nie!
 Want motte sal hulle opeet soos h kleed
 Wurms sal hulle soos wol verteer,
 Maar my lojaliteit 87) sal vir altyd wees
 En my redding vir die duur van geslagte!
 Staan op! Staan op! Arm van Jahwe, 88)
 Staan op soos in die voortyd!
 Geslagtelank gelede! 89)
 Is dit nie U wat Rahab verbrysel het 90)
 die seemonsters deurboor het nie?
 Is dit nie U wat die see laat opdroog het 91) nie,
 die waters van die groot vloed? 92)
 Wat die dieptes van die see gestel het tot h pad
 Sodat die verlostes kan deurtrek;
 Die wat Jahwe losgekoop het, 93) sal terugkeer;
 Ja, hulle sal na Sion gaan met gejubel!
 Vreugde sal vir ewig oor hulle wees
 Blydschap en vreugde sal vir hulle bevestig word:
 Bekommernis en gesug sal die wyk neem!"

Dat dit hier gaan om die opstel van h nuwe verbond, is duidelik:

"Volk in wie se hart my wet is": Vgl. Jer. 31: 31 - 34.⁹⁴⁾ Die
 beskimpinge a.g.v. van die oortreding van die ou verbond⁹⁵⁾ is iets van die
 verlede. Ten spyte van die oortredinge van die volk, bly Jahwe nog lojaal
 aan sy vroeëre voorsegginge. Die volk hoef nie bekommerd te wees dat
 Jahwe hulle dalk in Babel vergeet het nie. Soos Hy geslagte gelede die
 Israëliete verlos het en met hulle h verbond gesluit het, so sal Hy weer
 doen. Die deurtog deur die see van die riete⁹⁶⁾ sal herhaal word in h
 tog deur die woestyn (Vgl. Jes. 40).⁹⁷⁾ Dit is ook interessant hoedat die
 profeet die deurtog deur die see van die riete aaneenskakel met die geveg
 met die Chassmonsters⁹⁸⁾ of met die mitologiese Jam-gevegte van die
 Ugaritiese eposse.⁹⁹⁾ Dat "Jesaja" dit gebruik, is heel interessant, want
 dié gevegte is juis so sorgvuldig vermy by die Priesterlike skeppings-
 verhaal¹⁰⁰⁾ in Gen. 1, hoewel die verwantskap met Gen. 1 baie duidelik
 is.¹⁰¹⁾

"Jesaja" is dus hier baie pertinent besig met "verbondsverkondiging."
 Hy sluit sy boodskap aan by die Deuteronomistiese uitgedagte, maar aan-
 gesien die ou verbond iets van die verlede is, en omdat dit wil voorkom
 asof Jahwe die stryd verloor het, maak die ou verbondsproloog nie meer h
 indruk op die volk nie.¹⁰²⁾ Nou word daardie geskiedenis tot Urgeschiede
 gemaak¹⁰³⁾ sodat die basis van die nuwe verbond weer die historiese uittog
 uit Babel sal wees.¹⁰⁴⁾ So word die twee tradisies nl. uittog en skepping
 wat by Israel bestaan het,¹⁰⁵⁾ deur hierdie profeet aaneenskakel in sy

prediking. Soos later aangedui sal word, speel die skeppingsgedagte 'n sentrale rol in die verkondiging van dié profeet, maar hy verwaarloos nie die ou verbondstradisies nie.¹⁰⁶⁾ Dis nog altyd dieselfde God wat vir sy volk sê: אֱלֹהֵי תִירָא. As die uittog uit Egipte nie meer indruk maak nie, dan wel die gedagte dat dit die Skepper is wat hulle troos. En in hierdie skeppingsidee word die ander tradisies verweef.¹⁰⁷⁾

In hierdie konteks word weer die gebruiklike אֱלֹהֵי תִירָא + מִן + objek¹⁰⁸⁾ כִּי + metaforiese beskrywing van verlossingsplan, aangetref, maar nog baie meer as by Jeremia se verkondiging word die laaste element uitgebrei in 'n groot en uitgebreide "verbondspreek." Die gebruik wat dié formule by Jesaja gehad het nl. in tyd van oorlogsbedreiging, word nog, wat die verbondsbepaaldheid betref, gehandhaaf, maar die inhoud het totaal verander. Dieselfde verskynsel van die vereniging van twee tradisies rondom die אֱלֹהֵי תִירָא-uitsprake word ook by Jes. 54:4 vv. aangetref.

- vs. 4: "Moenie bekommerd wees nie."
- vs. 4: "Want jy sal nie beskaamd staan nie."
- vs. 5: "Want jou Maker is jou man," ens
- vs. 8: In bondstrou 109) ontferm God Hom.
- vs. 9: Soos in die dae van Noag sweer Hy.
- vs.10: Politieke magte 110) mag wankelbaar wees maar Jahwe se bondstrou bly staan; Hy rig 'n verbond op wat vrede bring. 111)

Hier word weer verwys na die tyd van die woestyn¹¹²⁾ en na die huidige ballingskap;¹¹³⁾ dus na die uittog en uiteindelijke verbondsverbreking deur die volk. (Vgl. die "beskimpinge" in Jes. 51). Daar word verwys na die lojaliteit van Jahwe (Jes. 51: צדקה; Jes. 54: טוּב). Dus is dit i.t.v. Jesaja tipiese verbondstoeseegginge. Maar die verskil is tweërlei: hier is nie 'n מִן + objekgedeelte nie en die motivering word weer, soos by Jes. 51 breër uitgewerk n.a.v. die Oergeskiedenis. Die twee gedagtes word ook duidelik geïllustreer deur die uitdrukking: "jou Maker, jou Man." Die huwelik dien veral by Hosea en Jeremia as simbool van die verbondskontrak tussen Jahwe en die volk.¹¹⁴⁾ Maar nou word dit verder gevoer. Jahwe is ook hulle Skepper en daarom juis sal Hy hulle nie vergeet nie: daar sal 'n nuwe uittog wees, 'n nuwe verbond. En dit is met die oog hierop dat die אֱלֹהֵי תִירָא-uitspraak kom: die volk se God het hulle nie vergeet nie, daarom hoef hulle nie "beskaamd te staan" nie.

Dieselfde "dubbele" motivering kom voor in 43:1,5. Hier word die voorséggings of toeseegging voorafgegaan deur כִּה אִמְרֵי יְהוָה. Dan volg: "Jou Skepper en jou Formeerder." Die formule word voortgesit: כִּי + אֱלֹהֵי תִירָא

+ Verlossing. Die verlossing word gemotiveer en metafories breër uitgewerk in vs. 2. Dan volg h verdere omskrywing: כי אני יהוה אלהיך wat deel is van die verbondsproloog¹¹⁵⁾ en, al kom dit daarmee ooreen, nie h erfstuk van die Babiloniese selfpredikasies is nie.¹¹⁶⁾ "Omdat jy kostelik (יקרת) is in my oë en omdat Ek jou liefhet (אהבתיך)." Die gedagte van h kosbare besitting word in die Deuteronomistiese literatuur uitgedruk deur הלא , terwyl "liefhê" h tipiese verbondsterm deur die hele Ou Nabye Ooste is.¹¹⁷⁾ Onmiddellik hierop volg h verdere אני + אלהיך + die verlossingsplan: die wyse waarop die ballinge teruggebring sal word. Hier is dus h mate van "terugkeer" na die meer volledige toeseggingsformule. Alleen ontbreek die מן + objek-gedeelte. אלהיך is dus ook hier gelyk aan: "Moenie bekommerd wees nie !"

In Jes. 41:1 - 5 word h hofsaak met die volk aangegaan. Hierdie tipe hofsaak is tipies ná die verbondsoortreding deur die onderdaan:¹¹⁸⁾

1. Uitnodiging tot die gerig (vs. 3)
2. Ondervraging: Wie het hom¹¹⁹⁾ verwek? (2 - 4a)
3. Die antwoord: "Ek, Jahwe, is dit!" (4b)
4. Die uitwerking van die gerig (vs. 5).

Dan word meegedeel hoedat die volkere oor hierdie uitspraak in beroering kom. Maar die nageslag van Abraham, vir wie Jahwe verwek het volgens vs. 2 - 4, dié hoef nie bang te word nie, want Jahwe sal hulle stryd self aanknoop (vs. 10 - 20) en die seën oor hulle gee. (vs. 19)

Ook in hierdie toesegging verskyn die verbondsterme soos עבד ,¹²⁰⁾ אהב en die verkiesingsgedagte;¹²¹⁾ terwyl die gedagte aan die "klein volkie"¹²²⁾ ook in Deuteronomium h rol vervul.¹²³⁾ Laastens is ook weer die "Ek, Jahwe, is dit" te vermeld. Ook hier is dit nie selfpredikasie nie,¹²⁴⁾ maar selfvoorstelling soos in h verbondsproloog.¹²⁵⁾

Soos in die geval van Jeremia en Esegïël word dié profeet se roeping ook voorop in "sy" geskrif geplaas. In hierdie gedeelte (Jes. 40) verskyn ook h אלהיך -uitspraak. Dit is egter baie moeilik om te bepaal aan wie dit gerig word (40:9). Reeds Hieronymus het probleme met dié teks ondervind.¹²⁶⁾

Waarskynlik volg vs. 9 - 11 direk op vs. 1 - 4,¹²⁷⁾ maar dit is nie noodwendig nie. Indien dit wel so is, staan dié gedeelte vóór die aanvang van die roepingsgeskiedenis van die profeet. Indien nie, dan word die

gerusstelling aan die profeet self gerig. Dan kom dit in hoofsaak ooreen met Jeremia se toesegging wanneer hy terugdeins voor sy taak,¹²⁸⁾ en in dié geval moet מְבַשֵּׂר צִיּוֹן verstaan word as: "verkondiger (van h goeie boodskap) aan Sion."

Maar indien vs. 9 - 11 op 1 - 4 volg, vorm die bemoedigingswoord deel van h vooropgestelde boodskap van die profeet. Uiteindelik lyk dit na die beste oplossing.¹²⁹⁾ Dan word daar m.b.t. die tog deur die woestyn aan die volk verkondig: אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל en dit word in noue verband gebruik met אֱלֹהֵיכֶם (vs. 1) wat herinner aan יהוה אֱלֹהֵיכֶם van die verbondsproloog (Vgl. 52:7). Dié gedeelte is egter onseker. Die formule is egter: אֱלֹהֵיכֶם + כֹּה אָמַר יְהוָה + כִּי + מֵתֵּיבָה + תִּירָא.

2.3.3 Haggai

In Haggai se toesegging (2:5) gaan h gedeelte van die motivering van die: "Moenie bekommerd wees nie" aan die toesegging vooraf, sodat dit daar soos volg uitsien: כִּי + נֶאֱמַר יְהוָה + חֲזַק וְרַבֵּב + אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל. Dit kan ook só opgeneem word nl. dat אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל saam met die volgende gedeelte gelees moet word: כֹּה אָמַר יְהוָה + כִּי + אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל + verlossingsplan. Dit is waarskynlik die korrekte, sodat die voorafgaande h parallel vorm met dié toesegging. In elk geval dui vs. 4 op die spesifieke verbondsverband waarin die toesegging kom:

אֲנִי אֲתִכְּמוּנְכֶם נֶאֱמַר יְהוָה צְבָאוֹת אֶת־הַדְּבָר אֲשֶׁר כִּלְתִּי אֲתִכְּמוּנְכֶם

וְצִוְיָתְכֶם מִמִּצְרַיִם וְרוּחַ עֲמֶדֶת בְּתוֹכְכֶם אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל

"Ek is met julle, sê Jahwe van die leërmagte,¹³⁰⁾

Die verbond 131) wat Ek met julle gesluit het by julle uittog uit Egipte: h onveranderlike Gees is by julle: Moenie bekommerd wees nie!" 132)

Interessant is dat die LXX vertaal met θαρσύνετε.

2.3.4 Sagaria

Ook by Sagaria (8:13,15) word dieselfde formule toegepas: אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל + כִּי + כֹּה אָמַר יְהוָה + konkrete plan (nl. om "vloek" in seën" te omskep). (vs. 13) en in vs. 15 word (15 - 17) presies gesê wat gedoen moet word. Dan word in vs. 16 h tipiese profetiese term כֹּה אָמַר יְהוָה (vgl. vs. 3,6,7, 8,14 ens.) vervang met אֱלֹהֵי הַדְּבָרִים, h term wat aandui dat dit wat volg, h outoritêre verklaring is. Daarmee verkry dit h teologies-juridiese karakter.¹³³⁾ Hoewel dit by die profete skaars is¹³⁴⁾ word dit veral in Deuteronomium gebruik. Die profete vervang dit met die bekende כֹּה אָמַר יְהוָה. Deuteronomium was beslis nie onbekend onder die ballinge nie.¹³⁵⁾

Sagaria¹³⁶⁾ staan dus met hierdie "Deuteronomistiese" term, die gedagte aan "seën" en "vloek" en in vs. 15 die idee van להיטיב¹³⁷⁾ midde in die verbondsterminologie. So word אל-תירא ook hier aangewend binne h verbondskonteks. Verder toon Sagaria h ooreenkoms met Jesaja dáárin dat sy toesegginge om h konkrete situasie met h konkrete oplossing gaan.

2.3.5. Samevatting

Soos in paragraaf 2.2.3 kan ook hierdie periode se אל-תירא -uitsprake verdeel word in:

1. Toesegginge vir h spesifieke konkrete situasie bv. die tempelbou (Haggai) en die terugkeer (Sagaria) en
2. Toesegginge in die "prediking," ook vir h konkrete situasie (die ballingskap) bedoel, maar meer algemeen van aard en in die motiveringsklousule (כי) breër uitgewerk in h teologiese raamwerk (veral Deuterocesaja.)

Die toesegginge word in elk geval duidelik uit die verbondsteologie belig.¹³⁸⁾

2.4 Die periode 400 v.C. +

In hierdie periode val Joël 2:21,22.

Dit is onmiddellik opvallend dat Joël die eerste en enigste uit die profete is wat die אל-תירא -uitspraak rig aan nie-menslike en nie-lewende figure:

גב) אל-תירא אדמה ... כי הגדיל יהוה לעשות
 גב) אל-תיראו בהמות שדי כידשאו נאות מדבר
 כי עץ נשא פדיו תאנה וגפן נתנו חילם :

Dit word voorafgegaan deur h verkondiging nl. dat Jahwe al die vyande sal verdryf. Dit vorm h skrilte kontras met Joël 1:6 - 20, veral vs. 10 - 12, 18 - 20.

vs. 10:	אבלה אדמה :	vs. 21:	אל-תירא אדמה
vs. 12:	הגפן הובישה :	vs. 22:	גפן
	התאנה אמללה :	:	תאנה נתנו חילם
vs. 18:	בהמות שדה תערוג :		אל-תיראו בהמות שדי
vs. 20	אש אכלה :		דשאו
	נאות המדבר :		נאות מדבר

In dié verband verstaan, hoef die diere nie bekommerd te wees nie: voedsel sal daar wees. Die landbougrond hoef nie bekommerd te wees nie: vrugbaarheid sal terugkeer.

Hierdie toesegging is dus geheel anders as dié van al die vorige profete,¹³⁹⁾ hoewel onmiddellik hierop 'n toesegging aan Sion gerig word, maar sonder אֶל-תִּירָא.

3. 1√-y-r-' in verbale funksie (vervolg)

3.1 Die periode 760 - 725

Hier kom alleen een teks in aanmerking: Amos 3:8.

3.1.1 Amos

Hierdie teks (Amos 3:8) is 'n endosentriese sin en behoeft daarom geen kommentaar nie:

"(Die) leeu brul, wie sal nie vrees nie?"

3.2 Die periode 630 - 605

3.2.1 Sefanja

Die teks lui: (3:15) לֹא תִירָא עוֹד לַעַז הַדֹּר יִהְיֶה מִשְׁפָּטֶיךָ:
"Jahwe het jou oordele opgehef jy sal/hoef geen kwaad meer (te) vrees nie." Indien die lesing תִּירָא te aanvaar is,¹⁴⁰⁾ dui dit op 'n vrees vir die "onheil" wat, blykens die res van die teksverband, voortspruit uit 'n vyandelike mag wat die oorhand kry: as deel van Jahwe se oordele. Dit dui klaarblyklik op die ballingskap. Die volk hoef nie meer oorlog en ballingskap te vrees nie.

Sintakties gesien, is dit interessant dat יִירָא aan לַעַז verbind word sonder 'n preposisie.

3.2.2 Jeremia

Tekste: 23:4; 26:21; 41:18; 51:46.

Kenmerkend vir die verkondiging van Jeremia is sy uitsig op die nuwe verbond¹⁴¹⁾ wat nou aan die oorblyfsel van Israel verkondig word. Die kuddametafoer van 30:10 v. word hier ook duidelik geïnkorporeer. Dan word in 23:4 gesê dat hulle nie meer bang hoef te wees nie (לֹא יִירָאוּ)¹⁴²⁾ en dit word verder uitgewerk deur "hulle sal nie meer skrik nie." Per implikasie vir "roofdiere," hoewel dit nie genoem word nie. יִירָא word hier geheel sonder objek gebruik. Hulle hoef nie bang te wees nie, want Jahwe sal herders oor hulle aanstel en hulle sal vrugbaar wees en vermeerder.¹⁴³⁾ Hierdie herdersidee verskil van dié in 30:10 waar Jahwe self die Herder genoem word. Hierdie herders is konings in die Dawidiese linie, . konings wat getrou sal bly aan Jahwe se verbond. Daarom sal geen

"roofdiere" hulle hinder nie, d.i. heidense nasies.

In h Amarnabrief¹⁴⁴⁾ sê Abduheba van homself teenoor sy Grootkoning:

"Kyk, ek is die koning se herder, h tribuut-
betaler van die koning is ek. Nog my vader
nog my moeder, maar die magtige arm van die
koning het (my) in die huis van my vader
gestel."

So sal Jahwe self die "herders" aanstel.¹⁴⁵⁾ Soos in die dae van
die Charismatici¹⁴⁶⁾ sal Jahwe self dan Regeerder wees d.m.v. die lojale
koning. Sodus staan ook hierdie toesegging in verbondsverband.¹⁴⁷⁾

Jer. 26:21 vertel van die vrees van Uria¹⁴⁸⁾ vir koning Jojakim na-
dat hy gehoor het dat die koning hom wou ombring. Ook hier word ירא¹⁴⁹⁾
absoluut gebruik: "hy het bang geword (en hy het gevlug)."

51:46¹⁵⁰⁾: Wanneer die oordele van Jahwe oor Babel kom, hoef die
volk van Jahwe nie daardeur verskrik te word nie. Juis daarom moet die
volk elkeen uittrek uit Babel "sodat julle nie¹⁵¹⁾..... bang word" wanneer
die tyding kom nie. Hier word ירא saam met ל gekonstrueer: תיראו
בשמונה : "by die hoor van (die gerug.)"

Vrees vir die dood is die konteks waarin ירא in Jer. 41:18¹⁵²⁾ voor-
kom. Heel waarskynlik kom hier egter ook vrees vir die vloek op h
verbondsoortreding by.

Die verbond wat Gedalja met die Jode gesluit het volgens Jer. 40 is
geweld aangedoen toe Ismael Gedalja en heel waarskynlik ook h ander
funksionaris nl. Jaāsanja¹⁵³⁾ om die lewe gebring het. Outomaties sou
die vervloeking van hierdie verbond in werking tree.¹⁵⁴⁾ Verder is oor-
treding en straf logiese konsekwente¹⁵⁵⁾ en sal die koning van Babel nou
h strafekspedisie stuur. Hierdie vrees word uitgedruk deur ירא + כן +
objek.

3.2.3 Habakkuk

Die betekenis van ירא in Hab. 3:2¹⁵⁶⁾ lê naastenby parallel met dié
van Jer. 51:46, hoewel hier twee verklarings moontlik is. Habakkuk hoor
h tyding aangaande Jahwe en dit laat hom "vrees." Wat hierdie tyding is,
bepaal egter of ירא¹⁵⁷⁾ hier met "vrees" of "ontsag" vertaal moet word.
Indien hierdie gedeelte aansluit by 2:1 - 4, lui die boodskap dat Jahwe
sal toesien dat die strafekspedisie van die Chaldeërs selektief te werk
sal gaan in Israël: die regverdige/lojale persone sal deur vertrou op

Jahwe gered word. Hierdie regverdigheid vervul Habakkuk met "ontsag". Dan sou hierdie teks nie onder hierdie hoof tuisgebring kon word nie.¹⁵⁸⁾ Indien Hab. 3 egter h geheel losstaande psalm is, kan nie vasgestel word wat die "tyding" is nie: alleen maar dat dit gaan om die toorn van Jahwe (vs. 2). In dié geval sou dit met "vrees" vertaal word.

Hoewel Hab. 3 deur sommige, bv. Stade en Duhm, láát post-exilies gedateer word, en dié gedeelte soms as h aparte psalm beskou word, is dit volgens Eissfeldt nie so h uitgemaakte saak nie. Hy verkies om 3:2 in verband met 2:2 - 5 te stel.^{158a)}

Ook hier word אָרָא absoluut gebruik: "Ek het bang geword"/"Ek het ontsag gekry."

3.2.4 Samevatting

¹√-y-r-'- word hier gebruik om die psigologiese gesteldheid van persone of groepe persone wat gekonfronteer word met sterker militêre magte uit te druk. In die meeste gevalle is die implikasie van die konfrontasie die dood. Dit beskryf dus die gewaarwordinge van h mens in h grenssituasie. Die betekenis kan alleen maar "bang wees, benoud wees" of iets dergeliks wees.

In dié gevalle word ¹√-y-r-'- óf absoluut gebruik (bang word/wees) óf met h preposisie + objek van vrees (וּ/מִן) gekonstrueer (Twee maal).

3.3 Die periode 593 - 520

3.3.1 Esegiël

Tekste: 3:9; 11:8.

Soos reeds opgemerk, word in 3:9 h tipe toesegging aan Esegiël gegee wat na regte reeds in 2:6 verwag kon word. Hier (3:9) word Esegiël egter kategories verbied om bang te wees vir die volk: אֲלָא + Impf. Die objek van die vrees word met die nota accusativi uitgedruk.

h Fragment van die boodskap van die profeet bevat een van die "onverskrokke" uitsprake: 11 : 8 : חָרַב יְרֵאתָם (וְחָרַב אֲרִיא עֲלֵיכֶם

Weereens word die objek van die vrees sondermeer naas יְרָא geplaas

(Vgl. Amos). Die dieptestrukturale betekenis word egter duidelik deur die Targum uitgedruk:

מִן קָדָם דְּקָטְלִין בְּחַרְבָּא דְּחַיִּילָתוֹן

Dit blyk ook duidelik uit die feit dat die volk besig is om hulle grense¹⁵⁹⁾ te verdedig: uit vrees vir oorlog in die binneland. En juis dáár sal hulle gedood word.

3.3.2 Jesaja II

Tekste: 41:5; 51:12; 54:14.

Ná die hofsak van Jahwe (41:1 - 5)¹⁶⁰⁾ word die uitwerking van die geding op die "eilande" (uiterste punte van die wêreld) beskryf: אֲרָץ
: אֵימָם וַיִּירָאוּ קְצוֹת הָאָרֶץ יַחְדָּו; wat vertaal kan word met: "Die eilande het dit gesien en gevrees en die eindes van die aarde tesame."¹⁶¹⁾ Dit is egter ook moontlik, selfs waarskynlik dat אֲרָץ hier "ontsag kry" beteken, veral as die teks vertaal word met: "Die eilande het dit gesien en ontsag gekry, (ook) die eindes van die aarde tesame: hulle het nadergekome, toegestroom!" Al sou die laaste deel h glos wees, dui dit tog daarop dat dié teks vroeg reeds só geïnterpreteer is. Dit sou dus lê tussen een van dié twee moontlikhede, waar lg. waarskynlik korrek is.

51:12 - 16 is waarskynlik h toevoeging,¹⁶²⁾ maar die betekenis van אֲרָץ is duidelik. Die volk is bang vir h verdrukker,¹⁶³⁾ dus h sterker militêre figuur. Daarteenoor word gestel dat hy h mens is en Jahwe die Skepper (vs.13) wat Israel uitgekies het (vs.16). M.a.w. Jahwe hef die vrees wat in die grenssituasie ontstaan, op: bloot omdat Hy in geen grenssituasie kan kom nie. Die objek word aangedui deur die preposisie אֶת.

Vir die konteks van אֲרָץ in 54:14, vgl. paragraaf 3.2.3 hierbo. Die volk hoef nie bang te wees dat hulle van enige kant of aangeval sal word nie. Die konteks gee die objek van die vrees, maar dit word nie met h sintaktiese konstruksie pertinent aan אֲרָץ geknoop nie.

3.3.3 Jesaja III

Jes. 57:11 kom voor binne h verbondsaanklag:¹⁶⁴⁾ אֲתִיבִי דְמַגֵּת וְתִירָאִי dan word dit gemotiveer: "Want jy het verraad gepleeg en aan my nie gedink nie!"¹⁶⁵⁾ M.a.w. uit vrees vir groter militêre mag het Israel God se verbond verlaat.

Interessant is die feitlik identiese aanklag waar Jarîm-Ĺim Jašub-Jahad aankla:

"Mag Šamaš die oordeel vel!
Ek is vir jou soos h vader en h broer,
maar jy, jy is vir my h kwaaddoener en h vyand.
Waartoe het al my weldade gedien wat ek vir jou
guns gedoen het?"¹⁶⁶⁾

3.3.4 Samevatting

$^1\sqrt{-y-r-}$ word in hierdie periode aangewend om die psigologiese gesteldheid van h mens wat met h sterker mag (militêr of andersins vgl. Amos 3:8) gekonfronteer word, uit te druk. Oorwegend kom die vrees voort uit h konfrontasie met h sterker militêre mag.

Meesal word אַרְאָ "absoluut" gebruik, waar die konteks die objek suggereer, maar dit kom ook voor gekonstrueer met אַתָּ / ב / מִן (een maal elk).

3.4 Die periode 465 +

3.4.1 Sagaria II¹⁶⁷⁾

9:5 תִּרְאֵ אֶשְׁקֵלֶיךָ וְתִירֵא

"Askelon sal (dit) sien en vrees."

Ook hierdie vers is endosentries saamgestel en hoef nie ontleed te word nie. Alleen kan opgemerk word dat ook dié vrees veroorsaak word deur h strafgerig van God d.m.v. oorlog. Verder dat ook hier h aanduiding van die objek in die sin sêlf ontbreek; en daarmee saam die preposisie wat die objek moes aandui.

3.5 Die periode 400 +

3.5.1 Jona

Jona 1:5 vertel van die lewensgevaar waarin die bemanning van die skip was omdat die skip gedreig het om te vergaan en veral nog toe hulle hoor (1:9) dat Jona besig is om vir sy "god" te vlug, וַיִּירָאוּ יָרֵאָה גְדוֹלָה (1:10), "het groot vrees hulle vervul."¹⁶⁸⁾ Ook hier word die objek van die vrees nie aangedui nie, maar wel deur die sinsverband veronderstel nl. die ondergang vanweë die wraak van God.

4. $^1\sqrt{-y-r-}$ in adjektiewe funksie

Wanneer $^1\sqrt{-y-r-}$ h adjektiewe funksie vervul, word dit voorsien van h prefigale /n-/-morfeem wat h refleksiewe of passiewe betekenis kan verleen.

A.g.v. fonologie-reëls, wat nie nou ter sake is nie, word die aanvangs-foneem van die leksikale morfeem verander na /w/, sodat die konsonantale struktuur daar as volg uitsien: /nwr'/.

Wanneer hierdie sô-gevormde woord sintakties funksioneer, sien dit in die profete daar soos volg uit:

4.1 Die periode 760 - 725

4.1.1 Jesaja

Jes. 21:1 : כַּסּוּפּוֹת בּוֹנְגֵב לַחֲלָף מִמִּדְבַּר בֹּא מֵאַרְץ נּוֹרָא

Die mag wat Babel tot h val sal bring, sal, soos die stormwind deur die Suidland trek, op Babel toesak. Hulle kom uit die woestyn, uit h "vreesaanjaende streek." Die rede waarom die woestyn as vreesaanjaend beskou word, is waarskynlik te soek in die feit dat die demone daar gewoon het¹⁶⁹⁾ en omdat die Sirocco, die gevreesde wind¹⁷⁰⁾ uit daardie oord kom. Dit is een moontlike verklaring.¹⁷¹⁾ Dit is ook moontlik dat die "woestyn" h sinspeling bevat op vroeëre invalle wat teen Babel geloods is bv. deur die Amoriëte: mense wat uit daardie rigting gekom het. Vgl. bv. ná die val van Ur hoedat Amoriëte die hele Mesopotamië oorstrom het 19de - 18de eeu v.C.); die inval van Mursilis (± 1530 v.C.); die inval deur Tukulti-nirurta I (±1234 - 1197), ens.

4.2 Die periode 630 - 605

4.2.1 Habakkuk

Habakkuk 1:7 beskryf die Chaldeërs wat sal opkom wanneer hulle deur Jahwe opgeroep word: אִים וְנוֹרָא הוּא מִמֶּנּוּ מִשְׁפָּט וְשִׁאוֹתוֹ יָצָא.
"Verskriklik en vreesaanjaend is hy!¹⁷²⁾ Uit homself kom sy reg en sy hoogheid!" (Vgl. vs. 11)

4.3 Samevatting

נוֹרָא, "vreesaanjaend", word gebruik t.o.v. van dié magte wat skade kan aandoen en wat daarom ook gevaarlik is.

5. ¹/-y-r-'/- in nominale funksie

Tot nomen word /-y-r-'/- gevorm d.m.v. die aanvoeging van /-â/ en die byvoeging van die segmentele (vokaliese) morfeem /-i-φ-/: יִרְאֵה.

5.1 Die periode 760 - 725

5.1.1 Jesaja

Jesaja 7:25 is waarskynlik opgebou uit drie verskillende spreekwoorde¹⁷³⁾ en is uiters moeilik om te verstaan:

וּכְלֵי הַהָרִים
אֲשֶׁר בְּמַעְדְּרֵי עֲדָרִין
לֹא יִתְּבוּא שְׂמָה
יִרְאֵת שְׂמִיר וְשִׁית

Daar is verskeie moontlikhede: LXX maak die laaste stichos tot sub-
jek van תבואה: "Vrees vir dorings en distels sal daar nie kom nie," en
word hierin gevolg deur die Authorized Version. Hierdie oplossing kom
egter in stryd met die voorafgaande vers.

Die ander alternatief is dat יראה tot יראת verandering moet word en
dan as h nominale sin verstaan moet word: "Verskriklik is die dorings en
die distels." Dit bevredig ook nie.

Die laaste moontlikheid is om te aanvaar dat מן metrum causa uitge-
val het óf dat ירא hier, soos in sy verbale vorm, absoluut gebruik kan
word sodat die konteks die objek aandui.

Die uitdrukking ושיט שמיר (יראת) kan verstaan as h hendiadis¹⁷⁴ en
in sy geheel: מיראת שמיר ושיט, waar שמיר die subjek is wat die
"vrees" oproep.

5.2 Die periode 630 - 605

5.2.1 Eseqiël

Eseg. 30:13 : כה אמר אדני יהוה נתתי יראה בארץ

Hierdie sin is endosentries saamgestel en is daarom sondermeer duidelik:
Die nominale funksie waarin ¹/-y-r-'- hier gebruik word, dui op h toestand
van vreesagtigheid, soos ook dié in die vorige voorbeeld.

5.2.2 Jeremia

Jeremia gebruik ¹/-y-r-'- ook in nominale funksie, maar anders
gestruktureer nl. יראים. Jer. 42:11 : אל תיראו מפני מלך בבל אשר אתם: יראים. Jer. 42:11
Getranslitireer sou dit lui: "Moenie vrees vir die
koning van Babel t.o.v. wie julle vreesagtiges is nie." Dit is baie
interessant dat die "normale" אשר תיראו vervang word met hierdie
konstruksie. In die vierde hoofstuk sal nader hierop ingegaan word.
I.t.v. die klassieke Hebreeuse grammatika sou יראים hier beskryf kon word
as h participium wat, hoewel nominaal gestruktureer, verbaal funksioneer.

Volgens vers 16 sal die volkere eer betoon aan Jahwe (יד על פה),¹⁹⁾ want hulle sal skaam wees vir hulle dade (in vergelyking met dié van Jahwe?) Daarom kom hulle kruipende nader. Die toevoeging van כַּחַד kan h vrees-element in die konteks bring. Beoordeel volgens vs. 16, moet $\sqrt[1]{-y-r-}$ hier "respek" beteken. Die vrees-element skep egter die indruk dat $\sqrt[1]{-y-r-}$ "vrees" moet beteken. In hierdie geval is dus dieselfde probleem as by Jes. 41:5.²⁰⁾ Albei die kontekste kom ook ooreen: die heidene sien Jahwe

en toon dan h reaksie.

Wanneer die strukturering van Deut. 8:6 soos in paragraaf 2.3.2 van Hoofstuk 1 met hierdie vers vergelyk word, val dit op dat ירא ook hier h tipe samevatting van die voorafgaande is. Dan sal dit geoorloof wees om dit met "respekteer" te vertaal: soos h oorwonne vyand voor die oorwinnaar kruip, só sal hulle kruip: dus ook uit vrees; maar vanweë die feit dat dit Jahwe is (vgl. vs.18) sal hulle Hom respekteer (kulties?). Ter samevatting van dié twee gedagtes leen $^1\sqrt{-y-r-}$ hom goed: aangesien dit albei kan be-teken.

Dis ook interessant dat die suffiks aan ירא gevoeg word i.p.v. aan self soos by Jesaja.

1.1.4 Samevatting

In hierdie periode word $^1\sqrt{-y-r-}$ gebruik as "gehoorsaam/eer/respekteer." Jes. 25:3 en Miga 7:17 word deur sommige as latere invoegings beskou, hoewel dit in geen opsig noodwendig is nie. Tog moet gevolgtrekkings hieruit versigtig gemaak word.

$^1\sqrt{-y-r-}$ word sintakties aan die objek van die respek verbind óf deur $\sqrt{\text{ק}}$ + kategoriale (paradigmatiese) "verbaalsuffiks"-morfeem óf d.m.v. die nota accusativi óf deur h "onmiddelijke" "verbaalsuffiks"-morfeem.

1.2 Die periode 630-605

1.2.1 Sefanja

Hoewel Jahwe die kwaad haat (3:4) en elke mōre sy reg vir die leiers tot h lig stel (3:5),²¹⁾ het die volk tog van Hom afgewyk. Daarom volg Jahwe se monoloog (3:7):

אמרתִי אֶךְ תִּירָאִי אֵתִי
תִּקְחִי מוֹסֵר
וְלֹא יִכְרַת מִעוֹנָה
כֹּל אֲשֶׁר פִּקְדַתִּי עָלֶיהָ
אֲכֵן הִשְׁכִּימוּ הַשְּׁחִיתוּ
כֹּל עֲלִילוֹתֵם †

"Ek het gedink²²⁾: 'Sekerlik! Jy sal My gehoorsaam (die) teregwysing aanvaar!'

Dan sou haar woonplek nie uitgeroei word nie (deur) alles waarmee Ek haar tot verantwoording roep. 23) Werklik! Telkens het hulle boosheid bedrywe (deur) al hulle dade!"

So is ook indertyd vasalle tot verantwoording geroep en is gehoorsaamheid geefs: selfs om h eie seun uit te lewer:²⁴⁾

"Verder het die koning geskryf m.b.t. my seun. Ek het nie gewet dat my seun verbonde is aan die 'Apiru nie. En ek het hom bepaald in die hande van Addaya uitgelewer."

Sefanja se uitspraak hoef nie noodwendig in so n verbondsverband gebruik te wees nie. Die parallel is naby. Belangrik is egter dat dit om dié soort gehoorsaamheid handel.

1.2.2 Jeremia

Tekste: 3:8; 5:22, 24; 10:7; 32:39, 40; 44:10; 26:19.

Soos by ander profete bv. Hosea, maak Jeremia²⁵⁾ ook gebruik van die huwelik as simbool van die ooreenkoms tussen Jahwe en Israel.²⁶⁾ Jahwe het Israel teruggeroep na die huwelik, en daarmee terug na die verbond,²⁷⁾ maar toe hulle nie wou nie, is aan hulle n skeibrief oorhandig om te sien of hulle nie tot inkeer wil kom nie; maar: לֹא יָרָאָה (3:7); לֹא יָרָאָה (vs.8); לֹא יָרָאָה (vs.10).²⁸⁾ Weiser vertaal לֹא יָרָאָה met "sie blieb ohne Eindruck,"²⁹⁾ maar beter sou wees: "sy het nie ontsag gekry nie/sy het nie gehoorsaam nie." Dit kom ook ooreen met die waarskuwing van die Wysheidsleraar (Sprenke 2:17): Sý woorde sal die leerling red van die vreemde vrou "wat die verbond van haar God vergeet." Die vreemde vrou is waarskynlik die Kanaänitiese afgodediens³⁰⁾ en om dit aan te hang, is om Jahwe se verbond te verlaat. En dit was juis die aanklag teen Israel. (3:6, 8)³¹⁾

Jer. 5:22 gee n soortgelyke aanklag van Jahwe teenoor Israel weer (5:19-29): Hulle het Hom verlaat en agter vreemde gode aangegaan. In vs. 22 word die mag van Jahwe gestel teenoor dié van die afgode. Dit is Hy wat grense gestel het aan die see³²⁾ en dan volg die vraag:

הֲאֵתִי לֹא תִירָאוּ
אִם מִפְּנֵי לֹא תַחֲלוּ:

"Eer julle my nie?
"Bewe 33) julle nie voor My nie?"

Ten spyte van alles wat Jahwe vir hulle gedoen het (veral t.o.v. die vrugbaarheid van die land: vs. 24) het hulle nooit gesê nie: כִּי־רָאָה נָא

: אֵת יְהוָה אֱלֹהֵינוּ : "Laat ons Jahwe ons God gehoorsaam!" Dit word in vs. 23 beskryf as "rebellie" en "wederstrewigheid/opstandigheid."

Jer. 10 is allerweë h probleemgeval. Die ouderdom van dié hoofstuk is onbekend, hoewel h Jeremiaanse kern aanvaar kan word. Die Arameïse in 10:11 kan nie as h dateringsbron van die hele hoofstuk geld nie³⁴⁾ en dié teks word inderdaad by een manuskrip uitgelaat.³⁵⁾ Blote stylooreenkoms met Deuterojesaja beteken nie afhanklikheid nie, veral aangesien dié twee veel in gemeen het.³⁶⁾

Die gespot met die gode is h tipiese kultiese handeling soos die daarmee-gespaardgaande lofprysing van die grootheid van Jahwe (vs. 6-7 wat bepaald van Jeremia kom),³⁷⁾ aandui:

Geeneen is soos U nie, o Jahwe!³⁸⁾
 U is groot, en in krag is u Naam groot!
 Wie sou U nie eer nie, o Koning van die nasies,
 Want aan U kom dit toe!
 Inderdaad: onder al die wyse manne van die volkere
 En in hulle koninkryke
 Is geeneen soos U nie!"

Daarteenoor is die afgode mensewerk: hulle kan nie praat nie, hulle kan nie loop nie, hulle moet gedra word omdat hulle stywe pale/deurkosyne is:³⁹⁾ Hulle kan niks⁴⁰⁾ doen nie.

Waarskynlik is hierdie Psalm uitgespreek tydens die verbondsvernuwingsplegtigheid.⁴¹⁾ Die betekenis van $\sqrt{-y-r-}$ is egter baie duidelik in hierdie lofprysing. (Hier word die suffiks weer direk aan die leksikale morfeem gevoeg: כי לא יראו .)

Seker die duidelikste verbondsverwysing en tegelyk een van die mees sprekende tekens van verwantskap tussen Jeremia en Deuteronomium, is Jer. 32:39, 40.⁴²⁾

ונתתי להם לב אחד ודרך אחד⁴³⁾
 ליראה אותי כל הימים
 ; לטוב להם ולבניהם אחריהם ;
 וכרתי להם ברית עולם
 אשר לא-אשיב מאחריהם
 להיטיב אותם⁴⁴⁾
 ואת יראתי אתך בלבבם
 לבלתי טור מעלי ;

Behalwe vir ברית עולם in vs. 40, kom hier ook 'n hele aantal ander terme voor wat as spesifieke verbondsterme uitgesonder kan word:

vs. 39: לטוב להם vs. 40: להיטיב להם : Hierdie twee uitdrukkinge is 'n presiese weergawe van die Akkadiese verbondsterme: ṭubtu (u sulummû) of ook ṭabūta (ṭabutta) epēšu onderskeidelik: "vriendskap en vrede," en "om (h' verbond) van vriendskap te sluit."⁴⁵⁾

Vs. 40: ברית עולם : In die verdrag van Usermaat-Re en Hattusilis word o.a. gesê:⁴⁶⁾

"Kyk, Hattusilis, die groot prins van Hatti, het homself per regulasie (verbind) aan User-Maat-Re Setep-en-Re, die groot vors van Egipte: beginnende vanaf hierdie dag om goeie vrede en vriendskap tussen ons te verseker vir altyd, terwyl hy in vriendskap met my is en in vrede met my is en ek met hom in vriendskap is en in vrede met hom is vir altyd."

Vs. 40. אשר לא אשוב : Hierdie eedkarakter is kenmerkend van alle verdrae: juis daarom word dit met 'n lys van getuies bekragtig:⁴⁷⁾ So bv. die verdrag tussen Mursilis en Duppi-Tessub:⁴⁸⁾

8* "Daarom eerbiedig die eed aan die koning en aan die koning se familie! En ek, die koning, sal getrou bly aan jou En net soos ek getrou sal wees aan jou, net so sal ek getrou bly aan jou seun. Maar jy, Duppi-Tessub, bly getrou teenoor die koning van Hatti, Hatti, my seuns en my kleinseuns vir altyd."

Soos wat "eerbiedig" in dié aanhaling gebruik word, word ook ירא in Jer. 32:39 gebruik.⁴⁹⁾ [Vgl. ook die uitdrukking בניהם אחריהם (39)]

Net so word ook in dieselfde verdrag van Mursilis bepaal:⁵⁰⁾

20** : "Die woorde van die verbond en die eed wat op hierdie tablet afgeteken is - as Duppi-Tessub hierdie woorde van die verbond en eed nie eer nie, mag die gode van die eed Duppi-Tessub verwoes

21** : "Maar as Duppi-Tessub hierdie woorde van die verbond en eed wat op hierdie tablet geskryf is, (wél) eerbiedig, mag hierdie gode van die eed hom beskerm....."

Dat ירא dus hier in 'n verbondsverband gebruik is, staan bo alle twyfel vas. Dit verbaas daarom nie dat sterk ooreenkoms met Deuteronomium⁵¹⁾ aangetoon kan word nie:

Deut. 5:29:

מי יתן והיה לבבם זה להם
ליראה אתי ולשמר את כל מצותי
כל הימים למען ייטב להם
ולבניהם לעולם:

Deut. 5:29

מי יתן והיה להם לבבם זה
ולשמר את כל מצותי

Jer. 32:39:

ונתתי להם לב אחד ודרך אחד
ליראה אותי
כל הימים לטוב להם
ולבניהם אחריהם:

Jer. 32:40

ואת יראתי אתן בלבבם
לבלתי טור מעלי:

¹/√-y-r-'- kan hier alleen met "gehoorsaam/eer" vertaal word (vs. 39) (Vir יראתי, sien paragraaf 2.2.1). Dit word per nota accusativi aan die objek verbind.

M.b.t. die konteks in sy geheel kan Begrich se opmerking m.b.t.

Jer. 14:21 gelyk gegee word ook wat Jer. 32 betref:

"(dass) der Prophet nicht vom Vertrags-
verständnis loskommen kann. Es ist offenbar
für seine Zeit das Gegebene ..." 52)

In Jer. 44:10 word die toesegginge van hoofstuk 32 feitlik gekanselleer omdat die volk nie die voorwaardes van die ooreenkoms gehou het nie:

Deut. 8: 5 - 6:

ידעת עם לבבך כי כאשר ייטב
איש את בנו יהוה אלהיך מיסרה:
ושמרת את מצות יהוה אלהיך
ללכת בדרכיו וליראה אותו:

Jer. 44:10:

לא דכאו עד היום הזה
ולא הלכו בתורתך
ובחקתי ולא יראו:

Die aanklag is dus dat die volk hulle nie "verootmoedig"⁵³⁾ wanneer Jahwe hulle tugtig nie: hulle eerbiedig Hom nie; of beter לא יראו: hulle is nie gehoorsaam nie." ⁵⁴⁾

Hier word יראא dus selfstandig (as h term?) gebruik sonder preposities of enige bystellings.

Jer. 26:9 dui daarop dat ¹/√-y-r-'- ook in die omgangstaal as h aanduiding van Godsghehoorsaamheid gebruik is: Wanneer daar gedreig word om

Jeremia dood te maak, kom die oudstes met die voorbeeld van koning Hosea. Miga het teenoor hom geprofeteer, maar hy het hom nie doodgemaak nie. In-teendeel: הלא ירא את יהוה : "Het hy⁵⁵⁾ Jahwe nie gehoorsaam nie?" Wanneer in gedagte gehou word dat Jeremia 26 se historiese raamwerk die profeet se tempeltoespraak is,⁵⁶⁾ wat by uitnemendheid h verbondspreek was,⁵⁷⁾ is dit juis verstaanbaar dat h koning wat Jahwe gehoorsaam, nie bloed sal vergiet nie. (Vgl. Jer. 7:9).

1.2.3 Samevatting

¹√-y-r-'- beteken in dié tydperk bepaald "gehoorsaam" of "respekteer." Hierdie gehoorsaamheid word vanuit h bepaalde oogpunt nl. die verbond beskou. Die gebruik van "gehoorsaam/respekteer/eerbiedig" is ook bekend uit vasal-verdrae van die Ou Nabye Ooste. Waarskynlik het ירא in hierdie kader tot h term ontwikkel (Vgl. 44:10).

In die sin word ירא sintakties d.m.v. die nota accusativi + objek/ nota accusativi + pronominale suffiks aan die objek van die gehoorsaamheid verbind. Dit kan ook losstaande funksioneer as "gehoorsaam." (Jer. 3:8; 44:10) of die objek kan d.m.v. h suffiks onmiddellik aan ירא gekoppel, aangedui word.

1.3 Die periode 593-520

1.3.1 Haggai

Haggai 1 bevat die preek wat dié profeet vir die teruggekeerde ballinge gehou het. Vs. 12-15 skilder die reaksie van die hoorders:

... וישמעו בקול יהוה אלהיהם (12)

וייראו העם מפני יהוה :

ויאמר חגי מלאך יהוה במלאכות יהוה לאמר (13)

אני אתכם נאם יהוה :

(14) ויבאו ויעשו מלאכה בבית יהוה צבאות אלהיהם :

Die hele verband dui daarop dat וייראו alleen kan beteken: "En die volk het Jahwe gehoorsaam." Hulle reaksie volg op hulle "luister na die 'stem' van Jahwe" en gaan die aanvang van die bouwerk vooraf. Dit is nie noodsaaklik om uit מפני h vlugreaksie af te lei nie.⁵⁸⁾ מפני kan hier alleen die krag van h preposisie hê nl. "vanweë".⁵⁹⁾

Ook hierdie konteks kan in verbondsverband verstaan word nl. waar Haggai die outoritêre woord spreek kragtens sy gestuurdheid. Daarom word \square יהוה צבאות אלהיה \square ook hier as die Oorsprong aangedui. Die hele gebeure geskied rondom die tempelbou, sodat "Ek is met julle" as 'n tipe heilsorakel kan dien, veral aangesien daar op hierdie stadium geen konkrete bedreiging is nie. Tog kom die toesegging eers nádat die volk "gehoorsaam" het.

1.4 Die periode 465+

1.4.1 Maleaqi

Mal. 2:5: בריתי היתה אתו
 החיים והשלום
 ואתנם-לו מורא ויראונני
 ומפני שמי נחת הוא:

"My verbond met hom was
 (h verbond van) lewe 60) en vrede
 en Ek het hom ontsag gegee 61)
 sodat hy My gehoorsaam het
 en voor my Naam ootmoedig was."

Dit handel hier oor die Leviëte met wie Jahwe 'n verbond aangegaan het: Van hulle het hy gehoorsaamheid verwag en in teenstelling met die huidige priesterstand hét hulle Hom gehoorsaam.

Ook hier word dus van $\sqrt{-y-r-}$ - gebruikgemaak om die verbondslojaliteit uit te druk terwyl die objek van die lojaliteit direk d.m.v. 'n suffiks aan die werkwoord gevoeg word.

1.5 Die periode 400+

1.5.1 Jona

In Jona 1:9 noem die profeet homself: עברי ואת יהוה

"Ek is 'n Hebreër en ek dien Jahwe die God van die hemel." Hier kan ירא alleen dui op verering en onderdaanskap in religieuse sin. Die ירא hou geen verband met sy huidige vlug nie, asof hy sê: "Ek is bang vir die God van die hemel."

1.6 Samevatting

1. $\sqrt{-y-r-}$ -word deurgaans as werkwoord gebruik en op die gewone paradigmatische wyse gestruktureer tot 'n woord. Die objek wat hiermee gepaard gaan, indien so 'n objek voorkom, word aan die werkwoord verbind d.m.v. 'n verbale suffiks, die nota accusativi, \square , \square , of dit kan ook

absoluut gebruik word: In hierdie verspreiding is die verbinding d.m.v. die nota accusativi verreweg in die meerderheid nl. 8 keer; dan volg die verbale suffiks nl. 3 keer; + מִן twee keer en absoluut gebruik: twee keer. In die geval van מִן bestaan daar twyfel t.o.v. altwee gevalle: Haggai 1:12 en Miga 7:17.

Hoewel die leksikale morfeem soos in Jona gebruik, slegs ה religieuse verbintenis kan aandui, word dit by verreweg die meeste profete binne ה verbondskonteks gebruik wanneer dit gaan om die verhouding tussen Jahwe en Israel.

2. $\sqrt{-y-r-}$ in nominale funksie (יראה)

2.1 Die periode 760-725

2.1.1 Jesaja

In Jesaja 29:13 rig die profeet ה aanklag teen die volk:

(13) יַעַן כִּי נִגַּשׁ הָעַם הַזֶּה בִּפְּי
וּבִשְׂפָתָיו כְּבֹדוֹנִי
וּלְבוֹ רַחֵק מִמֶּנִּי
וְתִהְיֶה יְרֵאָתְכֶם אֵתִי
מִצֹּת אֲנָשִׁים מִלְּמִדָּה:
(14) לִכְךָ אֲבִדָה חִכְמַת חֲכָמָיו
וּבִינָה נִבְנִיו תִּטְּתָר:

"Omdat hierdie volk my met sy mond nader en my met sy lippe eer - terwyl sy hart ver van my is en hulle ontsag/respek vir my is⁶²⁾ soos ה gebou van mense - aangeleer -⁶³⁾ daarom sal die wysheid van hulle wyses vergaan en die insig van hulle verstandiges verborge wees."

Hierdie woorde word gerig aan Ariël d.i. óf die tempelpersoneel óf die inwoners van Jerusalem.⁶⁴⁾ Dit gaan oor hulle wyse van eerbetoon aan Jahwe. Dit wil voorkom asof dit veral gaan oor die feit dat die מִצֹּת só beklemtoon word, dat hartsgesteldheid nie ter sake is nie.

Daar het waarskynlik ה priesterklas bestaan, die sg. תַּנְּבִיאֵי הַתּוֹרָה, ongeveer gelyk aan die סֹפְרִים, wat o.a. die uitleg van die Tora waargeneem het.⁶⁵⁾ En hierdie priesterlike Tora was min gemoeid met die

hartsgesteldheid en veel meer met rituele reinheid.⁶⁶⁾ Waarskynlik het Jesaja ook deel uitgemaak van die פְּרִים van die koninklike hof⁶⁷⁾ en het daarom juis baie in kontak gekom met hierdie Tora-uitleggers, waartydens hy met hulle in diskussie gegaan het.⁶⁸⁾

Die tendens by die "wyses" om Jahwe-geloof uit te druk i.t.v. die wet is duidelik in die Psalms:⁶⁹⁾ Vgl. Ps. 112:1 waar יְרָא אֶת יְהוָה verduidelik word deur בְּמַצּוֹתַי חִפְּץ מֵאֵד; Ps. 119:63: יִרְאוּךָ as die שְׁמֵרֵי פִקּוּדֶיךָ; 119:79: יִרְאוּךָ as die יִדְעֵי עֲדוֹתֶיךָ; Ps. 128:4: יְרָא יְהוָה as die הֵלֶךְ בְּדַרְכָּיו. Moontlik polemiseer Jesaja teen hierdie lering as sou dit moontlik wees om ontsag/gehoorsaamheid aan Jahwe te verkry deur die aanleer van gebooië: daarom dat die חֲכָמָה juis genoem word.

h Verdere aanduiding van Jesaja se gemoeidheid met die wysheids-terminologie is Jes. 11:2v.:

וְנָחָה עָלָיו רוּחַ יְהוָה
רוּחַ חֲכָמָה וּבִינָה
רוּחַ עֲצָה וּגְבוּרָה
רוּחַ דַּעַת וִירְאֵת יְהוָה:
וְהָרִיחוּ בִירְאֵת יְהוָה
וְלֹא לְמִרְאָה עֵינָיו יִשְׁפּוֹט
וְלֹא לְמַשְׁמַע אֲזִנָּיו יִוְכִיח׃

Hierdie gawes⁷⁰⁾ word beloof aan die sg. spruit van Dawid; dus h koninklike opvolger.⁷¹⁾ Die gawes wat hy ontvang, is vir die regering van die Bondsvolk.

Maria Knepper⁷²⁾ se etimologiserende verklaring van hierdie gedeelte is van weinige waarde en dit kan hier buite rekening gelaat word.⁷³⁾


Die kombinasie חֲכָמָה/בִּינָה, wat ook by die wysheidsliteratuur so ingespan word (Vgl. Spreuke 1:2-7) het ook voorgekom by Jes. 29:14. חֲכָמָה en עֲצָה is aan die ander kant twee woorde wat herhaaldelik voorkom in die sg. "succession narrative."⁷⁴⁾ Wysheid is onontbeerlik vir h koning en עֲצָה "raadgewinge"⁷⁵⁾ is wat hy van sy raadgewers ontvang. Hierdie "raad" staan somtyds gelyk met die woord van God (2 Sam. 16:23).⁷⁶⁾

Die דַּעַת handel soms oor die verhouding tussen die Godsvolk en God, somtyds oor hulle verhouding onderling⁷⁷⁾ en word ook as h verbondsterm


gebruik.⁷⁸⁾ In dié bepaalde konteks wil dit egter voorkom asof h ander betekenis aan דערך gehê word nl. "ootmoed."⁷⁹⁾

Sintakties is die twee verse egter nie so maklik om te verstaan nie. Hier is h aaneenskakeling van h hele reeks "genitiewe" konstruksie. Belangrik is om op te merk dat dit gaan om die "rus" van die Gees (נחה) op die koning (עליו), m.a.w. dat die beskrywing wat volg h verhouding tussen die Gees en die koning stel. h Verhouding wat die hoedanighede van vs. 3 tot gevolg sal hê. Dié verhouding Gees-tot-koning is kousaal van aard. Die gees rus die koning toe met bepaalde kwaliteite. M.a.w. die reeks "Gees van ..." wil nie die Gees beskryf nie, maar die koning.

Daarom sal hierdie konstruksie soos volg verstaan moet word:



Hierdie voorstelling sou die konseptuele struktuur van Jes. 11:2 kon wees. Die gedeelte wat tussen hakies binne die vierkante voorkom, is dieptestrukturele byvoorstellings. Aan die hand hiervan is dit nou moontlik om ook die dieptestrukture van die enkele samestellende dele te ontleed:



h Moontlike vertaling is die volgende:

"Op hom rus die Gees van Jahwe
h Gees wat hom wysheid en insig gee
van raad en moed 80) voorsien (en hom)
ootmoed en gehoorsaamheid aan Jahwe gee,"


"Naamlik deur hom te begeester⁸¹⁾ met gehoorsaamheid aan Jahwe, sodat hy nie regspreek volgens wat sy oë sien nie Ook nie oordeel volgens wat sy ore hoor nie."

Dan volg die verdere uitvloeiing nl. om aan die armes en eenvoudiges reg te laat geskied, h kwaliteit wat reeds vroeër bespreek is.

So beoordeel, sien die relaterende intermedieë struktuur van רוח ויראת יהוה רוח אשר נתן עליו דעת

ורוח אשר נתן לו ליראה את-יהוה;

Die transformasie tot h oppervlaktestruktuur kan soos volg voorgestel word:



Hieruit word nou duidelik:

1. Dat יראת h genominaliseerde infinitief is en dat dit dus, indien nodig, verbaal vertaal kan word.
2. Die funksie van die waw in vs. 3 by וְהָרִיחוּ' nl. eksplikatief. Wat volg, is h verklaring van die voorafgaande: vgl. § 2.3.2 van hoofstuk 1 by Deut. 8:6, waar וְלִירֹאָה as "לח" deur Hom te gehoorsaam" opgeneem word.
3. Die rede waarom die וְהָרִיחוּ 1.) infinitief is nl. om as modale frase te dien (vgl. Deut. 8:6: לִירֹאָה) en 2.) kousaal is : As samevatting van die voorafgaande is die Gees hier die kousale Faktor, soos wat die genitiewe konstruksies van vs. 2 bedoel was.
4. Die betekenis van die suffiks וְ (הָרִיחוּ): nl. die onderganer van die aksie soos wat hy ook in vs. 2 veronderstel was.
5. Die opvolgende waw (וְלֹא) is ewe-eens eksplikatief: die resultaat van die begeesting.

Die rede waarom die onderdanigheid/gehoorsaamheid aan Jahwe herhaal word, moet blykbaar gesoek word in die feit dat dit juis een van die

basiese leerstukke van die Wysheid was (Spr. 8:13; Vgl. 1 Sam. 14:20; 1 Kon. 3:9; 4:29v. en daarby Jes. 10:13.)

En dit was een van die basiese trekke van die Wysheid om terug na die Mosaïese tradisie te wys en daarmee aan te knoop by Deuteronomium en die profete.⁸²⁾ Daarom sou dié oproep tot gehoorsaamheid h oproep tot vasal-skap kon wees.

Dis onwaarskynlik dat hierdie gedeelte vroeër as Jesaja ontstaan het⁸³⁾ en onnodig dat dit exilies hoof te wees.⁸⁴⁾ Jesaja se eie kontak met die wysheid was genoeg om hierdie uitsprake te kon maak.

Jes. 33:6 staan in h konteks wat as post-exilies beskou word.⁸⁵⁾ Die ooreenkoms wat hier met Jes. 24-25 bestaan, kan op h gelyke tydvak dui. Dit is egter nie noodwendig dat lg. gedeelte post-exilies is nie. Die post-exiliese datering word veral gaknoop⁸⁶⁾ aan vs. 20-24 vanweë die verwysings na blindes en lammes wat aan die stryd deelneem; die Grieks-Meditereense vloot; die "standvastige" tentpenne; ens. Geeneen van dié argumente hoof deurslaggewend te wees nie:

In Keret (Ugarit) se leër het ook lammes en blindes en pasgetroudes meegetrek (Krt. 96-103); die "skepe" kan ook Nylbote⁸⁷⁾ wees en dus nie noodwendig van laat oorsprong nie; die beeld van tentpenne wat uitgetrek word, kom ook voor in Gen. 33:12 (J) as aanduiding dat h plek verlaat word. Dié uitdrukkings hoof dus nie aanleiding te gee tot post-exiliese datering nie. Wel is die ooreenkoms met Jes. 24-27 en Jer. 51 moontlike rede tot h exiliese datering.


Die hoofstuk (Jes. 33) is in elk geval opgebou uit h hele aantal spreuke⁸⁸⁾ en is moeilik as h eenheid te reken.

Die ooreenkoms tussen Jes. 11:2-3 en Jes. 33:6 is egter so ooglopend dat dit heel waarskynlik van dieselfde outeur (Jesaja) kom:

Jes. 11:2	33:6
רוח חכמה ובינה	חכמת
רוח דעת ויראוב יהוה	ודעת יראת יהוה

Ten minste blyk hieruit dat die outeur van Jes. 33 soos dié van Jes. 11 beïnvloed was deur die Wysheid.

Die konstruksie kan as volg verstaan word:



Hier word חכמת ודעת as 'n hendiadis opgeneem sodat dit as 'n eenheid in die st. estr. staan voor die cliché יראת יהוה. Só sal dit beteken: "Insigwysheid m.b.t. gehoorsaamheid aan Jahwe." In sy geheel gesien, lui vs. 6 dan:

"En daar is bestendigheid in jou tyd,
voorraad en hulp.
Insigwysheid m.b.t. gehoorsaamheid aan
Jahwe is sy sterkte."

Hierdie vrede tyd staan teenoor die oordeel oor die vreemde nasies. Aan sy volk sal Jahwe wysheid gee wat nodig is om te verstaan hoedat hulle Hom moet gehoorsaam: d.w.s. insig in die wet. Ook hier pas die verwysing na die gebruik in die Psalms om die wet as parallel van die יראת יהוה te sien.

2.1.2. Samevatting

Die nominale יראה is duidelik 'n verdere transformasie van 'n meer uitgebreide verbale infinitief-vorm.

Verder is dit ook duidelik dat יראה (יראתם; יראת יהוה) in verband staan met:

1. Die wysheidsliteratuur;
2. Die wet van Jahwe; en
3. Die regeerder van die volk/die volk self.

Die gehoorsaamheid aan Jahwe is 'n tipiese Deuteronomistiese verbondsvereiste en kan veral t.o.v. die uitsprake waarin die koning vermeld word, só opgeneem word. Dit dien ook as 'n term in die kultiese verering van Jahwe (Jes. 29:13).

2.2 Die periode 630-605

2.2.1 Jeremia

Jeremia 32:39-40 is reeds breedvoerig behandel (1.2.2), maar dit is nodig om weer aandag te gee aan vs. 40:

"Ek het 'n ewige verbond met hulle gesluit,
deur/om aan/vir hulle goed te doen.

Die laaste twee sinsnedes toon ooreenkoms met Jer. 31:31-34. Dáár word die wet in die hart gegee sodat dit nie meer nodig sal wees dat hulle vir mekaar hoef te leer nie: פֶּלֶם יִדְעוּ אֹתִי כִּי דָעוּ אֶת־יְהוָה. Hierdie laaste twee sinne is in betekenis dieselfde as לִבְלֹתִי מִן־מַעַלִּי: "Sodat hulle nie van My afwyk nie." Dus is ook hier 'n parallel van "wet" en יִרְאָה

Die spesifieke uitdrukking אֶת־יִרְאָתִי kan soos volg uiteengesit word:

אֶתְךָ (תּוֹרָתִי) בְּלִבְבֶךָ לִירְאָה אֹתִי
> אֶתְךָ בְּלִבְבֶךָ יִרְאָה לִי
> אֶתְךָ אֶת־יִרְאָתִי בְּלִבְבֶךָ (Omstelling)

Daarna word (ter wille van klem?) die sin in sy geheel omgestel:

אֶת־יִרְאָתִי אֶתְךָ בְּלִבְבֶךָ

Die transformasie לִי יִרְאָה dui daarop dat die suffiks aan יִרְאָה (nl -i) genatief is, sodat die twee frases vertaal kan word met:

"En Ek sal gehoorsaamheid aan My in hulle hart gee sodat hulle nie van My afwyk nie."

2.3 Die periode 593-520

2.3.1 Jesaja III

In Jesaja 63:17⁸⁹⁾ kla die volk Jahwe by Homself aan omdat Hy hulle sou verlaat het. En hierdie aanklag word gemotiveer uit die Verbondsproloog (vs. 12-14). Juis vanweë hierdie agtergrond word die aanklag nie as Godslastering gesien nie. God word hierdeur nie verkleineer nie, maar geprys.⁹⁰⁾ Vanweë hierdie juridiese agtergrond van die verbondsaanklag en die lofprysing daaraan verbonde, verskil hierdie aanklag hemelsbreed van die sg. Prometheus-verwyte wat in die Ou Nabye Ooste aangetref is. Daarom is dit misplaas om t.o.v. Ou-Testamentiese gebed van Prometheus-verwyte te praat.⁹¹⁾ Juis met hierdie verwyte betoon die Ou-Testamentiese gelowige hom binne die verbondskring. Hulle is bekommerd dat hulle uit die verbondskring uitgesluit sal word:

לִמָּה תִּתְעַנּוּ
יְהוָה מִדְּרָכֶיךָ
תִּקְשִׁיחַ לְבָנוּ מִירְאָתֶךָ⁹²⁾
שׁוּב לִמְעַן עֲבֹדֶיךָ
שׁוּבִי נַחֲלֹתֶיךָ:⁹³⁾

"Waarom laat U ons afwyk
 Van u weë, (o) Jahwe!⁹⁴
 Maak u ons hart ongevoelig om u nie
 te gehoorsaam nie
 Keer terug ter wille van u knegte
 die stamme van u nalatenskap."

Feitlik in dieselfde trant vra Abduheba beskerming by sy Grootvors (Amarnabriewe 287/8) en sluit sy klag af met: "U onderdaan en u seun is ek." Origenes kom die motivering vir die gevraagde hulp ook ooreen:

Jes. 63

- 16: Want Abraham weet nie van ons nie en Israel ken ons nie. U, Jahwe, is ons Vader. "Ons Verlosser" is van ouds af U Naam.
- 18: Ons teëstanders het U heiligdom vertrap.
- 19: Ons het geword soos hulle oor wie U nie van ouds af gehers het nie, oor wie U Naam nie uitgeroep is nie.

Amarna 288

- 14: Nog my vader nog my moeder, maar die magtige arm van die koning het my aangestel in die huis van my vader.
- 39: Geen regent het vir die koning, my heer, oorgebly nie: alles is verlore.
- 29: Ek word soos h Habiru behandel en ek het die oë van die koning nie gesien nie

Hieruit is dit dus duidelik dat ירה hier in h verbondskonteks gebruik word. Die gebed is in sy geheel h deel van h verbondsliturgie.

Die ירה אלהי can verstaan word as:

< (תקשיח לבנו) למען לא ירחנו אתה: < (-) לא ליראה אתה * <
 (-) מן יראה לה * < מן יראתה:

2.4 Samevatting

¹√-y-r-'- word hier uit h verbale funksie van die dieptestruktuur getransformeer tot h nominale vorm in die oppervlaktestruktuur wat dikwels moeilik in Afrikaans as nominale vorm weer te gee is.

Sommige van die tekste is moeilik dateerbaar (bv. Jes. 11:2; 33:6) sodat h "chronologiese" uitspraak bemoeilik word. Dit is egter duidelik dat hierdie vorm in die tydperk 760-520 gebruik is deur die profete. Dit is waarskynlik dat dit later ook bestaan het, soos blyk uit die wysheidsliteratuur. In die profetiese boeke word dit egter nie weer gebruik nie. Waar dit wel voorkom, is dit in die kultus aangewend en soms ook duidelik in h verbondsverband.

3. 1√-y-r-'- in nominale funksie (אָרָא).

3.1 Die periode 593-520

3.1.1 Jesaja II

Jes. 50:10 word beskou as 'n interpolasie om die Kneglied (50:4-9) aan 'n spreuk van Deuterojesaja te koppel.⁹⁵⁾ Hierdie opvatting kan alleen gehuldig word indien die Knegliedere inderdaad 'n aparte eenheid is en nie van die hand van Deuterojesaja kom nie. Daarbenewens is dit ook onseker wanneer die interpolasie gemaak is, sodat in hierdie geval alleen gekonstateer kan word dat אָרָא in Jes. 50:10 gebruik word.

מִי בְכֶם יִרְאֵה יְהוָה
 שָׁמַע בְּקוֹל עַבְדּוֹ
 אֲשֶׁר הִלְךְ חֹשְׁכִים
 וְאֵין נֶגֶה לוֹ
 יִבְטַח בַּשֵּׁם יְהוָה
 וַיִּשְׁעַן בְּאֱלֹהָיו :

"Wie is daar onder julle wat Jahwe gehoorsaam?
 Wat ag gee op die stem van sy kneg?
 Laat hy wat in duisternis wandel,
 Vir wie daar geen lig is nie
 Vertrou op die Naam van Jahwe
 ja, hom verlaat op sy God!"

Dis onduidelik aan wie dit gesê word: aan die proseliete of aan Israel self. Die laaste sin met אֱלֹהָיו veronderstel in elk geval dat dié persone verband het met die Jahwe-geloof. Treffend is ook die sinspeling op die kontrasterende lig en duisternis. Dit kan óf as 'n metafoor opgeneem word wat dan slegs vir die spesifieke gedeelte gemunt word óf dit kan dui op die verlossing uit slawerny⁹⁶⁾ en daarmee die uittoegeskiedenis veronderstel.


Die parallel met שָׁמַע maak egter duidelik dat אָרָא hier "gehoorsaam" beteken.⁹⁷⁾ Op die transformasionele karakter van die vorm sal in die volgende paragraaf ingegaan word.

3.2 Die periode 465+

3.2.1 Maleagi

Nadat die woord van Jahwe tot die volk gekom het, praat 'n sekere groep

van die volk nl. die יראי יהוה onder mekaar (3:16). Hierdie mense word deur Jahwe beskryf i.t.v. h seun wat sy vader dien. Dit maak die יראי יהוה meteens duidelik: "Hulle wat Jahwe gehoorsaam":



Die transformasieproses is hier baie duidelik:

יראו את יהוה <
 (היו) יראים את יהוה <
 (היו) יראי יהוה:

Wanneer Jahwe die name van hierdie gehoorsames opgeteken het, sal dit maklik wees om te onderskei tussen hulle wat Hom dien (עבד יהוה) en die wat Hom nie dien nie (לא עבדו) (vs. 18). Vs. 16 noem ook hierdie mense חשבי שמו "hulle wat op sy Naam ag gee." Uit hierdie gegewens is dit baie duidelik dat ירא "gehoorsaam" beteken en geen "vrees"-element inhou nie. Uit die vervolg van die hoofstuk word dit ook duidelik dat hierdie "gehoorsames" diegene is wat die verbond van Jahwe respekteer:

(ג) זרחה לכם
 יראי שמי
 שמש צדקה
 ומרפא בכנפיה
 ויצאתם ופשתם
 כעגלי מרבק:

Dit is interessant om daarop te let dat צדק o.a. ook h juridiese begrip is nl. "gemeenskapstrou": h Begrip wat spruit uit die verbondsfeer⁹⁸⁾ en uit die internasionale reg.⁹⁹⁾ Verder dien daar op gelet te word dat die Hetitiese grootkonings die "son" genoem word in die vasalverdrae. Die "son" kon dus hier dien as simbool van die Grootvors Jahwe wat in trou/lojaliteit oor diegene wat Hom gehoorsaam, sal skyn.¹⁰⁰⁾ Tegelyk is die sonneskyf met vlerke h baie ou en algemene simbool van h godheid¹⁰¹⁾ wat beskerming verleen.

Die "genesing" wat daar in die skaduwee van die vlerke is, kan gesien word as beskerming deur die godheid. Die skaduwee van sy vlerke moet nie

verwar word met 'n ander uitdrukking nie nl. ina silli ša šarri "in die skaduwee van die vors/koning" wat sosiale status aandui.¹⁰²⁾

Hulle wat Jahwe gehoorsaam deur sy verbondsbepalings te hou, sal beskerming geniet onder die vlerke¹⁰³⁾ van Jahwe. Hy is tegelyk die Grootvors en die God van Israel en word daarom met hierdie simbool aangedui.

3.3 Samevatting

$^1\sqrt{-y-r-}$ word in nominale funksie aangewend om die mense wat die bevel van Jahwe gehoorsaam, aan te dui. Daarom kan dit alleen "gehoorsaam" of iets dergelyks beteken. Daar is geen vreeslement by betrokke nie. Maleagi gebruik dit op só 'n wyse dat dit voorkom asof dit binne 'n bepaalde verbonds-religieuse sfeer gebruik is.

Dit is ook duidelik 'n gedeverbaliseerde vorm $\text{יְרֵא יְהוָה > יִרְא אֶת יְהוָה}^*$

4. $^1\sqrt{-y-r-}$ in nominale funksie (מִוְרָא)

4.1 Die periode 760-725

4.1.1 Jesaja

Jes. 8:12, 13 lui soos volg:

(12) לֹא תִאמְרוּן קֶשֶׁר לְכֹל אֲשֶׁר יֹאמֵר
הַעַם הַזֶּה קֶשֶׁר

וְאֵת מוֹרָאוֹ לֹא תִירָאוּ

וְלֹא תִעַרְצוּן ;

(13) אֵת יְהוָה צְבָאוֹת אֱתוּ תִקְדִּישׁוּ

וְהוּא מוֹרְאֵכֶם וְהוּא מִעַרְצֵכֶם :

12) "Jy mag nie "sameswering"¹⁰⁴⁾ noem alles wat hierdie volk "sameswering" noem nie. En sy vors 104a) mag jy nie gehoorsaam nie Ook nie eer 105) nie.

13) Jahwe¹⁰⁶⁾ van die leërmagte Hóm moet julle heilig 107) Want Hý is julle Vors en Hý is julle Verhewene."¹⁰⁸⁾

Hierdie gedeelte is uitgespreek tydens die Siro-Efraïmitiese oorlog. Die teksemendasies soos voorgestel (o.a. deur Fohrer),¹⁰⁹⁾ is onnodig. Jahwe hou Homself nie as 'n Bedreiger voor nie, maar juis as Verbondsgod¹¹⁰⁾

wat sý aandeel in die verdediging sál hê. Die volk moet egter sorg dat Hy en nie ander konings nie, gehoorsaam word. Daarom die kategoriese verbod om die ander vorste as vorste te erken. Daarom word die volk ook opgeroep na "die wet en die voorskrif" (vs. 20) sodat hulle streng by daardie bepalinge sal hou.¹¹¹⁾ Diegene wat dit van die hand wys, sal deur die verbondsvloek getref word: honger, benoudheid, duisternis en veragting¹¹²⁾ (vs. 21-23).

Die verbondskonteks staan dus bo alle twyfel vas. Ook dat ירא hier nie met "vrees" te doen het nie, is duidelik. מוראכם kan soos volg verklaar word:

הוא אשר היקים יראה לו) בכם
 אשר היקים יראה בכם
 אשר יראה בכם (werkwoordskrapping)
 אשר יראכם (skrapping van preposisie)
 מוראכם (nominalisering)

4.2 Die periode 465+

4.2.1 Maleagi

In Maleagi 2:5 word מורא vir "ontsag" gebruik: die "ontsag" vloei voort uit die verbond wat Jahwe gegee het. Só het Hy aan die betrokkenes ontsag gegee. Die feit dat dit nie by hulleself ontstaan het nie (vgl. יראה), verklaar waarom h" kousale" prefiks benodig is.

Mal. 1:6 lees:

בן יכבד אב ועבד אדניו (113)
 ואם אב אני איה כבודי
 ואם אדנים אני איה מוראי;

Die verbondskonteks van hierdie teks staan vas: daarvan getuig die verkiesingsgedagte,¹¹⁴⁾ die "liefde" vir "Jakob," die kneg-heer en die vader-seun-gedagte.¹¹⁵⁾

"h Seun eer sy vader
 en h kneg gehoorsaam sy heer:
 As Ek h vader is, waar is my eer?
 As Ek h heer is, waar is my ontsag?"

מורא kan hier verstaan word as h kousaal-gestruktureerde vorm van יראתכם לי. Die kousaliteit lê in sy heerskap. Dit sou ook weergegee kon word met:

"Waar is julle gehoorsaamheid vir My?" waar die kousale faktor die wet is.

4.3 Samevatting

Hoewel נורה baie selde gebruik is, is dit tog uit die enkele gevalle waar dit wel voorkom, duidelik dat dit geen vreeselement inhou nie.

Die "kousale" prefiks (-ם) dui daarop dat dit (נראה) 'n reaksie is op 'n objektiewe gegewe, meesal die "wet" of die stipulasies van die verbond.

5. 1√-y-r-'- in adjektiewe funksie

5.1 Die periode 760-725

5.1.1 Jesaja

Die Egiptiese afvaardiging na Palestina word in Jes. 18:2, 7 beskou as נורה. Hulle is groot mense¹¹⁶⁾ en hulle farao, Shabaka, het die Egiptiese dinastie weer verenig.¹¹⁷⁾ Self is hulle onverskrokke mense wat selfs met klein bote die Nyl aandurf¹¹⁸⁾ en is daarom werd om "indrukwekkende nasie" genoem te word.¹¹⁹⁾

5.2 Die periode 630-605

5.2.1 Sefanja

Nadat Jahwe Moab en Ammon gemaak het soos Gomorra - 'n veld van brandnekels en soutpanne¹²⁰⁾ (2:9) omdat hulle Israel "beskimp" het, sal Jahwe vir hulle aanbiddenswaardig word: vs 11:

נורה יהוה עליכם
כי רזה את כל-אלהי הארץ
וישתחונו-לו איש במקומו:

"Ontsagwekkend/wonderlik sal Jahwe vir hulle wees:
Want elke god van die aarde het weggekwyn.
Dan sal hulle voor Hom neerbuig
elkeen in sy heiligdom."

נורה (Nif'al) sal as 'n refleksief opgeneem moet word: Jahwe is uit Homself ontsagwekkend.

5.3 Die periode 593-520

5.3.1 Esegiël

In Esegiël 1:18, 22 word die gesig wat Esegiël tydens sy roeping gehad het, as נראה beskryf, en wel t.o.v. die "wiele": ויראה: "גביהן וגבה להם ויראה":
: "גביהן וגבה להם ויראה": Hier moet להם waarskynlik as dativus commodi opgeneem word en die sin dan vertaal word met:

"En hulle vellings was hoog - ontsaglik - en hulle vellings was geheel vol vonke."¹²¹⁾

Vs. 22 beskryf die krone van die wesens wat geblink het soos הקרח הנורה Die Afrikaanse Bybelvertaling is hier korrek met: "wonderlike kristal," of "asemrowende kristal".¹²²⁾

Dit is dus duidelik dat נורה geen vrees-element inhou in hierdie geval nie en dat יראה, al is dit h nominale vorm, as adjektief gebruik kan word.

5.3.2 Jesaja III

Jesaja 64:2 beskryf die ongelooflikheid van die epifanie van Jahwe wanneer Hy נוראות sal verrig. Hierdie vorm sal ook as ש.נ.נ. kan geld: "wonderlikhede," maar kan ook verstaan word as מעשיות נוראות (Vgl. die teks (בעשיות נוראות): "wonderlike dinge." (Vgl. Deut. 10:21; Ps. 106:22).

5.4 Die periode 465+

5.4.1 Maleagi

In Mal. 1:14 word dié een wat minagtend h verminkte dier aan Jahwe offer, vervloek: כי מלך גדול אני אמר יהוה צבאות ושמי נורה בגוים

"Want Ek is h groot koning (die Grootkoning?) sê Jahwe van die leërmagte, en my Naam is ontsagwekkend vir die nasies/heidene"

Selfs die heidene het ontsag vir Hom: daarom moet die volk van Jahwe soveel te meer sy stipulasies wat Hy as Grootkoning gegee het, nakom.¹²³⁾ Dan volg in hoofstuk twee die vermaning aan die priesters.

Mal. 3:23 beskryf die "dag van Jahwe" as הגדול והנורה. Waarskynlik moet dit as hendiadis opgeneem word: "die ontsagwekkend-grote."

5.5 Die periode 400+

5.5.1 Joël

In Joël 2:11 word נורה, anders as in 3:4 waar dit voorkom soos in Maleagi: הגדול והנורה, in poëtiese parallelismus met גדול gebruik:

כי גדול יום יהוה
ונורה מאד ומי יכילנו:

In al hierdie gevalle verhinder die verband met גדול om "vrees" in נורה te lees.¹²⁴⁾ (Vgl. ook Ps. 131:1; Deut. 10:21 ens. waar גדולות vir "groot dade" gebruik word.) Die dag van Jahwe is vir die ware Israeliet geen verskrikking nie, maar h bemoediging.

5.6 Samevatting

נָרָא word gebruik om enigiets of -iemand wat groots is, te beskryf: So die Egiptenare en die visioen van Esegïël. Maar veral die daad van Jahwe is "ontsagwekkend/ontsaglik."

6. Algemene Samevatting van Hoofstuk 3

6.1 Die strukturering van /-y-r-'-/ tot woorde

¹√-y-r-'- word tot woorde gestruktureer deur byvoeging van dieselfde morfeme as wat in Hoofstuk 2 par. 6.1 beskryf is. Daar is een toevoeging nl. h prefigurale paradigmatische kategoriale morfeem /m/ met h kousale funksie (מִרְאָה) waarby die vokaliëse opeenvolgende segmentale morfeem /-ô-ā/ gevoeg word, waar /-ô-ā/ allomorf van /-a-i-/ is (מִקְטִיר).¹

Die betekenis van hierdie klankvormlikes is egter feitlik die teenoorgestelde van dié in Hoofstuk 2 bespreek. ¹√-y-r-'- be-teken hier:

- "gehoorsaam wees/eer betoon" (verbaal);
- "Ontslag/respek" in nominale funksie of "Ontslagwekkende" "Vors" wanneer die prefiks /m-/ aangevoeg word. In alle gevalle is dit gedeverbaliseerde vorme;
- "Ontslagwekkend/wonderlik" in adjektiewe funksie. In hierdie geval funksioneer die prefiks /n-/ as h aanduider van h refleksiëse handeling of h mediale handeling: נָרָא, sodat dit as adjektief h wesenskwaliteit uitdruk.

Die nominale vorm is te verklaar as h transformasie uit h generatiewe verbale aanvangspunt: יָרָא יְהוָה > יָרָא יְהוָה² > יָרָא אֶת יְהוָה, terwyl die aangevoegde suffikse die onderganer van die "eerbetoon" aandui: לִירְאָה < יָרָא "Hulle wat Hom gehoorsaam/eer." So ook met die vorm לִירְאָה (inf.) waar die suffiks dieselfde funksie vervul: (om) U te gehoorsaam"; הִוְרָא אֶתְּנוּ < מִוְרָאוֹ "gehoorsaamheid aan my," ens. So ook מִוְרָאוֹ < הִוְרָא אֶתְּנוּ*, maar die suffiks hieraan bv. מִוְרָאוֹכֶם, dui besitting aan "julle Vors."

6.2 Kultuur-historiese evaluering.

יָרָא word gebruik in kontekste waar die verbondsgedagte h groot rol speel, asook in kontekste waar die kultus ter sprake kom.

Dit is interessant om daarop te let dat dit veral Jeremia is wat יָרָא as h spesifieke verbondsterm gebruik en daarmee baie sterk ooreenkoms toon met Deuteronomium.

אָר is deurgaans 'n term van die religieuse lewe en stel 'n gehoorsaamheidsverband tussen die volk en Jahwe. Die raamwerk waarin hierdie verhouding uitgewerk word, is dié van die internasionale reg, met name die vasalverdrae.

Dit is baie opmerklik dat dié term met uitsondering van Jes. 50:10 (wat van onsekere oorsprong is) glad nie deur Deuterojesaja gebruik word nie. Trouens in die hele periode 593-520 is dit net in Jes. 63:17 waar 'n juridiese konteks aan אָר verleen word (nl. die sg. Rib-patroon).

Tog kan hier geen "evolusie-patroon" t.o.v. die juridies-religieuse gebruik van אָר vasgestel word nie, behalwe dat dit by Jeremia 'n hoogtepunt bereik.

=====

VERWYSINGS

1. Vgl. I. Mendelsohn, Samuel's Denunciation of Kingship in the Light of the Akkadian Documents from Ugarit, BASOR 143 (1956) 17-22.
2. O. Eissfeldt, Introduction, 386.
3. דברו דברים "woorde spreek" kom uit die verbondsterminologie (Vgl. W.L. Moran, Treaty Terminology, JNES, 22 (1963), 175) en word baie nou geskakel met eedswering (Akkadies adē: Vgl. W. von Soden, Akkadisches Handwörterbuch, 1965, 14a; W.F. Albright, Jahweh and the Gods of Canaan, 1968, 92; W.L. Moran, JNES, 22 (1963) 173; Vgl. Hebreeuse תהי נא אלה Gen. 26:28: ונכרתה ברית עמך;
 In hierdie vers staan אלה in apposisie met דברים as h bywoordelike bepaling by die geheel. אלה word gebruik by verdrae tussen gelykes of meerdere-mindere verdrae: J. Scharbert, «Fluchen» und «Segnen» im Alten Testament, Biblica 39/1 (1958) 5 (1-26).
4. קרת ברית : die infinitief kan deur sy onbepaaldheid juis h spesifieke verbond op die oog hê.
5. Opgeneem as waw konsekutief.
6. א sou miskien beter pas: "in die vore" vgl. Hos. 12:12.
7. Vgl. G. Fohrer, Der Vertrag Zwischen König und Volk in Israel, ZAW, 71 (1959) 17 (1-22); G. Widengren, King and Covenant, JSS, 11/1 (1957) 1-22.
8. Bv. met Resin of met Assur (Vgl. 12:2).
9. Die idee van BH³ om die tweede reël na vs. 2 te verplaas kan sinvul wees, maar geniet geen tekssteun nie. Ook moet A. Deissler (Les petits Prophetes, La Sainte Bible, 8 (1961), 99) se gedagte nl. dat vs. 3 'n Deuteronomistiese interpolasie is, afgewys word. Vgl. C. van Leeuwen, Hosea, 206v.
10. Die noue verband tussen die Jahweverbond en die koning se verdrag met die volk blyk duidelik uit 2 Kon. 11:17; vgl. 2 Kron. 23:16 waar Jojada h verbond sluit tussen Jahwe en die volk én tussen Joas en die volk. Die huidige keuse van die volk is dus vir die eerste. Vgl. ook: W. Rudolph, Hosea, KAT 13/1 (1966), 193: "en die koning self - wat het hy vir ons gedoen?"
11. Die tyd van die charismatici of selfs die woestyntyd word hier geïdealiseer. (Vgl. Hos. 2:13).
12. Jes. 25:1-5 toon treffende ooreenkoms met Psalms waarin die magtige dade en trou van Jahwe besing word: A.R. Johnson, The Psalms, OTMS, 164. Daar is ook verskil van mening oor die "egtheid" van Jes. 24-27; vgl. G. Fohrer, Der Aufbau der Apokalypse des Jesajabuches (Is. 24-27), CBQ 25 (1963) 34-45 en daarteenoor: A.H. van Zyl, Isaiah 24-27: Their Date of Origin, OTWSA (1962) 44-57.
13. Vir ערי as "gesiene" sien Jes. 8: 12, 13 in par. 4.1.1. Dit is nie nodig dat עריצים of עריצים geskrap word soos Duhm wil nie.
14. Die LXX vertaal tereg met εὐλογηθεῖτε; Vgl. Buhl, Jesaja ad loc., "Aerbødighed."

15. Vgl. F.C. Fensham, *Widow, Orphan, and the Poor in Ancient Near Eastern Legal and Wisdom Literature*, JNES 21 (1962), 130, 133, 137 (129-139).
16. Vgl. M. Bogaert, *Les Suffixes Verbaux Non Accusatifs dans le Sémitique Nord-Occidental et particulièrement en Hébreu*, Biblica 45 (1964) 220-247.
17. Vgl. B. Stade, *Micha i, 2-4 und vii, 7-20, ein Psalm*, ZAW, 23 (1903) 163-171; H. Gunkel, *Der Micha-Schluss*, ZS 2 (1924) 145-178.
18. Vgl. O. Eissfeldt, *Ein Psalm aus Nord-Israel (Micha vii, 7-20)* ZDMG, 112 (1963) 259-268; vgl. *Introduction*, 412.
19. Vgl. vir dié uitdrukking, L. Koehler, KBL, sub פה.
20. Hierdie ooreenkoms in die reaksie van die heidene stel duidelik die verwantskap tussen Miga en Deuterojesaja: óf lg. het by e.g. oorge-
neem, óf die uitdrukking was oor ongeveer 150 jaar in gebruik, óf
die twee gedeeltes stam uit dieselfde tyd. Vgl. egter ook Jes. 25:3:
Ook oor die datum van dié gedeelte is daar onsekerheid.
21. Vgl. J. Schoneveld, *Zefanja iii, 5m*, Nieuwe Theologische Studien, 22
(1939) 253-7 vir dié vertaling; vgl. ook: J.B. Bauer, *Ps. 119, 105a*
als Lämpcheninschrift, ZAW 74 (1962) 324 vir die wet as lig vir die
volk.
22. Vgl. C.J. Labuschagne, *Some Remarks on the Translation and Meaning of*
'amartî in the Psalms, OTWSA 5 (1962) 27-33 vir (אמר תי) as "dink".
23. Vgl. KBL sub פקד
24. Uit: W.F. Albright, ANET, 486 no. 254.
25. Vgl. K. Gross, *Hoseas Einfluss*, NKZ 42 (1931) 241-256; 328-343;
N. Lohfink, *Gottes Erbarmen in der Erfahrung des Alten Testaments*,
GeL 29/6 (1956) 414 (408-416).
26. Vgl. B. Maarsingh, Het Huwelýk in het Oude Testament, 1963, 134-147
veral 141-143; K. Dronkert, Het Huwelýk in het Oude Testament, 1957,
99; Vgl. ook G. Fohrer, *Umkehr und Erlösung beim Propheten Hosea*,
TZ 11 (1955) 161-185.
27. Vgl. K. Gross, NKZ, 42 (1931) 340: "Dieser (der Bund vom Sinai) wird
bei Hosea als Ehebund mit Jahwe hingestellt." Vgl. ook: S. Herrmann,
Die Ursprünge der prophetischen Heilserwartung im Alten Testament,
TLZ 83/9 (1958) 641-642.
28. Hierdie (ובכל נפשך) ובכל לבך kom ook in Deuteronomium voor bv. Deut.
10:12 en is 'n juridiese term van die vasalverdrae bv. *ina kul libbi*;
ina gamurti libbi. Sien vir die twee uitdrukkings onderskeidelik:
E.F. Weidner, *Politische Dokumente aus Kleinasien*, Boghazköi-Studien 8,
1923, no 60:17-19; 61:23; 70:11vv.; D.J. Wiseman, Iraq 20 (1958)
51vv., 169.
29. A. Weiser, Jeremia I, 28.

30. Sien H. Ringgren in H. Ringgren en W. Zimmerli, Sprüche/Prediger, ATD 16/1 (1962) 18 met die literatuur daar aangehaal.
31. Dit is interessant dat hierdie hoofstuk juis as 'n verbondspreek getipeer word: A. Weiser, Jeremia I, xxiv; G. Fohrer, Einleitung, 440.
32. Die gebruik van die see is baie interessant. Dit sou later een van die groot gedagtes by Deuterojesaja word. Vgl. O. Kaiser, Die Mythische Bedeutung des Meeres, BZAW 78 (1959) 140v.
33. Hierdie "bewe" (לִּי) hoef nie met angs gepaard te gaan nie vgl. Baumgartner, HAL, sub voce.
34. Vgl. A. Hurwitz, The Chronological significance of 'Aramaisms' in Biblical Hebrew, IEJ 18 (1968) 234-240.
35. Vgl. P. Volz, Studien zum Texts des Jeremia, 1920, 85, hoewel één manuskrip nie gewig dra nie.
36. Vgl. W. Tannert, Jeremia und Deuterojesaja, TLZ 83 (1958) 725v.
37. Vgl. A. Weiser, Jeremia I, 87-88 met literatuur aldaar.
38. Vgl. C.J. Labuschagne, The Incomparability of Jahwe in the Old Testament, 1966, 142-149.
